NED GEREF
TEOLOGIESE
TYDSKRIF

CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Christelike Lektuurfonds is gestig met die doel om die evangelie van Jesus Christus deur middel van Christelike leesstof in Afrika-tale, sowel as Afrikaans en Engels, te versprei. CLF is self verantwoordelik vir die befondsing van publikasies en dienste. CLF stel pamflette en bedieningsmateriaal in verskeie tale vir bediening in en van gemeentes van die NGK-familie beskikbaar. Die inhoud en fokus van die literatuur het 'n missionêr-diakonale gerigtheid en wil diens lewer in die koninkryk van God.

Bedryfshoof: Christelle Vorster – Christelle@clf.co.za
Bestellings: Esther van Biljon – order@clf.co.za

Kontakbesonderhede:
Christelike Lektuurfonds
Privaatsak X19 Wellington 7654
(021) 873 6964
(021) 864 3678
info@clf.co.za
www.clf.co.za

Bosman, HL
Universiteit Stellenbosch

Die Nederlandse Geloofsbelydenis / *Confessio Belgica* en die Bybel in 1561[1]

ABSTRACT

The Belgic Confession and the Bible in 1561

As part of the celebration of the *Confessio Belgica* (450 years after it was written) this contribution focuses on the hermeneutical frame presupposed by and interpretation of the Bible in the confession. It is clear that Guido de Bres (main author of the confession) was well read and was able to formulate the confession in such a way that it resonated with the protestant communities of faith in the southern Netherlands – what initially was intended as a polemical attempt to distantiate themselves from the Anabaptists soon became accepted a confession of faith. The *Confessio Belgica* does not quote directly from Scripture but refers to biblical verses and phrases by means of free association. The use of Scripture in the *Confessio Belgica* is pre-critical because the literal sense of the Bible is paramount and it does not reflect self critically in terms of its own presuppositions – this does not imply that the confession is intellectually suspect or deficient! The question is also posed whether the *Confessio Belgica* can continue to be understood as a "repetition of Sacred Scripture" or must it be held accountable for the way in which it interpreted Scripture in the sixteenth century to maintain relevance in the twenty-first century?

1. INLEIDING

Die vraag na die samehang tussen die "Nederlandse Geloofsbelydenis" (NGB) en die Bybel kan op verskillende maniere geïnterpreteer word. In hierdie artikel val die klem op die verstaan van die Bybel ten tye van die opstel van die NGB en word dit aan die leser oorgelaat om na te dink oor watter bydrae die NGB lewer tot die eietydse nadenke oor Skrifinterpretasie en geloofsgemeenskappe se voortdurende uitdaging om toepaslike artikulerings van hulle geloofsoortuiging te genereer.[2]

Na 450 jaar vorm die NGB steeds 'n betekenisvolle deel van die belydenisgrondslag van talle denominasies met 'n Gereformeerde grondslag.[3] Eietydse nadenke oor die betekenis van die

---

1 Die artikel is gebaseer op 'n openbare lesing tydens die amptelike herdenking in die Fakulteit Teologie, Stellenbosch, van die 450 jarige bestaan van die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* op 22 November 2011. Die viering was in die vorm van 'n openbare simposium, waartydens prof. Dirkie Smit en prof. Robert Vosloo ook voordragte gelewer het. Die openbare voordrag is gedeeltelik aangepas in die lig van Emile Braekman en Erik de Boer (reds), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden,* Utrecht, Uitgeverij Kok, 2011 se herdenkingsbundel wat eers na die openbare simposium toeganklik was. Daarbenewens is voetnotas met verwysings bygevoeg ter wille van akademiese gebruik deur lesers. In die titel word daar na die "Nederlandse Geloofsbelydenis" sowel as die *Confessio Belgica* verwys omdat laasgenoemde veral in vakliteratuur buite Nederland en Suid-Afrika gebruik word.

2 Die vraag na die eietydse belang van die NGB word meer deur die bydrae van prof. Dirkie Smit, "Die Teologiese Inhoud van die *Confessio Belgica* vandag" aangespreek.

3 In die Suid-Afrikaanse gereformeerde konteks publiseer JA Heyns in 1992, *Inleiding tot die Dogmatiek*

betrokke belydenis sal baat vind by 'n studie oor die Bybelinterpretasie wat ten grondslag van die Nederlandse Geloofsbelydenis lê omdat dit interpreteerders in die 21ste eeu bewus maak van die hermeneutiese konteks waarbinne die NGB ontstaan het.[4]

Daar word eers gelet op die hermeneutiese agtergrond van die Skrifgebruik in die Geloofsbelydenis, met spesifieke klem op die invloed van Johannes Calvyn en die Franse Geloofsbelydenis (*Confessio Gallicana*) van 1559.[5] Daarna word ondersoek ingestel na die verwysing na die Bybel in die Belydenis – veral die bespreking van die oorsprong, gesag en duidelikheid van die Skrif in artikels 2-7. In 'n vorige studie van die Skrifgebruik in die NGB is ook nagegaan hoe die verwysing na Bybeltekste gebruik was om bepaalde aspekte van die Belydenis in Artikels 8-37 te motiveer.[6]

2. HERMENEUTIESE AGTERGROND VAN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS (NGB)

Wie was die opsteller van die NGB, Guido De Bres, en watter invloede was bepalend vir sy hermeneutiek wat ten grondslag van sy Skrifgebruik lê?[7] Opsommend kan daar op die volgende aspekte van sy lewensloop gelet word wat waarskynlik sy manier van Bybelinterpretasie beïnvloed het:

De Bres is waarskynlik in 1522 in die suidelike Nederlande (vandag België) in Bergen (Mons) gebore en kom voor 1547 tot bekering. Daar word gespekuleer dat De Bres aanvanklik as "glas-in-loodschilder" sy brood verdien het en dat hierdie ambag 'n goeie kennis van die Bybel veronderstel het.[8] Hierdie persoonlike Bybelstudie sou dan aanleiding tot sy bekering op 'n volwasse ouderdom kon gegee het.[9]

Kort na sy bekering tot die Protestantisme vlug De Bres na Engeland uit vrees vir moontlike

---

aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis, Pretoria: NGKB. Prof. Heyns stel dit onmwonde in die Voorwoord dat die NGB nog steeds 'n "rigtinggewende belydenisgeskrif van ons kerk" is. Die vraag tot watter mate die NGB steeds dieselfde rigtinggewing in die 21ste eeu bied, word deur die ander bydraes van Proff Smit en Vosloo in hierdie uitgawe aangespreek.

4 Die opmerking probeer nie eietydse lesers van die NGB vervreem nie maar poog wel om 'n historiese en teologiese bewussyn te kweek om die belydenisskrif binne die konteks van sestiende eeuse Skrifverstaan te begryp wanneer nagedink word oor hoe die NGB vir vandag relevant is.

5 SA Strauss, "Die Nederlandse Geloofsbelydenis," in FM Gaum *et al* (reds), *Christelike Kernensiklopedie.* Wellington: LuxVerbi BM, 789.

6 HL Bosman et al, *Die Nederlandse Geloofsbelydenis – Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik.* Pretoria: UNISA, 1987. Die navorsingsprojek het voortgevloei uit die behoefte om teologiese navorsing meer interdissiplinêr te bedryf en om 'n bydrae te lewer tot die besinning rondom belydenisskrifte in kerke wat op gereformeerde teologiese grondslag berus. Naas die bespreking van die dogmahistoriese, kerklike en politieke omstandighede waarbinne die NGB ontstaan het, is daar ook spesifieke aandag verleen aan Skrifuitleg in die sestiende eeu en 'n gepaardgaande bespreking van hoe die Ou en Nuwe Testament deur die NGB gebruik is om dogmatiese leerstellinge te verduidelik en te motiveer.

7 In die suidelike Nederlande het persoonsname dikwels 'n Nederlandse en Franse vorm gehad en daarom was Guido De Bres ook as Guy de Bray bekend. GP van Itterzon, "Bres, Guido De (Guy de Bray)," in D Nauta, *Biografisch Lexicon voor de Geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme* Deel 2. Kampen: JH Kok, 1983, 97-100. Terselfdertyd moet ook kennis geneem word dat plekname in die suidelike Nederlande dikwels 'n Nederlandse (Vlaamse) en Franse (Waalse) vorm gehad het: bv Rijsel (Lille) en Doornik (Tournai).

8 In samelewings met min geletterdheid was die gebrandskilderde glasvensters in Middeleeuse kerke en katedrale die prenteboeke wat die Bybel vir swak geletterde gemeentelede geïllustreer het. Guido se vader, Jean De Bres, was ook 'n glasskilder gewees en dit was nie ongewoon dat 'n seun dieselfde ambag as sy vader beoefen het nie.

9 E Braekman, "De Jeugd van een Bergenaar," in Emile Braekman en Erik de Boer (reds), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden,* Utrecht, Uitgeverij Kok, 2011, 34 – 51.

vervolging. Vanaf 1548-1552 kry hy as deel van sy teologiese opleiding in London ook lesings in Hebreeus en Grieks wat sy studie van die Ou en Nuwe Testament verdiep.[10] Hierdie opleiding geskied aan die Instituut vir Profesie waar die Waalse (Franssprekende) studente weekliks 'n Bybelboek behandel het en deur Galterus Deloenus oor die Hebreeuse teks van die Ou Testament en Johannes a Lasco oor die Griekse teks van die Nuwe Testament onderrig is.[11]

Na vier jaar in London keer De Bres terug na die Nederlande en vanaf 1552 tot 1556 tree hy as predikant in die suidelike Nederlande op met besondere sukses in die gemeente van Rijsel (Lille) wat voorheen deur Lutherane bearbei was.[12] Dit is gedurende hierdie tydperk dat De Bres sy eerste boek in 1555, *Le Baston de la Foy chrestienne* ("Die stok / wapen van die Christelike geloof") publiseer waarin hy klem daarop lê dat die Bybel die enigste bron van alle wysheid is en nie die kerklike leertradisie nie.[13] Hierdie boek was in reaksie op Nicole Grenier se *Le bouclier de la foy* ("Die skild van die geloof") wat bestaan het uit 'n apologie teen die Kerkhervormers met aanhalings vanuit die Bybel en die Vroeë Kerkvaders ter ondersteuning vir die Rooms Katolieke dogma.[14]

Gedurende die tydperk 1556-1558 ondergaan De Bres verdere teologiese opleiding in Duitsland (Frankfurt) asook in Switserland (vermoedelik onder andere onder Theodore Beza in Lausanne en Johannes Calvyn in Geneve).[15] Sommige kerkhistorici is versigtig om ongenuanseerd 'n sterk Calvinistiese invloed op De Bres te veronderstel aangesien daar weinig persoonlike kontak met Calvyn was. Hoewel daar geen gedokumenteerde bewyse daarvoor is nie, word vermoed dat De Bres klasse en preke van Calvyn bygewoon het en dat daar minstens een brief van Calvyn in sy boekery gevind is.[16] De Bres was dus Calvinisties sonder om 'n slaafse navolger en naprater van Johannes Calvyn te gewees het – daarvoor was hy te belese en was sy kennis van die Kerkvaders en talle ander Hervormers te omvangryk.

Die indirekte invloed van Calvyn op De Bres word gevind in die belangrike rol wat die Franse Geloofsbelydenis (1559) op die *Confessio Belgica* gehad het en waarvan Calvyn ook een van die opstellers was. Daar is 'n ooglopende ooreekoms tussen die voorblaaie van die *Confessio Gallicana* en die *Confessio Belgica* met bykans dieselfde bewoording en aangehaalde teksgedeelte (1 Pet

10 K Exalto 1987. *In het Rechte Spoor. Inleiding tot de Nederlandse Geloofsbelijdenis.* Kampen: Kok, 13 beskryf hoe Engeland in die regeringstyd van Edward VI 'n toevlugsoord vir Hervormingsgesindes was en dat De Bres hom by die Franssprekende deel van die Nederlandse vlugtelingsgemeente in London aangesluit het.

11 E Braekman 2011, "Het Toevluchtsoord in London," in Emile Braekman en Erik de Boer (reds), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden,* Utrecht: Kok, 52 – 62.

12 JL Oosthuizen, "Guido Des Bres," in FM Gaum et al (reds), *Christelike Kernensiklopedie.* Wellington: Lux VerbiBM, 209-210.

13 E Braekman 2011, "Predikantswerk in Rijsel," in Emile Braekman en Erik de Boer (reds), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden,* Utrecht, Uitgeverij Kok, 75-89 wys ook uit dat Des Bres se eerste publikasie aan die gemeente van Rijsel opgedra was.

14 Exalto, *In het Rechte Spoor*, 17 dui aan dat Des Bres se eerste publikasie juis probeer het om met behulp van aanhalings vanuit die kerkvaders soos Augustinus en die Bybel die Roomse aantygings teen die Protestantisme te weerlê.

15 Begrippe soos "Duitsland" en "Switserland" word hier ietwat anachronisties gebruik omdat die Europese geopolitieke konteks van die sestiende eeu in talle opsigte beduidend van die 21ste eeu verskil.

16 NH Gootjes 2007, *The Belgic Confession. Its History and Sources.* Grand Rapids: Baker Academic, 62 omskryf versigtig die moontlike invloed van Calvyn op De Bres: " Guido de Bres read at least one book written by Calvin, owned at least one book by him, and exchanged at least one letter with him. He may have met him in Strassbourg, and more likely in Geneva. But classifying de Bres exclusively as a student of Calvin does not reflect the actual situation. He was in contact with more Reformed theologians, and he owned books written by a variety of theologians including some outside of the strictly Calvinistic tradition."

3:15). Rohls is van mening dat die Franse Geloofsbelydenis "intensifies Biblicism in the sense of a formal scriptural principle" en in dieselfde verband verwys hy na die NGB as 'n belydenis waarin "the biblicistic scriptural principle took an even more intensified form."[17] Die Franse Belydenis verwys na 'n dubbele openbaring (Skepping en Skrif), terwyl die NGB verwys na 'n dubbele kennis van God deur sy werke (skepping) en woorde (Skrif). Volgens die Franse Geloofsbelydenis word die spesiale of besondere openbaring onderskei van die algemene openbaring na aanleiding van meer helderheid oor wat openbaar word. In die NGB word die besondere openbaring in die Skrif nie net as helderder as die algemene openbaring beskou nie, maar ook as 'n voller of meer omvattende openbaring.[18]. Hoewel die *Confessio Gallica* na die Apokriewe boeke as "nuttig" verwys, lys die *Confessio Belgica* hierdie boeke en laat dit die Kerk toe om te gebruik in soverre dit in ooreenstemming met die Kanonieke boeke is.[19]

Tydens die nag van 1 en 2 November 1561 word 'n pakkie oor die vestingmuur van die kasteel van Doornik (Tournai) gegooi. Die inhoud van die pakkie was 'n brief aan die owerheid (kommissarisse van die landvoogdes) en 'n geloofsbelydenis wat in die opskrif aanspraak gemaak het dat dit met die instemming van Nederlandse gelowiges gemaak word.[20] Die aanvanklike bedoeling van die opstelling van die NGB in 1561 was dat dit in samehang met die begeleidende brief 'n verontskuldiging teenoor die Spaanse besetters van die Nederlande behels het dat die Calviniste nie met die onstuimige Wederdopers verwar moet word nie. Gou het die helder formulering van die belydenis aanklank by die Nederlandse Protestante gehad en is dit by daaropvolgende sinodes met geringe wysigings aanvaar.

Dit is moeilik om met enige mate van noukeurigheid De Bres se teologiese verwysingsraamwerk te rekonstrueer in terme waarvan die NGB opgestel is.[21] Die kerklike kommissarisse wat na die bekendmaking van die NGB ondersoek na De Bres ingestel het, ontdek in Januarie 1562 De Bres se biblioteek met die boeke wat hy na alle waarskynlikheid tydens die formulering van die NGB benut het. Sommige van die belangrikste skrywers van wie boeke in die De Bres versameling gevind is, is: Bucer, Bullinger, Calvyn, Luther, Melanchton, Oecolampadius en Zwingli.[22] Watter hervormer het die sterkste invloed op de Bres en die NGB uitgeoefen? Sybrand Strauss het onlangs die Calvinistiese invloed opnuut beklemtoon omdat hy duidelike ooreenkomste tussen die NGB se struktuur en teologiese argumentasie en die *Institusie* van Calvyn bespeur: (a) die Trinitariese indeling aan die hand van die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees; (b) die sogenaamde openbaringshistoriese ontplooing binne die Bybel vanaf die skepping en sondeval in Genesis, deur die verlossing in die Evangelies tot die laaste oordeel in Openbaring.[23]

---

17 J Rohls 1998. *Reformed Confessions. Theology from Zurich to Barmen* (Columbia Series in Reformed Theology). Louisville: Westminster John Knox, 17.

18 Rohls, *Reformed Confessions,* 32 tref 'n belangrike onderskeid tussen die Franse Geloofsbelydenis en die NGB se Skrifbeskouing: "For the French Confession, special revelation is distinguished from general revelation solely by the former's greater degree of clarity (*clairment*)… By contrast, the Belgic Confession characterizes the special knowledge of God not only as clearer (*plus manifestement*), but also as fuller (*pleinement*)…

19 Meer aandag vir die Skrifgebruik van die NGB word in die derde deel van die artikel gevind.

20 L Doekes 1975. *Credo. Handboek voor de Gereformeerde Symboliek.* Amsterdam: Ton Bolland, 55 is versigtig om nie te aanvaar dat De Bres self die pakkie oor die kasteelmuur gegooi het nie ("heeft de Bres een exemplar van de belijdenis met een begeleidend schrijven over die buitemuur van het kasteel in Doornik geworpen of laten werpen").

21 Dit is buitendien nie altyd duidelik watter dele van die NGB deur De Bres geskryf is en watter dele of sinsnedes die resultaat van latere sinodale redaksies is nie.

22 Gootjes, *Belgic Confession,* 18-19: "The library also contained papers with notes in French and Latin. The committee noted that the handwriting was familiar to that of the letter thrown into the castle… This provided convincing proof that the letter had been written by Guido de Bres."

23 SA Strauss 2008. "Die Nederlandse Geloofsbelydenis," in FM Gaum et al (reds), *Christelike*

In 1565 verskyn De Bres se omvattendste publikasie, *La racine, source et fondement des Anabaptistes* ("Die wortel, oorsprong en grondslag van die Wederdopers"), waarin veral die Hervorming se verbondsleer verduidelik word. Hierdie laaste boek van de Bres beslaan 920 bladsye en is opgedra "Aan die Kerk van onze Heere Jezus Christus, die verstrooid is in de lage landen."[24]

Tydens 'n sinode in Antwerpen (1566) word die NGB met enkele veranderings aan die teksverwysings as belydenis aanvaar. Hierna is die NGB in Duits en Latyn vertaal en eers in 1581 gelas die Sinode van Middelburg dat 'n Nederlandse vertaling van die *Confessio Belgica* gemaak word.[25]

Na 'n kort verblyf in Antwerpen verskuif De Bres later in 1566 na Valenciennes waar hy 'n effektiewe bediening in samewerking met Peregrin de la Grange van stapel stuur.[26] Na 'n beleg van enkele maande word Valenciennes deur die Spanjaarde verower en de Bres word in die gevangenis geplaas terwyl die aanklagte teen hom ondersoek is. Guido de Bres word in 1567 deur die Inkwisisie skuldig bevind en op 31 Mei in die openbaar voor 'n groot skare aan 'n galg opgehang.[27]

Samevattend: Die NGB was vanuit die staanspoor as 'n Calvinistiese belydenis bestempel en daarom het selfs die kerklike kommissarisse, wat aan die einde van 1561 moes ondersoek instel na die naamlose NGB, bevind dat dit "vol van die soort foute en perverse leerstellinge van Calvyn" is.[28] Die keuse om die NGB primêr binne 'n Calvinistiese verwysingsraamwerk te verstaan is tiperend van talle bestaande verklarings van die NGB wat dit teen die agtergrond van Calvyn se teologie probeer verduidelik.[29] In die hieropvolgende bespreking van die Skrifgebruik van die NGB sal gepoog word om te midde van die onmiskenbare sterk invloed van Calvyn ook aan te dui dat die NGB meer as net 'n blote herhaling van die ietwat ouer Franse Belydenis was en dat dit as die produk van 'n belese teoloog, Guido de Bres, verstaan moet word.

3. SKRIFGEBRUIK IN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS (NGB)

Op die voorblad van die 1561 uitgawe van die NGB staan daar die volgende (vertaal uit Frans):

Kernensiklopedie. Wellington: Lux Verbi BM, 789.

24 E Braekman 2011, "Wortel, Oorsprong en fundament van de Wederdopers," in Emile Braekman en Erik de Boer (reds), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden,* Utrecht, Uitgeverij Kok, 199 – 207. Dit is belangrik om op te let dat "Wederdopers" as 'n versamelnaam gebruik word vir "alle 'protestanten' die niet behoorden tot een geïnstitueerde kerk…" (p. 200).

25 PJS De Klerk 1954. *Gereformeerde Simboliek.* Pretoria: Van Schaik, 49 bied 'n verhelderende opsomming van hoe die Sinode van Veere op 'n Franse en Nederlandse weergawe naas mekaar besluit het en dat "hierdie edisie op die Dordse Sinode gebruik is" – in weerwil van die druk van die Remonstrante.

26 Doekes, *Credo,* 56-57.

27 E Braekman 2011, "Laaste bediening in Valenciennes," in Emile Braekman en Erik de Boer (reds), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden*, Utrecht, Uitgeverij Kok, 249 – 289; E Braekman 2011, "Het 'gelukkige' einde van een martelaar," in Emile Braekman en Erik de Boer (reds), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden,* Utrecht, Uitgeverij Kok, 310 – 329. Meer inligting oor die martelaarsdood van de Bres kan gevind word in Jean Crespin, *Histoire des martyrs,* 1570.

28 Gootjes, *Belgic Confession,* 59: "When the commissioners in Doornik found a copy, they reported that it was 'full of all kind of errors and perverse doctrine of Calvin."

29 'n Sterk samehang tussen die NGB en Calvyn word oa deur die volgende twee skrywers veronderstel: ADR Polman 1948-53. *Onze Nederlandse Geloofsbelydenis Volumes I – IV.* Franeker: Wever; C Vonk 1955-56, *De voorzeide leer: De Nederlandse Geloofsbelydenis I en II.* Barendrecht: Drukkerij Barendrecht.

Geloofsbelydenis

gemaak met die gemeenskaplike ooreenkoms van
gelowiges in die Nederlande, wie begerig was om
te leef ooreenkomstig die suiwerheid van die
evangelie van ons Here Jesus Christus.

Daarop volg 'n drukkersmerk met die aanhaling van 1 Petrus 3:15 ("Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking vra oor die hoop in julle lewe"), maar met geen aanduiding van wie die drukker was nie. Op die drukkersmerk word daar 'n ouerige manspersoon afgebeeld wat tussen ruïnes onder wolke staan waarop die Godsnaam *Jahweh* in Hebreeus geskryf staan. Rondom die drukkersmerk staan daar in Latyn geskryf "Alle dinge word oud maar die Here bly altyd dieselfde".[30]

Volgens Gootjes word dieselfde drukkersmerk op twee ander publikasies in 1561 gevind: die eerste publikasie behels 'n Franse Psalter van Clemence Marot en Theodore Beza asook die Franse Belydenis (1559); die tweede publikasie bestaan uit die vierde uitgawe van Beza se belydenis.[31]

In die NGB se 37 artikels word daar in die eerste elf artikels gefokus op die Triniteit en op die Bybel as een van die middele (naas die Skepping) waardeur die Drie-Eenheid geken kan word. Kortliks verwys die NGB soos volg na verskillende aspekte van die Skrif:

• Artikel 2: Die middele waardeur ons God ken – "Tweedens maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome aan ons bekend en wel soveel as wat vir ons in hierdie lewe tot sy eer nodig is en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort."[32]

Volgens Scheffler word Romeine 1:20 aangehaal om die openbaring van God in die natuur te beklemtoon.[33] In teenstelling met die hooftema in 1:18-23 wat fokus op die toorn van God wat geen mens kan ontkom nie, gaan dit in Artikel 2 om die openbaringsmiddele. Wat Paulus as 'n ondersteunende argument gebruik ('n mens kan vanuit die natuur aflei dat God daar is) word die hoofargument by die NGB. Die begrip "woord" is van besondere belang vir die NGB aangesien selfs die natuur as 'n "boek" beskou word waarin God geopenbaar kan word.

• Artikel 3: Die geskrewe Woord van God – "Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Pet 1:21). Daarna

---

30 JN Bakhuizen van den Brink 1976. *De Nederlandse Belijdenisgeschriften. In authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkeningen* Tweede Druk. Amsterdam: Ton Bolland, p VIII

31 Gootjes, *Belgic Confession,* 20. Bakhuizen van den Brink, *De Nederlandse Belijdenisgeschriften,* 11-12 het die drukker van die aanvanklike uitgawe van die NGB as Abel Clemence van Rouen geïdentifiseer.

32 Gootjes, *Belgic Confession,* 154 verduidelik hoe die Sinode van Dordt die uitdrukking "nog duideliker en meer volkome" in die lig van vrae deur die Remonstrante herformuleer het: "the Synod of Dort decided to change the formulation to "more clearly and fully" in the Dutch text. This change shows awareness of the fact that general and special revelation not only differs in clarity, but that special revelation also goes beyond general revelation."

33 EH Scheffler 1987. "Die gebruik van die Nuwe Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis," in HL Bosman *et al, Die Nederlandse Geloofsbelydenis – Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik.* Pretoria: UNISA, 71.

het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy dienaars, die profete en apostels, beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif fe stel en Hy het self met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe.[34] Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif."[35]

Hier word 2 Petrus 1:21 aangehaal (in samehang met die Dekaloog) om aan te toon dat die versameling van boeke (wat mettertyd in artikel 4 gespesifiseer word) die "heilige and Goddelike Skrif" is. In 2 Petrus 1:21 word daar nie na die "Woord van God" verwys nie, maar wel na "geen profesie" nie (waarskynlik verwys die teks nie na die Skrif as geheel nie, maar wel na die profetiese onderdele daarvan – vermoedelik van die Septuaginta en nie na ander dele van die Ou Testament.[36]

- Artikel 4: Die kanonieke boeke van die Heilige Skrif – "Ons vat die heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg: Die boeke van die Ou Testament, naamlik die vyf boeke van Moses … die Psalms van Dawid; drie boeke van Salomo … die veertien briewe van die apostel Paulus …"[37]

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die NGB 'n polemiese snykant gehad het wat na aanleiding van leerstellige verskille in die sestiende eeu verstaan moet word. Die NGB se klem op die Ou en Nuwe Testament waarteen "niks ingebring kan word nie" hou verband met die sestiende eeuse Anabaptiste of Wederdopers wat dikwels die Ou Testament gering geskat het. In teenstelling met die Rooms-Katolieke se insluiting van die apokriewe boeke by die kanonieke boeke, word die apokriewe boeke later in Artikel 6 afsonderlik gelys. Die veralgemenende verwysings na Moses as die skrywer van Pentateug, Dawid van die Psalms en Salomo van Spreuke het in Suid-Afrika weerklank in die Du Plessis-saak gevind as kenmerke van gereformeerde regsinnigheid.[38]

- Artikel 5: Die gesag van die Heilige Skrif – "Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind."[39]

---

34 Gootjes, *The Belgic Confession,* 171 stel vas dat die Franse weergawe van die belydenis die begrip "orakels" of "godsprake" gebruik, terwyl die Nederlandse / Afrikaanse uitgawe dit "geopenbaarde Woord" vertaal.

35 Gootjes, *The Belgic Confession,* 66 toon aan dat artikels 3 en 6, in vergelyking met die Franse Geloofsbelydenis, nuut toegevoeg is ten einde 'n meer uitgebreide formulering van die leerstelling oor die Heilige Skrif te bewerkstellig – die uitbreiding dui waarskynlik op groter klem op die aard en gesag van die Bybel.

36 Scheffler, Nuwe Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis, 71-72.

37 Gootjes, *The Belgic Confession,* 68-69 maak die interessante opmerking dat die verwysing na veertien briewe van Paulus daarop dui dat die opstellers van die NGB Pauliniese outeurskap vir die Brief aan die Hebreërs veronderstel het. Dit was een van die min aspekte waar Calvyn van die NGB verskil het aangesien hy nie Pauliniese outeurskap vir die Hebreërboek aanvaar het nie – 'n aanduiding van Calvyn se goeie eksegese!

38 HL Bosman 1987. "Die gebruik van die Ou Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis," in HL Bosman *et al, Die Nederlandse Geloofsbelydenis – Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik.* Pretoria: UNISA, 55.

39 Gootjes, *The Belgic Confession,* 122 bespreek hoe die aanvanklike belydenis net twee funksies mbt die

Hoewel daar geen uitdruklike aanhaling vanuit die Skrif gemaak word nie, word die taal van Romeine 8:16 gebruik wanneer aangevoer word dat die Heilige Gees in ons harte getuig dat die kanonieke boeke van God is. Hier spreek die NGB direk tot die wêreld van die leser nou en word daar weinig ag geslaan op historiese agtergrond of konteks van die Bybel toe.[40]

- Artikel 6: Onderskeid tussen die kanonieke en apokriewe boeke – "Ons onderskei hierdie heilige boeke van die apokriewe boeke: die derde en vierde boek van Esra; die boek van Tobias, Judit, die Wysheid, Jesus Sirag, Barug, die byvoegsel by die geskiedenis van Ester, die Gebed van die Drie Manne in die Vuur, die Geskiedenis van Susanna, die Beeld van Bel en van die Draak, die gebed van Manasse en die twee boeke van die Makkabeërs. Die kerk mag hierdie boeke lees en daar lering uit trek vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem ... Hulle mag nie in die minste aan die gesag van die ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie."

Die onderskeid wat die NGB tussen die kanonieke boeke as "heilige boeke" en apokriewe boeke tref, is in reaksie op die Rooms-Katolieke tydens die Konsilie van Trent (1546) besluit om kanonieke gesag aan sommige apokriewe boeke toe te ken. Geen Nuwe-Testamentiese apokriewe word in die NGB se lys genoem nie en dit kan verklaar word teen die agtergrond van relatiewe gewildheid van die Ou-Testamentiese apokriewe en dat dit in die Bybel van die Vroeë Kerk (die Septuaginta / Griekse vertaling) opgeneem was. Hoewel die NGB nog die moontlikheid ooplaat dat die Apokriewe tydens die erediens gelees word, het die die Sinode van Dordt (1618-19) aanbeveel dat dit net deur lidmate gelees kan word.[41]

- Artikel 7: Die volkomendheid van die heilige Skrif – "Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, ander leer as wat ons reeds deur die Heilige Gees geleer word nie – ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8).[42] En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is."

Die NGB veronderstel dat 'n verbod om iets tot die Bybel by te voeg of daarvan weg te laat impliseer dat die Skrif volmaak en volkome is en dat Deuteronomium 12:32 as motivering vir so 'n standpunt gebruik kan word. Deuteronomium 12 behels egter 'n reeks voorskrifte wat verband hou met die sentrale heiligdom in Jerusalem waaraan die volk gehoorsaam moet wees en die sogenaamde kanoniese formule, "jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" verwys na die voorskrifte met betrekking tot die sentrale heiligdom en nie na die Ou Testament of die Bybel as geheel nie. Die kanoniese formule stem ooreen met 'n ou Nabye Oosterse

---

Skrif noem (om die geloof te rig en te begrond) en dat die derde funksie "om die geloof te bevestig" eers deur die hersiening in 1566 bygevoeg is. Tydens die 1566 hersiening is die slotfrase wat na "die blindes" verwys ook bygevoeg.

40 Scheffler, Nuwe Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis, 72-73.

41 Bosman, Ou Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis, 55-56. Die Apokriewe was nooit verlore nie (soos advertensies onlangs in Suid-Afrika beweer het), dit het wel binne gereformeerde kringe in onbruik verval!

42 Gootjes, *The Belgic Confession,* 123 het vasgestel dat die oorspronklike Franse weergawe van die NGB na "'n engel uit die paradys" verwys het (tiperend van 'n vrye manier van aanhaling) en dat die 1566 hersiening dit verander het na "'n engel uit die hemel" wat meer met die aangehaalde Gal 1:8 ooreenstem.

oortuiging dat regsbepalings onveranderlik is en dit kom in Assiriese, Babiloniese en selfs Egiptiese regskodekse voor.[43] Die NGB veralgemeen dus die toepaslikheid van die kanoniese formule wat in die Ou Testament as deel van uiteenlopende vermanings gebruik word en maak dit op die volkomendheid van die Bybel as geheel van toepassing.

Galasiërs 1:8 word aangehaal en op die Skrif as geheel van toepassing gemaak. Paulus verwys egter in Galasiërs 1:8-11 na die evangelie soos deur hom verkondig en nie na die heilige Skrif as geheel nie. "Hierdie evangelie van Paulus het die 'genade van Christus' (Gal 1:6) as inhoud en nie die leer oor die volkomendheid en eksklusiwiteit van die Skrif nie".[44]

Dit is veelseggend dat die NGB klem daarop lê dat God die Dekaloog met sy eie vinger geskryf het en dit verleen momentum aan die siening dat God self die outeur van die kanonieke boeke was en dat die waarheid van die Bybel ten diepste in God self gesetel is.[45]

4. SLOT

Die voorafgaande bespreking van die NGB se gebruik van die Ou Testament kan aan die hand van die volgende kenmerke opgesom word:[46]

1. Die NGB se verwysings na die Ou Testament fokus nie op spesifieke boeke of teologiese tradisies nie (5 aanhalings vanuit Pentateug; 4 vanuit die Psalms asook 4 vanuit die Profete. Opvallend geen verwysing na wysheidstradisie nie).
2. Die NGB verwys op 'n vry en fragmentariese aard na die Ou Testament. Hoewel dit gewoonlik teksgewys plaasvind was daar ten tye van die opstelling van die NGB nog nie 'n finale vorm van versindeling nie en het daar nie 'n tradisie bestaan waarvolgens tekste woordliks aangehaal moet word nie..
3. Die NGB maak op 'n voorkritiese manier van die Ou Testament gebruik – dit beteken geensins dat die opstellers van die NGB onkrities of intellektueel minderwaardig was nie. Voorkritiese eienskappe van die NGB kan wel gevind word in die gebrek aan enige erkenning dat die NGB met Skrifaanhalings of –verwysings noodwendig die Skrif (her) interpreteer en nie bloot die "Skrifwaarhede" herhaal nie.
4. Die NGB skenk weinig aandag aan die Ou Testament se oorspronklike literêre en historiese kontekste. Dikwels word die Ou-Testamentiese aanhalings deur middel van 'n proses van veralgemening binne 'n vooropgestelde leerstellige oortuiging ingepas, sonder genoegsame inagneming van die aanhaling se aanvanklike literêre en historiese konteks.
5. Die NGB se verstaan van die Ou Testament word veral deur sestiende-eeuse gereformeerde teologie beïnvloed. Hierdie invloed kan gesien word in die belangrike rol wat die vroeë Kerkvaders op die Reformasie se eksegese gespeel het; die klem op die Nuwe-Testamentiese verstaan van die Ou Testament met die gepaardgaande Christologiese en tipologiese verstaan van die Ou Testament.

---

43 Bosman, Ou Testament en Nederlandse Geloofsbelydenis, 56-57 voer aan dat die NGB se sterk klem op die Skrif gesien moet word teen die agtergrond van die deurlopende polemiek teen die Rooms-Katolieke se waardering vir die kerklike tradisie.
44 Scheffler, Nuwe Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis, 73.
45 Rohls, *Reformed Confessions,* 37 dui op belangrike implikasies wanneer hy argumenteer: "The ante is raised, with the thesis of the divine inspiration of scripture turning in the thesis of God's authorship."
46 Bosman, Ou Testament en Nederlandse Geloofsbelydenis, 66-67.

Daar kan ook in breë trekke na die NGB se gebruik van die Nuwe Testament gekyk word:[47]

6. Die NGB haal dikwels vanuit die briefliteratuur van die Nuwe Testament aan (veral die Hebreërbrief), met weinig aandag vir die Evangelies en Handelinge.
7. Skrifaanhalings bestaan uit frases en fragmente en nie uit verse of perikope in die Nuwe Testament nie.[48] Die NGB se Skrifgebruik vertoon trekke van ooreenkoms met die "*dicta probantia*" metode van aanhaling wat mettertyd deur die Ortodoksie gebruik was.
8. Die onmiddelike leerstellig kontekste van die NGB (apologie tov Rooms-Katolieke Kerk en die Anabaptiste) is van bepalende belang vir die Skrifgebruik van die Belydenis en die aanvanklike historiese konteks van die aangehaalde Skrifgedeeltes is van mindere belang.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is steeds 'n klassieke gereformeerde geloofsbelydenis en is veel meer as 'n teologiese "fossiel" waarin die oorblyfsels van eeue oue hermeneutiese voorveronderstellings behoue gebly het.[49] Ten slotte wil ek die hoop uitspreek dat die herdenking van die 450ste jaar van die NGB 'n bydrae sal lewer om hernude waardering vir die teologiese waarde daarvan te ontwikkel – dat die NGB inderdaad "n staf is om mee te gaan" en nie bloot "'n stok is om mee te slaan" tydens verskille van leerstellige menings nie![50]

---

47 Scheffler, Nuwe Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis, 85-97.

48 Die drukker Robert Stephanus het eers in 1551 van die huidige versindeling gebruik gemaak.

49 E de Boer 2011, "Woord vooraf," in Emile Braekman en Erik de Boer (reds), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden,* Utrecht, Uitgeverij Kok, 7 stel dit soos volg: "In 2011 staan we er in Nederland bij stil dat het 450 jaar geleden is dat de Nederlandse belijdenis geschreven is, en tegelijk staan we dus stil bij de man die een kerntekst van het christelijk geloof schreef die na viereenhalve eeu klassiek is te noemen."

50 Rohls, *Reformed Confessions,* xvi – xvii: Die leerstellige verwysingsraamwerk waarbinne die Skrif geïnterpreteer word, is veral van deurslaggewende belang. Na 450 jaar is daar nog steeds 'n spanning tussen 'n meer meganiese verstaan van die inspirasie van die Skrif (springlewendig in onlangse voorbeelde van biblisisme en fundamentalisme) en 'n meer dinamiese verstaan van openbaring as 'n interaktiewe proses waartydens die Bybel deur die geloofsgemeenskap binne die raamwerk van geloofsbelydenisse (soos die NGB) geïnterpreteer word.

Botma, Gabriël J
Chair: Journalism Department; Publisher: Global Media Journal –
African Edition
Stellenbosch University

Public media and public theology: At loggerheads or partners in complexity?[1]

ABSTRACT

Media criticism, both from inside the journalism and media studies fraternity and outside, such as theology, often depart from reductionist normative functionalist and critical political economy perspectives. Examples from the former perspective include complaints from theologians that the media set the agenda, also relating to matters of religion, and that the content the media provide does not contribute to a healthy, moral and peaceful society. Media researchers who adopt critical perspectives often argue in turn that the media are tied to elite capitalist interests and values and contribute to the marginalisation and suppression of the disenfranchised in the deeply unequal post-apartheid South African society.

Arguing that these and other normative approaches fail to come to grips with the complexity of the media in a postmodern society, this article firstly provides an overview of the field of communication and media studies. Secondly the field of public theology is addressed as an example of an approach in theology that has seemingly tried to narrow the gap between modern and postmodern conceptions of knowledge and research. Thirdly the article outlines complexity theory, as it was proposed by Paul Cilliers in *Complexity and postmodernism* (1998), as an approach to media research that is able to avoid the pitfalls of traditional normative approaches.

In sum the article argues that complexity theory does not preclude a ethical stance towards the role of journalists and the media in society, but that it enables research to deal with uncertainty and the so-called "end of meta-narratives", including Christianity, without succumbing to total relativism.

INTRODUCTION

According to a headline on page 10 in the Afrikaans Sunday newspaper *Rapport* of 19 February 2012, the NG Kerk (Afrikaans for "Dutch Reformed Church") has lost 20 000 members in the last year, and about 10 000 in the year before that, apparently due to the "rapid secularization of urban Afrikaans speakers". By the way, no less than 320 reactions from readers to that single report were posted on the internet-website *of Rapport* before the item was closed for comment (see http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/NGK-lidmate-20-000-minder-in-een-jaar-20120218). Many of the comments related to reasons for leaving the church and various arguments and counter-arguments were expressed – in an often robust manner – to say the least.

But the church is arguably not the only public institution under pressure, and although you might not read about it in the public media all that often, journalism itself is deemed to be in a serious crisis. Many newspapers are rapidly losing circulation and advertising income and especially in the Western World a great number have closed down or reduced staff in an effort

to survive. Serious scholars are already predicting the demise of the professional journalist, to be replaced entirely by the citizen journalist and "User-Generated-Newslike-Content" (Hirst, 2011) in cyberspace.

Will the journalist and the "Dominee" (Afrikaans for reverend) end up begging for food on the same street corner? And on that corner, besides arguing about the formulation, tone and spelling of the beggar's note, what will they say to each other? I leave the contribution of the Dominee to your own imaginations, but for the journalist, I am prepared to act as conduit, all be it on my own terms. As independent researcher of the profession, I will try to steer away from the often reductionist discourse of journalism by using academic jargon and including ample quotations from media studies scriptures in my argument – something I am sure the Dominee will relate to.

The theme we deal with here is analytical perspectives on the relationship between public theology and public media. The reason why the relationship is questioned in the title of this article refers to the unease, even outright hostility, that often exists between the parties.

I can imagine that it must be frustrating for theologians to try and spread the Gospel through the public media. If truth be told, many Christians must be angry that their good name and image are often tarnished by the so-called news values of the public media which result in stories of conflict and scandal to be preferred to "good" or substantive news. Some theologians might also feel that the media are only interested in "celebrities", even in matters of religion, while the rank and file must watch from the side-lines. Furthermore, some social commentators and theologians often take the media to task for content that is regarded as immoral and harmful to their sensibilities, believes or children (see Biernatzki, 2003;Van Rooyen, 2008).

Although the response from journalism practice to complaints from readers, including church goers, is often rather dismissive, aggrieved theologians might find it reassuring that they have strong allies in the journalism and media studies research community. Many media researchers consistently argue that the public media is a undemocratic, inaccessible, sensationalist, commercialised and unethical. Journalism educators, including myself, therefore work hard to instil in their students a sense of civic and ethical responsibility, empathy for the marginalised and disenfranchised and a commitment to make the world a better place.

Thus, the first point to register here is that there exists a noticeable gap between journalism theory and practice, particularly in relation to questions of the ethical conduct of many practitioners.

But before I turn to the substance of media criticism originating from media scholars themselves, a very brief overview of the theoretical field of communication studies must be provided. This will indicate not only the high level of complexity in the field, but how it is often reduced for practical and strategic reasons.

THEORETICAL OVERVIEW

Journalism and media studies is situated within a broad communication studies framework, which includes sub-fields such as inter-personal and inter-cultural communication, political communication, public relations and advertising, amongst others (DeFleur & Dennis, 1994). Even if we narrow the field down to mass communication alone, the scope of paradigms, approaches, theories, models etc. is still too wide to attempt a summation here. But at the risk of oversimplification, two kinds of theories can be distinguished: objectivist and interpretative (Griffin, 2000).

Objectivist theories search for the Truth (with a capitol "T") and try to approach objectivity; they are reductionist, deal with cause and effect (by controlling variables); value explanation

and predictability; require validation and experimentation; and use quantitative methods (ibid.). Interpretative theories, on the other hand, search for different truths; recognise subjectivity and search for multiple meaning within texts (ibid.). They value complexity, understanding and emancipation, and use qualitative methods (ibid.).

Craig (1999) identifies seven communication research traditions – listed here in descending order of objectivity (i.e. becoming more interpretative). First is the socio-psychological tradition, one of the oldest in mass communication, that is interested in cause and effect research, for instance about the harmful effects of violent content on television on children. Second is the cybernetic tradition that had the telephone as inspiration for its theorizing. The well-known Shannon/Weaver-model of linear communication (Shannon & Weaver, 1949) belongs to this tradition. Third we have the rhetorical tradition, which dates back to Ancient Greece and deals with public persuasion. Fourthly there is the semiotic tradition, in which language is theorized as a sign system. The socio-cultural tradition is fifth on the list, and argues that social reality is a construction through language. Sixth is the critical tradition with its critique of capitalism and power; and seventh and last we have the phenomenological tradition, the most interpretative, in which experience is valued above all else and theory develops from the ground upwards.

Roughly corresponding to the split between objectivist and interpretative theories, media studies historically developed along two branches – a positivistic and a critical paradigm respectively (Du Plooy, 1995). Within each branch, but also independent and adjacent to them, a variety of approaches and theories developed, often by incorporating ideas and methods from other disciplines, from philosophy and psychology to linguistics, literature studies and sociology. Examples include technological determinism, information society theory, poststructuralist/ postmodern, postcolonial and Afro centric approaches and normative theories (Fourie, 2007).

Within these reduced paradigms two popular theories, namely normative functionalism, part of the positivist tradition, and critical political economy, a critical theory variant, are often operational. Normative functionalism presumes that the media should contribute to social cohesion, development and well-being by performing its assigned functions well – such as providing constructive information, education and entertainment, as well as allowing media access to different social actors and groups in order to achieve "pluralism" and strengthen democracy (Fourie, 2007). On the other hand critical theories of political economy argue that the mainstream capitalist media are inevitably tied to elite power and interests and will therefore work against the emancipation of the marginalised and disenfranchised in society (ibid.).

As I tried to indicate above, there are numerous interesting developments ongoing between the somewhat dated signposts of functionalism and (certain variations of) critical theory. Particularly noticeable are certain critical-cultural approaches that have incorporated post-structural theories as for example, by Foucault and others on the links between discourse, power and knowledge (Foucault, 1990). Valuable influences from sociology include the field theory of Bourdieu, which produces important insights regarding the place of media as a structured field of cultural production related to other fields of power and influence in society (Bourdieu, 1989).

However, despite these many divergent views in media studies, public debates on the performance of journalists and the media in general often still centres on rather dated and reductionist conceptions of the role of the media in society. This is rather difficult to understand, especially in light of so many profound changes in the media and journalism around us for at least the last decade and more.

CITIZEN JOURNALISM

With the rise of the internet and forms of new and social media this so-called bottom-up approach

to journalism has gripped the imagination of many critics of industrial mainstream journalism. The title of a recent book by Dan Gillmor (2004), *We the media,* captures this idea. Especially in the last decade the perceived boundary between the mass media and mass audiences has broken down considerably, to the extent that commentators like Gillmor now talk of "the people formerly known as the audience".

Also for the church, it is now possible to publish itself in the public domain to a far greater extent that was ever possible. In other words, access is no longer under the exclusive control of the so-called gate-keepers of the public media. The role, activities and performance of members of the NG Kerk on the internet and social media, including Facebook, are for instance currently the focus of post-graduate research at the journalism department of Stellenbosch University. Traditional print outlets of the church, such as the *Kerkbode* and some academic journals, have established an online presence.

Perkins (2004:236) states that there can be no doubt that one of the most prominent aspects of the Christian narrative 'and one which has provided an excuse for the exclusion of the Jews, has been its association with the idea and mythology of nationalism, in particular, the claim that a nation has replaced the Jews as the Chosen People under the new Covenant of Christianity'. As already mentioned, a dominant narrative of the Afrikaner was (and in a certain sense is still) its identification with the Old Testament's Israelites as 'God's chosen people'. The quality of the relationship between many Afrikaners (those that regard a group of 'the Voortrekkers' at the Battle of Blood River as representative of the Afrikaner) and God grew deeper after the vow that was formulated on the eve of the battle. The victory of the Voortrekkers at Blood River was according to them a supernatural sign from God that he accepted and legitimised their idea of being his people. They therefore regarded the Afrikaners as a nation ('volk') that has a mandate and responsibility to play a specific role as Christians on the southern tip of Africa. To play that role demands from them to collectively remain united (and racially 'pure'), a belief that concurs with God's expectations of the Old Testament Israelites.

An example of a racist discourse as a product of socio-discursive praxis that emphasises the narrative of the Afrikaner as a nation that should stay 'racially pure' like the people of the covenant of the Old Testament is evident in the remarks of a prominent Afrikaner, Prof. G. Cronjé during the 1940s (Cronjé 1947:75). According to Cronjé the Afrikaner developed what he called an 'instinct' during the course of the South African history not to give preferentiality to mixed marriages. It was discourses like this that influenced the Afrikaner's thoughts and the way they talked, reasoned and conducted themselves during the apartheid years. One of the missions of the white Afrikaner was therefore a constant battle to protect the 'white' race from extinction. Therefore Cronjé cautioned the white Afrikaners to refrain from miscegenation and warned the whites in South Africa of the dangers of the infiltration ('insypeling') of non-white blood and the dire consequences of such 'misdeeds' to the future of the white race (Cronjé 1947:82). This is one example of discourse that developed in the Afrikaner culture to what Zimmerman and Dickerson (1994:223) regarded as a 'dominant narrative'.

5. THE IMPACT OF DISCOURSE: THE LEGITIMISATION OF THE APARTHEID IDEOLOGY

As already mentioned, the role of theologians in the legitimisation of apartheid ideology with an apartheid theology should never be underestimated. The Afrikaner accepted these influential discourses as 'objective truths', because prominent theologians claimed publicly that the apartheid ideology was on a par with the message of the Bible. Only a small number of theologians within the reformed tradition, such as Prof. B.B. Keet strongly disagreed with, and were opposed to the hermeneutics of apartheid theologians (Brits 2006:42). Despite the efforts

of a minority group of theologians and Afrikaners who rejected the apartheid ideology, the majority of Afrikaners accepted the dominant 'truth'. Weingarten (1995:9) stated that it is difficult to depart from discourse that has developed within a culture to the status of a 'dominant story'. This state of affairs also illustrates that reality and truth are culturally determined constructions. This explains how dominant stories influenced the majority of Afrikaners' thoughts by directing how they (the politicians, theologians and prominent leaders) talked and reasoned with regard to issues that concur with their internalized frame of reference.

The majority of Afrikaner theologians during apartheid expressed some degree of racialising within their discourses. The majority of them were influenced by the views of Abraham Kuyper who was a Dutch politician, journalist, statesman and theologian. He was the Prime Minister of the Netherlands between 1901 - 1905. Ministers and religious icons of the Reformed Church such as S du Toit and JD du Toit ('Totius'), and prominent theologians of the Dutch Reformed Church such as William Nicol and E.P. Groenewald (Cronjé 1947) can be viewed as scholars who were inspired by Kuyper's views and the discourse of the 'neo-Calvinist' (Brits 2000) or 'Kuyperian Calvinism' (Jonker 1989:26). Kuyper developed his theology against the background of French and German imperialism. In his work *'Antirevolutionaire Staatkunde'* (Kuyper 1916: 494), God's diversification in creation is emphasised. This discourse formed the basis of the justification of apartheid as acceptable truth and the creation of an apartheid theology.

The discursive themes in the work of Kuyper's *'Het Calvinisme'* (1898:28), presented the white race ('the self') positively while he perceived the black race ('the others') invariably negatively. This concurs with Van Dijk's (1993) statement that self-glorification in comparison with the 'others' is not unfamiliar with regard to acts of racism. As already mentioned, a feature of racism is the notion that hierarchies exist among humans – there is a clear distinction between the superior 'self' and the inferior 'other'. As an example, Kuyper explains the history of the 'blessed' families/tribe of Shem and Yaphet (not mentioning the blood of Ham - only that Ham did not receive the 'prophetical blessing'). This reminds of the theory that Noah's sons represented the three 'pigmentations' of humanity (Goldenberg 2003:145) i.e. Shem (the ruddy races – Shem the Akkadian *samu* – 'red'), Japhet (Heb. *yaphet*) and Ham (dark races). This concurs with the viewpoint of the early white inhabitants of North America, they argue that the three sons of Noah were the progenitors of the Black, Red and White races respectively (Foutz 2000:6). According to Goldenberg (2003:146), not one of these etymological suggestions is acceptable. JD du Toit (Totius), son of S. du Toit - a Reformed Church theologian who was, like his father, under the influence of Kuyper's views (Brits 2006; Kinghorn 1986) - refers to the savageness ('barbaarsheid') of Africa as a result of the curse of the tribe of Ham (Du Toit 1955:4). This is an attempt to claim that whereas Ham was cursed, people of colour are cursed. This claim utilises descriptive as well as prescriptive hermeneutics, drawing its claim directly from the historic narrative. These remarks can be regarded as a justification of a speaker or writer's prejudice.

Du Toit delivered a paper on Genesis one during a Congress of the Nation held in Bloemfontein in 1944, referring to God as the 'Skeidingsmaker' or 'Divider'. He collaborated with other theologians during the congress to justify apartheid ideas as norms that are in line with Scripture. These arguments were based on superficial hermeneutics (Kinghorn 1986:179) and are good examples of a discourse of justification. Such ideas were eventually institutionalised by the apartheid government (Amstutz 1995:6). Kuyper (1898:30) states that Calvinism kept to the 'set condition with regard to the mixing of the blood of nations'. These influential public discourses of elites and institutes such as the Reformed Churches influenced the Afrikaner theologians even prior to the apartheid regime in order to legitimise the ideology of separation by means of the establishment of an apartheid theology (Brits 2006; Du Toit 1944; Du Toit & Du Toit 1955; Scholtz 1968; Cronjè 1947, and others). The 'absolute truths' (Du Toit 2000:57)

discussed above formed the public discourse (oral and written forms) that dictated the way the majority of Afrikaners thought and acted. This is evident in the Dutch Reformed Church's missionary policy of 1935 (Loubser 1986:6; Pieterse 2000:8) which acknowledges the diversity of colour, culture and language groups, as well as numerous events such as the Volkskongres (Congress of the Nation) that was held in Johannesburg in 1947 (Cronjé 1947), the one in Bloemfontein (Amstutz 1995:6), the direction that Calvinistic preaching took (Fourie 1935: 262), and public statements by renowned leaders of the Reformed Church (Brits 2006; Du Toit 1954).

Social differentiation and spiritual and cultural segregation (exclusive nationalism) were officially acknowledged by the church, 'to the benefit of both sections' (Loubser 1988:14). According to Boesak (1984:111), 'racism became an essential part of an historical process of cultural, economic, political and psychological domination, and continues to manifest itself in all these areas'. The official mouthpiece of the Dutch Reformed Church, the *Kerkbode,* mentioned in 1948 that the church has always worked purposefully for the separation of races. In this regard, apartheid can rightfully be called a church policy (Boesak 1984:111). The question that Foutz (2000:8) asked with regard to the role of Western theology in the development of slavery is applicable : how could the church justify the duality '...to hold notions of God, Christ and salvation in the one hand while aggressively promoting and practicing oppression with the other.'

6. PREACHING AND THE DECONSTRUCTION OF APARTHEID DISCOURSES

Contextualising is a prerequisite for preaching in a post-apartheid context, the preacher should be aware and should take cognisance of the discourses that influence the way in which the hearer constructs his/her reality, knowledge and narratives (Brits 2009). Morrissey (1999) argued that the sermon as a discourse manifesting both socio-historical embeddedness and textuality, it is also an "event". Garner (2007:46) qualifies this concept by referring to the sermon as a communicative event i.e. it consisted of language used by a person (the preacher) in an attempt to affect the beliefs and behaviour of other people (the hearers) in a particular socio-historic setting. It should be gospel-oriented communicative acts that constitutes the coming of God in his Word to human beings in their world through the communicative acts of human intermediaries with a view to spread and maintain Christian religious praxis (Pieterse, 1990:223). The discourse of the pulpit in a post-apartheid context should contrast with or draw upon contemporary discourses on existing racial issues.

Deconstruction as cultural, philosophical, social and textual critique, can keep forms of discourse such as preaching from repressing otherness (McClure 2007:19). Preaching can be utilised as communicative event to deconstruct these discourses. The history of racial South Africa proofs how public discourse was utilised as a mechanism to produce "objective truths". Preachers in the post-apartheid reformed tradition in South Africa should commit themselves to re-create society along biblical lines. By means of deconstruction, the excluded "other" is in fact present between the lines or in the margins of texts, cultures and societies (McClure 2007:19). Preachers should be able to listen to the text and it's "voice" and allows it to assert its point of view, to ask the right questions as an active participant in the hermeneutical process in order to bring out "the truth".

This is what the Scottish Reformers did during the Reformation, they re-constructed the nation, "spiritually, socially and economically by inculcating Gods Word into all from the lowliest to the sovereign" (Garner 2009:50). The preacher should guide the hearer with regard to his/her usage of language (e.g. the metaphor in preaching), his/her theological and hermeneutic assumptions, to deconstruct evidence of racism, to avoid using the text to reinforce social power of one ethnical group over another. This guidance requires an approach that enables

a preacher to inform his/her hearers of the "true doctrine" and the truths of the text. The preacher should guide the hearers by providing hermeneutic exposition of the text and from a New Homiletic point of view, to provide according to Vos (2005:297) "a lens through which the homiletician looks at life". The hearer should be guided "to be able to rediscover the tragedy of his/her own life in the sermon, not only cognitively, but also in an affective and participatory sense" (Vos 2005:297). The preacher can guide the hearer to depart from existing dominant racial narratives by means of participation in the making of the sermon and to implement the practical applications of the text as a homiletician by showing them how to act accordingly. The preacher should also listen to and learn more from people of colour in South Africa, the preacher should utilise this knowledge in developing sermons that "take up matters of race and ethnicity in the pulpit" (McClure 2007:61). The deconstructive eye and ear of the preacher and the hearer should uncover the traces and power of forces such as vested interests, self-promotion, exclusion and exploitation. Deconstruction will help the preacher and his congregation to observe and recognise "more clearly how behaviours, assumptions, uses of language, text, values, social practices and other matters benefit some individuals, groups and systems and how often it disbenefit others" (McClure 2007:69).

7. CONCLUSION

This article emphasises how the notion of racism is associated with discourse. The article shows how public and elite discourse played a vital role in the development of an apartheid ideology and the legitimisation of an apartheid theology. It demonstrates how the Afrikaner's dominant stories influenced the Afrikaner's public discourses during apartheid. It emphasises how the interpreter (e.g. preacher, prominent leader) of a text utilises his/her present knowledge as a source of prejudices and distortions that cause for misunderstanding of a text's meaning. It shows that discourse is more than simply oral or written forms of communication, but rather a powerful mechanism that can produce racism and the way the 'self' regards the 'others'. The power of public discourses as mechanisms to produce 'objective truths' may promote the self-presentation in society at a cost to the 'others', as it happened during the apartheid years. In spite of the new political dispensation, the social and political transformation that took place since 1994, racism still forms part of the South African social fabric (De Wet 2001: 98). The mass media play a fundamental role in this reproduction of racism by utilising stereotypical themes in their discourse such as crime, immigration, cultural differences and cultural deviance such as 'backward' habits and racial tensions (De Wet 2001:99), which emphasises the power of (media) discourse (Van Dijk 2001:359).

The Reformed Churches should be sensitive and aware of the dominant discourses of the day and find effective ways to counteract any dominant discourses that keep racism within a post-apartheid South Africa alive. It should ask questions such as: What is the role of the traditional Reformed Churches in eradicating racism? Are we aware of the dominant stories of the post-apartheid Afrikaner and what is the role of the church in creating new stories that counteract racism? What is the truth that we preach today within the context of our dominant stories? How do we motivate today's believers that have their own internalised frame of reference to become more and more non-racial? How can we utilise preaching in our congregations in order to direct the opinion of our church members about themselves as a racial group and that of the 'others'? The church should therefore ask new questions with regard to issues such as race and gender, it should find new ways in the post-apartheid reformed church to move away and to replace its narrow nationalistic ideals and dominant discourses.

It should utilise mechanisms such as preaching and written communication to create a new

dominant discourse in a new dispensation which will eradicate a tendency of continuously falling back on issues of ethnicity and gender. According to Van Dijk (2001:356) the leaders or "elites" of social groups and institutions have access to and control over types of public discourse. Professors control scholarly discourse, journalists control media discourse, teachers control educational discourse, etc. The reformed preacher in a post-apartheid era has therefore a major role to play as a leader that has control over the topics of his/her sermons and by influencing theological discourse.

The preacher and his congregation, as members of a new democratic South Africa, should ask themselves, what are the discourses, the acceptable truths, that underpin our perceptions and that determine our actions with regard to the 'others'? This not only a relevant question for the Afrikaner (reformed) churches but also for the black Christian churches, for the politicians of the day, for all members of the so-called 'rainbow nation' that regard themselves as collaborators in establishing internalised frames of reference that are conducive to the making of a new non-sexist and non-racist nation. Preaching can help to deconstruct the creation and the existence of negative discourses and to replace them with discourses that are on par with a sound and healthy horizontal and vertical relationship as advocated by the Epistle of James. According to Swanepoel (2003:150) deconstruction is a mechanism to empower people with "new voices". The reformed church should, by means of deconstruction in preaching, enable the new voices to "better conceive, articulate and organize its response to Christ's command that we love our neighbours as ourselves" (McKee 1989:8).

REFERENCES

Amstutz, Marc, R. 1995. Religion and politics in South Africa: Christian churches during the apartheid era. < http://www.jubileenow.com/papers/safricapap.html> (September 7, 2005].

Brits, Hans, J. 2009. 'n Postmoderne beskouing oor die teologiese legitimiteit van apartheid met verwysing na die veertigerjare van die vorige eeu. *NGTT* 42:1 & 2, 40-49.

Boesak, Allan. 1984. *Black and reformed: Apartheid, liberation and the Calvinist tradition.* Johannesburg: Skotaville.

Cronjé, Geoffrey. 1947. *Regverdige rasse-apartheid.* Stellenbosch: CSV.

Du Toit, Ben. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF.

Du Toit, Jacob. D. 1955. Die godsdienstige grondslag van ons rassebeleid in *Die Afrikaanse rassebeleid en die Skrif.* Edited by Jacob, D, du Toit and Stephanus du Toit.eds. Potchefstroom: Pro Rege.

De Wet, Corene. 2001. A media discourse analysis of racism in South African Schools. <http://iej.cjb.net> (August 10, 2010).

Fourie, Hermanus.C.M. 1935. Ons houding teenoor die naturel. Pages 256-263 in *Koers in die krisis.* Edited by Stoker, Hendrik.G. & Frederick.J.M. Potgieter. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Foutz, Scott. 2000. Theology of slavery: Western theology's role in the development and propagation of slavery. *Quodlibet.* 2/1, 1-11.<http://www.quodlibet.net/articles/foutz-slavery.shtml > (January 27, 2011)

Freedman, John and Combs, G.1996. *Narrative therapy: the social construction of preferred realities.* New York: Norton.

Goldberg, David. 2002. *The racial state.* Oxford: Blackwell.

Goldenberg, David.M.2003. *The curse of Ham.* Princeton: Princeton University Press.

Gordon-Reed, Annette. 1997. *Thomas Jefferson and Sally Hemings: an American controversy.* Charlottesville: University Press of Virginia.

Guzyvlak-Shergold, Mark. 2009, Biopower and apartheid: the role of gold mining in South Africa's political economy. <http://markguzylakshergold.com>. (August 12, 2010).

Hall, Stuart. 1992. The west and the rest. In *Formation of modernity.* Edited by Hall, Stewart & Gieben, B. Cambridge: Open University.

Hall, Stuart. 2004. Foucault and discours. In *Social research methods.* Edited by Seale, Charles. London: Routledge.

Jonker, Willem.D. 1989. *Selfs die kerk kan verander.* Kaapstad: Tafelberg.

Kinghorn, Johann. 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan.

Kuyper, Abraham. 1989. *Het Calvinisme.* Kampen: Kok.

Kuyper, Abraham. 1916. Antirevolutionaire Staatkunde: met nadere toelichting op ons program door Dr. A. Kuyper. Kampen: Kok.

Loubser, Johannes. A. 1987. *The apartheid Bible.* Cape Town: Maskew Miller Longman.

Mautner, Thomas.2002. *The Penguin dictionary of philosophy.* London: Penguin.

McClure, John, S. 2007. *Preaching Words.* Louisville: John Knox.

McKey, Elsie, Anne. 1989. The love office. *The Reformed Journal.* 39(11):7-9.

Perkins, Mary.A. 2004. *Christendom and European identity: the legacy of a grand narrative.* New York: Walter de Gruyter.

Pieterse, Hendrik.J.C. [s.a.] *Ons ware profeet: die Christelike denke van Beyers Naudé,* (the author has a copy of the manuscript).

Rohmann, Chris. 2000. *The dictionary of important ideas and thinkers.* London: Hutchinson.

Salemink, Theo. A. M. 1997*. De Afrikaanse mythe.* Kampen: Kok.

Scholtz, Gert.D. 1968. *Die proses van gelykmaking.* Johannesburg: Voortrekker.

Shein, Avital. 2004. *A Foucauldian explanation of racism beyond Foucault's: Government and Politics.* College Park: University of Maryland.

Smith, Edwin.W. 1947. *Die lewe en tye van Daniël Lindley.* Stellenbosch: NG Kerk.

Van Dijk, Teun. A. 1993. Analyzing racism through discourse analysis. Pages 92 – 134 in *Race and ethnicity in research methods.* Edited by Stanfield, John.H. & Dennis, R.M. London: Sage.

Van Dijk, Teun. A. 1997. Political discourse and racism : describing others in Western Parliaments. Pages 3-64 in *The language and politics of exclusion.* Edited by Riggins, Stephen. H. London: Sage.

Van Dijk, Teun. A. 2001. Critical discourse analysis. Pages 352-371 in *Handbook of discourse analysis.* Edited by Tannen, Deborah; Schiffrin, Deborah and Hamilton, Heidi. Oxford: Blackwell.

Weingarten, Kathy. 1995. Radical listening: challenging cultural beliefs for and about mothers. Pages 7-22 in *Cultural resistance: challenging beliefs about men, women, and therapy.* Edited by Kathy Weingarten. New York: Harrington Park Press.

Zimmerman, Jeff, L and Dickerson, Victoria. 1994. *Using a narrative metaphor: implications for therapy and clinical practice.* New York: Guildford.

KEY WORDS
Discourse
Racism
Apartheid ideology and theology
Deconstruct
Preaching

TREFWOORDE
Diskoers
Rassisme
Apartheidsideologie en teologie
Dekonstruksie
Prediking

Cilliers, Johan
Universiteit Stellenbosch

Die optiek van homiletiek: Prediking as om-raming van perspektief[1]

ABSTRACT

The optics of homiletics: Preaching as reframing of perspective

This article explores the notion of preaching as a form of perception, in particular as pertaining to viewing life through the lenses of Scriptures. The aesthetical concept of "reframing" is utilised to argue that preaching as perception intends behavioral change of a second order (as opposed to first order, i.e. superficial change). Three aesthetical examples are introduced to illustrate this art of reframing, namely works by Duchamp, Zapiro, and Grünewald. The conclusion is that reframing offers a unique option to preach the foolishness of the gospel, in contrast to the wisdom of the world.

1. INLEIDING: DIE KUNS VAN KYK

Prediking handel – onder andere – oor waarneming; om iets te sê nadat jy iets gesien het; om visie te verwoord. Talle homilete het al op hierdie verband tussen prediking en waarneming gewys. My Switserse mentor en *Doktorvater*, Rudolf Bohren, het byvoorbeeld nooit moeg geword om te sê dat predikers nie net die ene ore moet wees nie, veral nie net die ene mond nie, maar eerder die ene oë.[2] My Suid-Afrikaanse mentor en *Doktorvater,* Bethel Müller, het my ook geleer dat ons die lewe in die spieël ("looking glass") van die bybelse teks moet bly aanskou – as't ware 'n homiletiese weergawe van *Alice in Wonderland.*[3]

Homiletiek sonder optiek is ondenkbaar: Om te preek is om te sien – en om ander te nooi om te sien.[4] Dit vereis 'n wending in ons waarneming, 'n wedergeboorte van die sintuie, en, in die besonder, 'n bekering van die oë.[5] In hierdie sin is dit analoog aan geloof, naamlik om die

---

1 Intree-rede, gelewer op 21 Februarie 2012, by die Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch.

2 Volgens Bohren is ons sintuie in werklikheid nouer verbind as wat ons dink: Ons 'sien' byvoorbeeld ook met ons ore, en ons 'hoor' met ons oë. Oor hierdie interaksie van die sintuie, hierdie "engen Verknüpfung von Hören und Sehen", skryf hy soos volg: "Was ich höre, stelle ich mir vor, und das heisst doch, dass ich auch mit den Augen höre." [Rudolf Bohren, *Predigtlehre* (München: Kaiser, 1980), 268.]

3 Bethel Müller skryf soos volg: "Naturally, all biblical texts are lenses through which we can look at the world, especially imaginatively, at the future. After all, the imagination is the ability to see, to see better, to see further, to see differently, to see the Invisible … Texts are adventures (with Alice!) 'in wonderland' … A hermeneutic of amazement is a hermeneutic that looks into, and then through, the multidimensional lenses of the text, thereby opening creative new interpretations of the text." [Bethel Müller, "Liturgical and homiletical revisioning to generate hope for a just society", *Divine Justice – Human Justice,* reds J.S. Dreyer & J.A. van der Ven (Pretoria: RGN, 2002), 209.]

4 Tom Long, die Amerikaanse praktiese teoloog, praat van 'n *dubbelvisie:* om terug te kyk deur die lens van die teks sowel as om deur dieselfde lens vorentoe, na die gemeente toe, te kyk, en as ooggetuie van die groot dade van God op te tree. [Thomas G. Long, *The Witness of Preaching,* 2de uitg (Louisville: Westminster John Knox, 2005), 18–51; vgl ook Johan Cilliers, *The Living voice of the Gospel. Revisiting the basic principles of preaching* (Stellenbosch: Sun Press, 2004), 64.]

5 In Rudolf Bohren se woorde: "Wir brauchen … eine Wende der Wahrnehmung, und diese Wende muss

Onsienlike te sien, of, in die woorde van Martin Luther, om dit te sien wat jy nié sien nie en dit nie te sien nie wat jy wél sien.[6] Geloof – prediking – is om dieper te kyk en verder te sien; om in-sig te verkry; om ver-gesigte te ontvang.

Prediking handel oor die vorming (én her-vorming) of ver-skuiwing van perspektief.[7] In sy massiewe werk *Homiletic* steun David Buttrick sterk op die kernplek wat persepsie en perspektief in prediking inneem, en gebruik hy die metafore van die lens van die kamera en die rame van 'n rolprent.[8] Vir hom beteken prediking die kuns om fyn waar te neem wat binne 'n bepaalde raam is, maar ook om op 'n estetiese en tydige manier na die volgende raam aan te beweeg. Prediking is nie die stolling van perspektief nie, maar die vloei van visie; nie 'n verklaring van ewige "standpunte" nie, maar rigtingwysers op 'n weg.[9]

'n Mens sou kon sê die kuns van prediking is onder andere om tekens van transendensie te gewaar; om selfs in die sogenaamde kleiner dinge van die lewe openbarings van 'n dieper dimensie te beleef.[10] Niemand verwoord dít beter as Paivio nie as hy namens alle waarnemers

---

eine Wiedergeburt sein." [Rudolf Bohren, *Vom Heiligen Geist. 5 Betrachtungen* (München: Kaiser, 1981), 73.]

6 In sy kommentaar op Hebreërs 11:27 sê Luther: "Haec enim est fidei natura … videre, quod non videt, et non videre quod videt." [Martin Luther, *Weimarer Ausgabe (WA)* (Weimar: Hermann Böhlau, 1883), 57/3, 188.]

7 Charles Campbell & Stan Saunders, *The Word on the Street. Performing the Scriptures in the Urban Context* (Grand Rapids, Michigan: Eerdmans, 2000), 30.

8 David Buttrick, *Homiletic: Moves and Structures* (Minneapolis: Augsburg Fortress, 1987).

9 Stanley Hauerwas sê in verband met die liturgie: "In worship, we are busy looking in the right direction." [S. Hauerwas en W.H. Willimon, *Resident Aliens* (Nashville Abingdon, 1989), 95.]

10 [Birgit Weyel, "Predigt und Alltagskunst. Wilhelm Genazino und der poetische Blick auf das Leben", Religion – Ästhetik – Medien, Band 2, *Ästhetik und Religion. Interdisziplinäre Beiträge zur Identität und Differenz von ästhetischer und religiöser Erfahrung,* reds Gräb, W.; Hermann, J.; Kulbarsch, L.; Metelmann, J. & Weyel, B. (Frankfurt am Main: Peter Lang, 2007), 209–211; Peter Berger, *Redeeming Laughter. The Comic Dimension of Human Experience* (Berlyn/New York: Walter de Gruyter, 1997), 205.] Die begrip 'sien' word uiteraard in 'n verskeidenheid nuanses in die Bybel gebruik, en is in die loop van die kerkgeskiedenis ook op verskillende maniere vertolk. In die Skrif neem dit soms die vorm van 'n visioen aan met 'n gepaardgaande ekstatiese toestand, in die besonder by die Ou-Testamentiese profete (vgl Jes 1, Eseg 12, ens). Dit lei egter altyd, ook in die Nuwe Testament, tot 'n nuwe openbaring van die waarheid (onderstreep deur 'n hoor van 'onhoorbare' woorde) en 'n nuwe bewuswording van God se teenwoordigheid (vgl Hand 9 en 16). Die onderskeid tussen hierdie visioene en drome is vloeibaar, en dit handel gewoonlik oor onmiddellike situasies (vgl Hand 12) sowel as die vooruitsig op dit wat dalk nog ver in die toekoms lê, dog aan die kom is (vgl veral Daniël en Openbaring). In die Evangelies verkry dit uiteraard ook die betekenis van die dissipels se biologiese *sien* van Jesus gedurende sy aardse optrede sowel as ná sy opstanding. In talle van die verskyningsverhale word berig: "Ek het die Here gesien!" (Joh 20:18). Veral Johannes span die begrip 'sien' doelbewus in die opbou van sy evangelie in, en meestal dubbelsinnig: Daar is meer te sien as wat jy met die eerste oogopslag kan waarneem; meer as net byvoorbeeld brood of water of lig. Alles het 'n dieper dimensie en betekenis. In feitlik elke hoofstuk van sy evangelie toon Johannes dat *kyk* nie altyd *sien* is nie. Daarom kan jou manier van 'sien' vir jou óf verlossing óf oordeel beteken (vgl 9:35–41). Dít geld veral die manier waarop jy na Jesus kyk. Op die oog af lyk Jesus van Nasaret soos 'n gewone mens. Maar kyk weer! Die dissipels het Hom met hulle (biologiese) oë gesien, en tog méér gesien. Hulle het sy heerlikheid gesien; die heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun van die Vader, het – vol genade en waarheid (1:14; vgl ook 1 Joh 1:1–4). Hulle het sy 'onheerlike heerlikheid' gesien. Veral in laasgenoemde sin gebruik ek die begrip 'sien' as 'n 'sien-teen-die-oënskynlike-in'; as 'n sien, al sien jy die teendeel; as 'n sien van God in die paradoksale; as 'n oortuiging van die dinge wat ons nie (nou met ons biologiese oë) kan sien nie (Heb 11:1). Dit is uiteraard ook iets anders as 'n mistieke vereniging met God, soos wat dikwels in die mistisisme beweer word. Dit handel hier eerder oor God wat op 'n unieke wyse geopenbaar word sodat ons tot 'n nuwe siening kom van ons plek voor God sowel as tussen ons medemense. Dit sluit nie die (geloofs)ervaring, waarvan die Bybel óók

verklaar: "But please, let me have plenty of detail. That's what counts in our business, tiny little details, like you had a broken shoelace on your left shoe, or a fly settled on the rim of your glass at lunch, or the man you were talking to had a broken front tooth."[11] Ons eie digter Sheila Cussons stel dit só: "Of dit nou 'n sublieme ding is of 'n plassie melk wat op die tafel lê, dit kan vir jou 'n beeld wees van iets wat baie ingewikkelder is."[12]

Die Hervormer Johannes Calvyn het dikwels na geloofskennis as 'n wyse van waarneming verwys. Vir hom was dit méér as 'n oppervlakkige bewussyn van die toedrag van sake om jou heen, maar eerder 'n aandagtige waarneming van die lewe (hy het die Franse woord *l'entendement* gebruik).[13] In hierdie verband was Calvyn, in navolging van die apostel Paulus,[14] lief om die metafoor van die spieël te gebruik.[15] Vir Calvyn het dít 'n gewaarwording van God gesuggereer wat, hoe indirek en vaag ook al, andersins onbekend sou gebly het – 'n gewaarwording wat, soos 'n spieël in direkte sonlig, dikwels kan skok, die aandag kan aangryp en verwondering kan verwek.[16]

Uit 'n homiletiese perspektief sou 'n mens kon sê dat die prediker 'n spieël ophou wat ons daaraan herinner dat God inderdaad in hierdie wêreld gesien *kan* word, hoewel op indirekte en dikwels skokkende wyses – selfs al ís dit in die weerkaatsing van 'n dowwe spieël.[17] Predikers staan op die drumpel tussen die "ou wêreld" en God se nuwe skepping, en help ons om laasgenoemde reeds binne eersgenoemde waar te neem. Charles Campbell, die hooggeagte Amerikaanse homileet, praat van 'n *bifokale* visie wat nie alleen die magte van die ou wêreld raaksien nie, maar veral die tekens van die nuwe te midde van die oue.[18]

---

vol is, uit nie: die 'nie-sien-nie' van God; die worsteling met God se swye en afwesigheid; die versugting: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" (Psalm 22:2; Hab 1:13; Psalm 42:2; Mark 15:34, ens). Gelowiges gaan óók soms deur 'n woestyn- en winterervaring, wanneer alles om en in hulle die goeie nuus van die Immanuel, van God by ons, geheel en al weerspreek. Gedurende sulke tydperke – nie alleen in individuele gelowiges se lewens nie, maar ook in die geskiedenis van die kerk of 'n spesifieke kerk – ervaar hulle dat God ver weg staan; dat God sy volk vergeet het en anderpad kyk (vgl Psalm 13:1–3), of nog erger, ervaar hulle dat dit die Here sélf is wat hulle in die ellende gestort het (vgl die refrein 'U het ... U laat ... U verstoot ... U toorn rus op my' in byvoorbeeld Psalm 88). Presies daarom word dit 'n geloofsvisie genoem, en word dit nie in 'n oppervlakkige of simplistiese sin bedoel nie.

11 A. Paivio & D. Foth, "Imaginal and verbal mediation and noun concreteness in paired-associate learning: The illusive interaction", *Journal of verbal learning and verbal behavior,* 9 (1971):442.

12 Sheila Cussons in 'n onderhoud met *Volksblad*, 21 Augustus 1979.

13 [Gerrit W. Neven, "De Kwintessens van Calvijn", *Het calvinistisch ongemak: Calvijn als erflater en provocator van het Nederlandse protestantisme,* reds Rinse Reeling Brouwer, Bert de Leede & Klaas Spronk (Kampen: Kok, 2009), 80.] Die Franse woord *l'entendement* sou ook met 'begrip', 'intelligensie', 'onderskeiding', 'waardering' en 'oordeel' vertaal kon word.

14 1 Korintiërs 13:12.

15 Die metafoor van die spieël was natuurlik bekend en geliefd by filosowe en outeurs van daardie tyd – in aansluiting by Paulus se gebruik daarvan om die voorlopigheid van ons kennis in hierdie bedeling te kenne te gee (1 Korintiërs 13:12). Antieke spieëls het geopenbaar dog tegelykertyd verberg; dit kon slegs 'n dowwe beeld van die werklikheid bied.

16 [Neven, "De Kwintessens van Calvijn," 80, 81.] Volgens Calvyn kon die metafoor van die spieël aan bepaalde plekke, feite, ervarings en gebeurtenisse gekoppel word wat as spieëls van God funksioneer en ons nooi om 'n blik op God se handelinge te kry, al is dit indirek en onvolledig. Vir Calvyn verteenwoordig die spieël dus die palet van aardse media waardeur die veelkleurige kennis van God weerspieël kan word, om só ons geloof te skep en te voed. [Vgl ook Cornelius van der Kooi, *Als in een Spiegel. God kennen volgens Calvijn en Barth* (Kampen: Kok, 2002), 22, 23.]

17 1 Korintiërs 13:12.

18 Charles Campbell & Johan Cilliers, *Preaching Fools. The Gospel as a Rhetoric of Folly* (Baylor University Press, binnekort gepubliseer), g.b.

Aan die een kant hou predikers 'n spieël op wat die "ou wêreld" onwrikbaar en eerlik ontmasker – 'n aktiwiteit wat hulle nie altyd en oral geliefd maak nie. Tog eindig die prediker se taak nie hier nie, anders sou hierdie siening van die lewe maar tragies wees. Daarom hou die prediker aan die ander kant ook 'n spieël op wat 'n alternatiewe werklikheid, naamlik God se nuwe skepping, weerkaats op maniere wat – getrou aan die aard van spieëls – dikwels ons 'normale' opvattings omkeer. Op hierdie wyse, met dowwe spieëls in die hand, verskerp predikers ons bifokale visie, wat ons in staat stel om die dagbreek van die nuwe skepping te midde van die donkerte van die oue raak te sien.[19]

Dit is belangrik om te verstaan dat ons beskouinge van God, en daarom ook van die lewe, maklik beperk en ingeperk word. Ons word dikwels verblind, of raak ten minste kortsigtig. Ons moet ons Godsbeelde voortdurend her-oorweeg om dit te kan her-sien. Dít geld nie alleen op 'n individuele vlak nie, maar ook wat ons geneigdheid tot gedeelde blindheid en groepsmiopie betref. 'n Pynlike herinnering hieraan is die ideologie van apartheid, wat byvoorbeeld uitgeblink het in gestruktureerde kortsigtigheid, dalk selfs gestruktureerde blindheid – en sommige sektore van die kerk se gevolglike georganiseerde en gestruktureerde onboetvaardigheid.[20] Alles is in swart en wit gesien.[21]

Prediking kan 'n belangrike rol speel om kleur aan ons perspektief te gee; om ongekende panoramas voor ons oop te breek; om reenboë voor ons oë te verf. Hierdie kuns van kyk, oftewel her-siening van realiteit, sou ook die *om-raming* ("reframing") van perspektief genoem kon word. 'Om-raming' impliseer dat die bestaande – die oue en die verlede – telkens her-oorweeg moet word, soos wat die voorvoegsel "om-" (of "re-" in "reframing") aandui. My gekose vertaling[22] van "reframing", naamlik "*om*-raming", het 'n meervlakkige betekenis: nie alleen 'n *om*sluiting van gegewe realiteite of feite (fisies óf metafories) nie, maar ook 'n *om*keer om die oue en verlede

---

19 Campbell & Cilliers, *Preaching Fools,* g.b.

20 Die raamwerk waarin die realiteit (God en mense) geplaas en gesien is, was die van 'n enklavementaliteit. [Vgl Johan Cilliers & Ian Nell, '"Within the enclave": Profiling South African social and religious developments since 1994', *Verbum et Ecclesia* 32/1 (2011):1–7.] Mense is geïndoktrineer (struktureel verblind) om nie verder as hulle eie (nasionalistiese, kulturele, religieuse en veral etniese) horisonne te sien nie. Die raam wat deur hierdie ideologie gevorm is, het die enige uitsig op alternatiewe versper – die enigste visie wat 'ons' van 'hulle' kon hê, was die van 'ons' teenoor die 'vyand'. Identiteit ('ons') is op grond van etniese kategorieë gevorm. [Johan Cilliers, *God for us? An analysis and evaluation of Dutch Reformed preaching during the Apartheid* years (Stellenbosch: Sun Press, 2006), 63–76.]

21 Mary Douglas skryf soos volg oor 'swart en wit': "Seeing things in black and white is definitely a limitation. When you miss the colour, you miss the nuance, the 3D effect is softened, and facial expression is less vivid. We know this from black and white photography and old black and white cinema. I am using this title to talk about certain forms of social organisation that promote anger. This limited vision divides the world into two kinds: on one side ourselves, our fellow members, our friends; and on the other side, all the rest, outsiders. In the extreme case, insiders are saints and outsiders shunned as sinners. Inside is white; outside is black. In extreme cases it makes a world of saints and sinners. A wall of virtue keeps the two apart, the saints refuse to have anything to do with the outsiders. There can be no negotiation and the word 'compromise' means betrayal." [Mary Douglas, "Seeing Everything in Black and White", toegang bekom op 24 Augustus 2011, http://projects.chass.utoronto.ca/semiotics/cyber/douglas2.pdf, p 2.]

22 Dit is geen maklike taak om "reframing" in Afrikaans te vertaal nie. Ek het verskeie moontlikhede oorweeg: 'her-raming', 'her-belyning', 're-visionering', 'her-siening', 'om-duiding' (van die Duitse *Umdeutung*), 'her-kadering' (Nederlands), ensovoorts. Uiteindelik het ek op 'om-raming' besluit, aangesien die konsep van 'raam' daarin behoue bly, maar die dinamiek van die verandering van die bestaande tog ook ingevoer word met die voorvoegsel 'om-' (soos in *om*-digting). Om hierdie dinamiek te beklemtoon gebruik ek ook deurgaans die koppelteken.

te her-oorweeg sowel as 'n *om*keer na die onverwagse en bevrydende, 'n verandering, 'n nuwe skepping. Dit is inderdaad 'n óm-raming of, in teologiese taal, méér as 'n blote repetisie (*repetitio*) van byvoorbeeld 'n ekklesiale tradisie of 'n blote imitasie (*imitatio*) van bybelse waarhede; dit is eerder verandering wat nuwe 'werklikhede' skep. Dit is terselfdertyd *re* én *creatio* – in die sterkste sin van albei begrippe.[23] Dit is daadwerklike *verandering,* maar van die *bestaande.*

Die teorie van om-raming is oorspronklik in die konteks van 'n filosofies gegronde teorie van verandering ontwikkel, wat gevolglik deur sielkundiges en neurologieseveranderingsteoretici aangepas is.[24] Een van die oogmerke van om-raming was "to create new alternative behaviors".[25] Om-raming verander betekenis, en veranderde betekenis lei tot veranderde gedragspatrone.[26] Donald Capps, wat die konsep van om-raming in teologiese verband bekend gestel het, onderskei tussen eerste-orde-verandering en tweede-orde-verandering, en wys daarop dat eersgenoemde in 'n gegewe stelsel plaasvind (hoewel die stelsel as sodanig onveranderd bly), terwyl laasgenoemde die stelsel self transformeer.[27] Eerste-orde-verandering behels 'meer van dieselfde', en bied oplossings wat sélf die probleem word of ten minste daartoe bydra.[28] Dit is inderdaad die *repetisie* van dit wat bekend is in 'n stelsel; moontlik selfs indrukwekkende of sensasionele repetisie, maar steeds bloot *repetisie.*[29]

Daarenteen dui tweede-orde-verandering op fundamentele transformasie, hoewel dit normaalweg nie spontaan plaasvind nie, aangesien die raam waarin ons leef, heg geweef is. Hierdie raam verander nie maklik nie en kan jou gevange hou; trouens, dit is feitlik onmoontlik om daaruit te ontsnap.[30] Vir hierdie verandering van perspektief, of verwisseling van raam, benodig

---

23 Dit is interessant om daarop te let dat iemand soos Jürgen Moltmann die voorvoegsel 'her-' of 're-' as ironies, selfs negatief, beskou. [Jürgen Moltmann, *Geloof in de toekomst* (Utrecht: Ambo, 1969), 32–33.] Volgens hom dui bewegings soos die *re*naissance en die *re*formasie, sowel as konsepte soos *re*volusie, *her*lewing, *her*nuwing en *re*storasie, alles op 'n hunkering na 'n (goue) verlede, wat op sigself 'n sikliese begrip van die geskiedenis veronderstel. Dit verteenwoordig verandering terwyl jy 'agtertoe droom'. Hý verkies om van die volledig nuwe realiteit (*novum*) eerder as die oue ('her-' of 're-') te praat. Dít laat ontstaan die vraag: Moet ons nie eerder van *pro*volusie, ensovoorts, en in hierdie sin dan ook van '*pro*-raming', praat nie? Ek meen dat ons nie noodwendig tussen 're-' en 'pro-' hoef te kies nie: Albei maak deel uit van die dinamiek van om-raming, soos wat dit in hierdie rede verstaan word. Die voorvoegsel 'om-' sluit sowel 're-' as 'pro-' in. Dít beteken egter dat 're-' (of 'her-') nie op eerste-orde-, oftewel oppervlakkige, verandering mag of kan dui nie.

24 Donald Capps, *Reframing. A new method in Pastoral Care* (Minneapolis: Fortress Press, 1990), 3; vgl ook P. Watzlawick, J.H. Weakland & R. Fisch, *Change. Principles of Problem Formation and Problem Solution* (New York/Londen: WW Norton, 1974), 1–12.

25 R. Bandler & J. Grinder, *Frogs into Princes. Neuro Linguistic Programming*, red J.O. Stevens (Moab, Utah: Real People Press, 1979), 160.

26 Capps, *Reframing,* 10.

27 Capps, *Reframing,* 12.

28 Watzlawick et al, *Change,* 31.

29 Eerste-orde-verandering sou metafories beskryf kon word as gebeure *binne* 'n droom – die struktuur of ruimte waarin die droom afspeel, bly die droom self. Tweede-orde-verandering, daarenteen, vind plaas wanneer die dromer in 'n *andersoortige* bewussynstoestand, 'n *andersoortige* struktuur en ruimte, wakker word. Dit verteenwoordig 'n verskuiwing in benadering waarin handeling nou op die voorgestelde metode van verandering konsentreer, voordat die probleem self aandag kry. [Watzlawick et al, *Change,* 11.] Capps beskryf dit só: "Reframing challenges the assumption that the solution being employed *is* the solution, or *would be* the solution if only it could be performed better." [Capps, *Reframing,* 18.]

30 Tweede-orde-verandering gebeur nie normaalweg vanself nie. Dit is eerder "… introduced from the outside and therefore ... not something familiar or something understandable in terms of the vicissitudes of first-order change, hence its puzzling, seemingly capricious nature". [Watzlawick et al, *Change,* 24.] Eerste-orde-verandering kom as die normale ("common-sense") verloop van sake voor, terwyl tweede-

'n mens die kuns van om-raming, naamlik "to change the conceptual and/or emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the 'facts' of the same concrete situation equally well or even better, and thereby changes its entire meaning".[31] Soos ek die konsep verstaan, beteken dit 'n *teologiese hersamestelling van die bestaande* sodat iets eiesoortig en nuut gebore word, maar nooit sonder die bestaande nie. Dit behels byvoorbeeld die kuns om dieselfde dinge op (soms totaal) verskillende maniere te doen en te sê; om deur middel van jukstaposisie die bestaande te gebruik om die nuwe te sê en te doen.[32]

Die raam – of paradigma – waardeur realiteit beskou word, is inderdaad van kardinale belang. Ons sou selfs kon aanvaar dat hierdie raam betekenis (of die kyker se begrip daarvan) bemiddel. Dit kan gevolglik ook die teologie (of gebrek daaraan) agter 'n kerk en 'n prediker se wyses van waarneming blootlê. Die raam wek én repliseer die struktuur van die teologie waaruit dit gebore is, en openbaar sodoende ook die basiese antropologie ten grondslag daaraan. In 'n neutedop: Die raam waardeur en waarin ons die realiteit aanskou, openbaar én vorm ons beelde van God en die mensdom. Prediking het alles te make met hierdie raming, en om-raming, van ons perspektiewe.

2. OM-RAMING IN DIE PERSPEKTIEWE VAN DWAASHEID EN WYSHEID

Daar bestaan uiteraard baie beelde en beskouinge van God. God het baie gesigte.[33] Ek is oortuig dat die voorveronderstelling waarop al hierdie veelvoudige beelde en perspektiewe berus, na die konsep *paradoks,* oftewel God se teenwoordigheid in hierdie wêreld en sy *sub contrario*-openbaring (openbaring in teenstellings), teruggevoer kan word. Hendrikus Berkhof stel dit só: "He can be present in his world only as a stranger, the suffering servant, the crucified one. The concept of paradox is suitable here: God is present contrary to (*para*) the appearance (*doxa*) of the opposite."[34] Hierdie uitgangspunt is deurslaggewend vir die basiese struktuur van prediking, en is na my mening die *leitmotiv* van alle prediking wat die om-raming van perspektief beoog.

Dikwels, indien nie altyd nie, vind ons God se teenwoordigheid in hierdie wêreld – die 'tekens

---

orde-verandering dikwels vreemd, onverwags en paradoksaal blyk te wees. Daarom word tweede-orde-verandering dikwels deur toestande van verwarring, skok en onsekerheid – 'n soort niemandsland (liminaliteit) – voorafgegaan.

31 [Capps, *Reframing*, 12; Watzlawick et al, *Change*, 95.] Bandler en Grinder – die eerste wetenskaplikes wat die konsep van om-raming aan hulle teorie van 'neurolinguistiese programmering' gekoppel het – bied 'n uitgebreide omskrywing van om-raming. Hulle oorspronklike omskrywing van die konsep is veral nuttig: "Reframing is a specific way of contacting the portion or part – for lack of a better word – of the person that is causing a certain behavior to occur, or that is preventing a certain other behavior from occurring. We do this so that we can find out what the secondary gain of the behavior is, and take care of that as an integral part of the process of inducing a change in that area of behavior … Reframing is a way of getting to say 'Hey, how else can I do this?' In a way it's the ultimate criticism of a human being, saying 'Stop and think about your behavior, and think about it in the following way: Do something new; what you're doing doesn't work! Tell yourself a story, and then come up with three other ways of telling the story, and suddenly you have differences in your behavior." [Bandler & Grinder, *Frogs into Princes*, 138, 183.]

32 G.W. Lathrop, *Holy Things. A Liturgical Theology* (Minneapolis: Fortress Press, 1993), 33.

33 Jaap Durand, *The Many faces of God: Highways and byways on the route towards an orthodox image of God in the history of Christianity from the first to the seventeenth century* (Stellenbosch: Sun Press, 2007), 4.

34 Hendrikus Berkhof, *Christian Faith* (Grand Rapids: Eerdmans, 1979), 54.

van transendensie' en openbarings van 'n dieper dimensie, selfs in die sogenaamde kleiner dinge van die lewe – verrassend en selfs skokkend: Dit weerspreek ons begrippe en beelde van wie God is of behoort te wees.[35] Selfs vanaf die begin het die boodskap van die evangelie ons verwagtings weerspreek. Trouens, baie mense het gereken – en reken steeds – dat so 'n vreemde evangelie, waarin die weerloosheid van die kruis eerder as 'n konvensionele, magtige God die kern uitmaak, inderdaad as absurd en belaglik beskryf sou kon word, en gevolglik vir baie 'n struikelblok en irritasie kon wees.[36]

Talle homilete het al die oorsprong van Paulus se beskrywing van die dwaasheid van prediking na sy briewe aan die Korintiërs teruggevoer, byvoorbeeld wanneer hy verklaar: "Want die boodskap van die kruis is wel dwaasheid vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God … Daarom het God besluit om dié wat glo deur *die dwaasheid van die prediking* te red."[37] Ook later sê Paulus in dieselfde trant: "Ons het 'n skouspel geword vir die wêreld, vir engele sowel as vir mense … *Ons is dwaas ter wille van Christus …"*[38]

Met sulke uitsprake dekonstrueer (om-raam) Paulus in werklikheid sommige basiese begrippe van sy tyd, veral wat (God se) krag en wysheid betref. Terwyl die Jode na tekens gesoek het – wat in húlle tradisie dikwels 'n direkte en helder openbaring van God, of die handeling van magtige mense wat wonders kon doen en tekens optower, beteken het – het die Grieke gehunker na wysheid, oftewel die mag om te kan onderskei en sonder huiwering die koers na die toekoms aan te dui. Griekse wysheid het uit die filosofiese en teoretiese besinning oor die oorsprong en bestemming van die mensdom gespruit. Dit het die vermoë behels om die sigbare en onsigbare invloede op die lewe, geskiedenis en samelewing te verklaar. Wysheid is verstaan as 'n vorm van mag; in sekere sin was kennis gelykstaande aan mag.[39]

Die kruis, daarenteen, handel oor 'n vreemde vorm van magteloosheid wat Jode sowel as Grieke as dwaasheid sou beskou. Dít is die eintlike skandaal (*skandalon*) van die kruis: Christus, die Gekruisigde, is die radikaal 'swak' Een, en die wat Hom volg, moet en sal gevolglik ook swak wees – ten minste in die oë van diegene wat mag en wysheid najaag.[40] Nie die teologiese,

---

35 Weyel, "Predigt und Alltagskunst", 209–211; Berger, *Redeeming Laughter,* 205.
36 Cilliers, *The Living voice of the Gospel,* 3–4.
37 1 Korintiërs 1:18,21. Vgl byvoorbeeld Albrecht Grözinger, *Homiletik. Lehrbuch Praktische Theologie. Band* 2 (München: Gütersloher Verlagshaus, 2008), 96; Cilliers, *The Living voice of the Gospel,* 3–5.
38 1 Korintiërs 4:9–10.
39 J. Goetzmann, "Wisdom, Folly, Philosophy", *Dictionary of New Testament Theology*, vol 3, red C. Brown (Exeter: The Paternoster Press, 1978), 1023–1026.
40 Dit is heel duidelik dat die deurslaggewende oriënterende én re-oriënterende liturgiese beginsel van die vroeë Christene die Christusgebeure was, wat in die opstanding van Christus 'n hoogtepunt bereik. Elna Mouton oordeel soos volg hieroor: "… [I]t is particularly in the radical and overwhelming experience of the resurrection power of Jesus as the crucified messiah that the origins of Christianity and the New Testament writings have to be sought." [Elna Mouton, "Transmitting Hope in the New Testament", *Preaching as a Language of Hope. Studia Homiletica 6*, reds Cas Vos, Lucy L. Hogan & Johan H. Cilliers (Pretoria: Protea Boekhuis, 2007), 75.] Vanweë die paradoks van die opstanding ('n gekruisigde wat her-leef), was die behoefte aan her-vertolking dringend, en het die aanbiddingsgeleenthede van die eerste Christene by uitstek ruimtes vir hierdie her-vertolking, her-toepassing en her-samestelling van die bestaande simbole en tradisies geword. Her-vertolking was so dringend nodig, aangesien Paulus 'n Gekruisigde verkondig het te midde van 'n kultuur wat op wysheid, eer en mag gegrond was. Teologies beskou, was dit ondenkbaar dat die Messias gekruisig kon word. Filosofies beskou, was dit onvoorstelbaar dat die goddelike met 'n liggaam aan die kruis kon hang. Polities beskou, was dit onaanvaarbaar dat die Messias Israel kon bevry met dieselfde mag wat Hom gekruisig het. Kultureel beskou, was dit onmoontlik dat een wat vervloek was aan 'n kruis, as die Christus geëer kon word. Messias-Kruis. Dít was onversoenbare realiteite. Vir 'n verdere bespreking hiervan, vergelyk Martin Hengel, *Crucifixion: In the Ancient World and the Folly of the Message of the Cross*, vert John Bowden (Philadelphia: Fortress,

filosofiese, politieke óf kulturele verbeelding kon hom in Paulus se tyd so iets voorstel nie. Dit was 'n skokkende, godslasterlike paradoks.[41] Kortom, dit was dwaasheid. Trouens, volgens sommige uitleggers is die vertaling 'dwaasheid' nog te mak. Dit was in werklikheid 'malligheid'.[42] Sommige het die malligheid van die kruis self al 'n kru en vulgêre grap genoem; 'n makabere vorm van galgehumor.[43] Ander noem dit 'n vorm van parodiese verheerliking; die kruis is inderdaad ontwerp "to mimic, parody, and puncture the pretensions of insubordinate transgressors by displaying a deliberately horrible mirror of their self-elevation".[44]

Die dwaasheid van die kruis beteken nie dat dit onverstaanbaar is of 'n prysgawe van intellektuele besinning (*sacrificium intellectus*) vereis of voorveronderstel nie. Dit is eerder 'n andersoortige, omgekeerde en om-raamde vorm van mag en wysheid. Die dwaasheid van God (*to mōron tou theou*) dui op die wyse waarop God in Christus geopenbaar is – as magteloos. Daarom praat Paulus ook dikwels van die volgelinge van Christus aan die hand van paradokse: 'Ons moet dwaas word om wys te wees, en wanneer ons swak is, is ons sterk.'[45] Dít is inderdaad die kenmerke van die prediker as dwaas; as moroon vir Christus: dwaasheid en magteloosheid – wat in werklikheid op wysheid en mag van 'n andersoortige, paradoksale orde dui.[46]

Hierdie radikale dekonstruksie en om-raming van mag en wysheid het fundamentele implikasies op 'n verskeidenheid vlakke. Van spesifieke belang vir ons is die impak wat dit op *prediking* het. Prediking veronderstel (en bemiddel) bepaalde *Godsbeelde.* Tog kan prediking ook beswaarlik verstaan word sonder sy verband met die *kerk,* en moet die kerk ook nie van haar verbande met die *samelewing* losgedink word nie. Die voorveronderstelling hier is dat prediking, as handeling wat in die lewe van die kerk veranker is, 'n transformerende impak op die samelewing kan hê in die sin dat dit tot die konstruksie, of dekonstruksie, van sekere Godsbeelde meewerk. Ongelukkig kan dit egter ook, soos in die era van apartheid, bepaalde Godsbeelde vestig.

Die radikale dekonstruksie en om-raming wat Paulus voorstaan, het deurslaggewende teologiese, homiletiese, ekklesiologiese en sosiale gevolge – veral wat ons begrip van die konsep 'mag' betref. Prediking, synde die *dwaasheid van omgekeerde mag,* kan instrumenteel wees vir 'n kerk wat bestaande Godsbeelde so wil dekonstrueer en om-raam dat dit nuwe betekenis kan oordra in 'n samelewing wat hom *in transito* bevind – 'n samelewing wat mag dikwels misverstaan en misbruik.[47]

1977), 1–10.

41 L.L. Welborn, *Paul, the Fool of Christ: A Study of 1 Corinthians 1–4 in the Comic-Philosophic Tradition,* Early Christianity in Context (Londen: T&T Clark, 2005), 23.

42 Hengel, *Crucifixion,* 1–10.

43 Welborn, *Fool of Christ,* 2.

44 Joel Marcus, "Crucifixion as Parodic Exaltation", *Journal of Biblical Literature* 125, nr 1 (2006): 78.

45 1 Korintiërs 3:18; 2 Korintiërs 12:10; Goetzmann, "Wisdom, Folly, Philosophy", 1026.

46 Die Griekse term *mōria* waarvan die woord 'moroon' afgelei is, is 'n sterker uitdrukking as bloot 'dwaasheid'. *Mōria* dui op die houding en handelinge van 'n bepaalde sosiale tipe, naamlik die laer klas, wat glo swak en ontoereikende intellek geopenbaar het, dikwels gekombineer met groteske liggaamlike gebreke. [Vgl Welborn, *Fool of Christ,* 1–2.]

47 Dit bly 'n hartseer feit van die geskiedenis dat die kerk, en miskien veral die kerk, ook ly aan 'n neiging om die slagoffer van magsideologieë te word wat Keshgegian as *kyriarchy* beskryf ("which means the multiple and complex systemic grading of dominations, subordinations, and power arrangements"). [Flora Keshgegian, *Redeeming Memories. A Theology of Healing and Transformation* (Nashville: Abingdon Press, 2000), 27.] Die kerk, wat oor die 'mag' van God nadink, sien homself (sy strukture, ampte, teologie) dikwels as die draer van finale en onaanvegbare kennis, indien nie as God self nie. Die kerk plaas homself dikwels in 'n dominerende en beherende posisie in die netwerk en graderings van hulle wat mag het, teenoor diegene wat as magteloos gereken word. Dikwels marginaliseer die kerk mense eerder as om vir die gemarginaliseerdes op te kom. Die dwaasheid van die evangelie gee ons grootliks aanstoot,

3. OM-RAMING: IN GESPREK MET 'N (OËNSKYNLIK VREEMDE) VENNOOT

Soos prediking, handel ook kuns oor waarneming, en dra dit – weliswaar op eiesoortige wyse – iets oor nadat iets gesien is; dit verbeeld visie. Indien dit goed is, handel kuns ook, miskien hoofsaaklik, oor *om-raming.* Dit bied nuwe insigte in die realiteit; 'n nuwe begrip van dinge. Kuns daag dikwels ons konvensionele perspektiewe uit en skok dikwels die status quo van ons individuele en sosiale blindheid. Dit laat ons wéér kyk of ons gesigspunt (die koördinate van waar ons waarneem) verander. Dit bevraagteken die geldigheid van die spieëls wat ons gebruik om die lewe waar te neem.

"Om-raming" is daarom nie iets vreemds in die kunswêreld nie. Miskien sou om-raming selfs 'n 'sagte' of nie-opdringerige kuns eerder as 'n wetenskap genoem kon word – hoewel dit uiteraard nie onwetenskaplik van aard is nie.[48] Trouens, ons sou kon sê dat om-raming oorwegend 'n estetiese konsep is: Dit is nie toevallig dat kunswerke normaalweg *geraam word* en, soos ons sal toon, inderdaad ook soms *om-raming bewerkstellig* nie. Dit wil in elk geval voorkom of (goeie) kuns altyd die lewe, of bepaalde dimensies daarvan, om-raam.[49]

Ons skenk nou aandag aan drie voorbeelde van estetiese om-raming. Die konsep van om-raming kan op 'n ryke verskeidenheid maniere vertolk word – daarom kan die volgende voorbeelde slegs as aptytwekkers dien. Dit is belangrik om daarop te let dat hoewel hierdie voorbeelde verskillende nuanses van om-raming verteenwoordig, dit ook oorvleul in die sin dat dit die objekte waaroor dit handel, transformeer, dog nie as sodanig verwerp nie. Dit bly *re-creatio;* bestaande materiaal wat 'om-raam' word. Hier volg die eerste voorbeeld:

3.1 Om-raming as her-benoeming

Marcel Duchamp se beroemde (of berugte!) kunswerk getiteld *Fountain* (1917) sou hier as

---

veral as ons gewoond geraak het aan uitdrukkings soos die almag, alomteenwoordigheid en alwetendheid van God. Miskien is sulke konsepte, of ten minste ons begrip daarvan, inderdaad steeds ouderwetse invloede van manlike fantasieë oor mag, of die oorblyfsels van 'n filosofiese konstruk wat 'n metafisiese God geskep het wat gesteriliseer is teen al wat menslik en daarom kwesbaar is. [Vgl Günther Schiwy, *Abschied vom allmächtigen Gott* (München: Kösel, 1995), 19,48.]

48 Vgl Watzlawick et al, *Change*, 92.

49 Daar is al dikwels op die fundamentele strukturele ooreenkomste tussen kuns en teologie, en in die besonder tussen liturgie en prediking, gewys. Vir 'n bespreking hiervan, sien Johan Cilliers, *Binne die kring-dans van die kuns. Die betekenis van estetika vir die gereformeerde liturgie* (Stellenbosch: Sun Press, 2007), 55–78. Liturgie en prediking is, of kán wees, die openbaring van 'n geloof op soek na beelde (*fides quaerens imaginem*), oftewel 'n verbeeldingryke teologie. Hierdie gestaltes van teologie sou inderdaad 'verbeeldingryke ontsyfering' of *Sinndeutung* genoem kon word. [Vgl Wilhelm Gräb, *Religion als Deutung des Lebens. Perspektiven einer Praktischen Theologie gelebter Religion* (München: Gütersloher Verlagshaus, 2006), 29; Wilhelm Gräb, *Sinnfragen. Transformationen des Religiösen in der modernen Kultur* (München: Gütersloher Verlagshaus, 2006), 205.] Hierdie handeling van *duiding en om-duiding van betekenis* word ook soms estetiese rede of estetiese hermeneutiek genoem. [Vgl Johan Cilliers, "The Beauty of Imagined Meaning: Profiling Practical-Theological Aesthetics", *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 24/1 (2009):32–47; Daniël Louw, "Creative hope and imagination in a Practical Theology of aesthetic (artistic) reason", *Creativity, imagination and criticism: the expressive dimension in Practical Theology,* 4de Internasionale Akademiese van Praktiese Teologie, Quebecse Internasionale Konferensie, Kanada, 14–20 Mei 1999, reds Paul Ballard & Pam Couture (Cardiff: Cardiff Academic Press, 2002), 91–104; S. van Erp, "Fides quaerens imaginem. Esthetica als fundamentele teologie: geloof op zoek naar beelden", *Tijdschrift voor Theologie,* 43 (2003):15–39.] In sekere sin handel om-raming fundamenteel oor hierdie estetiese (verbeeldingryke) her-skepping van betekenis. Wanneer ons dus oor die konsep van prediking as om-raming nadink, is dit toepaslik dat ons van die estetiese dimensie van om-raming kennis neem.

voorbeeld kon dien.[50] Die werk bestaan bloot uit 'n porselein-urinaal wat uit sy gebruiklike konteks gehaal en na 'n nuwe, ongewone een, naamlik 'n kunsgalery, verplaas is. Duchamp, onder die skuilnaam "R. Mutt", het *Fountain* as 'n soort grap, maar ook as kritiek op van die basiese konvensies van (avant-garde-)kuns ingeskryf. Die organiseerders van die uitstalling was woedend: Was die kunstenaar besig om moderne kuns aan 'n toilet gelyk te stel? *Fountain* is haastig uit die uitstalling verwyder en het daarna geheimsinnig 'verdwyn'. Dit was eenvoudig te skandalig vir die kunswêreld van daardie tyd.

Met hierdie kunswerk het Duchamp die konsep van *dit-wat-klaar-gemaak-is* ("ready-made"), oftewel *dit-wat-gevind-is* ("found object"), aan die kunswêreld bekend gestel, en daardeur die tradisionele voorveronderstellinge van dit wat kuns is of behoort te wees op tipies Dadaïstiese wyse uitgedaag.[51] Dit is belangrik om daarop te let dat Duchamp *nie die vorm van die kunsobjek verander* het nie, behalwe om 'n datum en fiktiewe naam op die kant aan te bring en, heel veelseggend, die objek om te draai – soos sekere spieëlbeelde sou doen. Duchamp het wél die kunsobjek uit sy tradisionele plasing (of raam) gehaal en in 'n nuwe raam geplaas, en dit, weereens veelseggend, 'n nuwe naam gegee. Die urinaal het nou 'n fontein geword. Deur hierdie handeling van om-raming, wat her-benoeming insluit, kry die objek 'n nuwe identiteit. Dit word 'n nuwe 'realiteit'.

Duchamp het hom verweer teen aanklagtes dat die kunswerk bloot plagiaat of 'n eenvoudige stuk loodgieterswerk was. Volgens hom was die vraag nie of "Mr Mutt" die fontein met sy eie hande geskep het of nie; wat belangrik was, was dat Duchamp hierdie objek *gekies* het; dat hy dit as 'n gewone voorwerp uit die lewe geneem en dit so geplaas het dat sy gewone betekenis onder die nuwe titel en gesigspunt verdwyn en dit só 'n nuwe betekenis ontvang het.

Hierdie kunswerk is 'n voorbeeld daarvan dat niks op sigself 'realiteit' is nie, en dat alles hoogstens as *adioforon* beskryf sou kon word (iets sonder waarde as sodanig, totdat dit – weliswaar binne, en daarom gebonde aan, die evalueerder se eie sielkundige, kulturele en sosiale raamwerke – beoordeel word). Dít is onder andere wat die Dadaïsme wou bereik: om die kunswêreld met sy vaste oortuigings oor die (uitbeelding van die) realiteit uit te daag.[52] Die

---

50 Bron: www.installationart.net

51 Vgl B.C.V. Adam & S.S. Cleave, *The Art Book* (Londen: Phaidon, 1996), 142.

52 'n Mens sou kon aanvoer dat die om-raming wat die Dadaïsme bepleit, uit drie fases bestaan. Die eerste is die posisie van status quo (*stasis*); die tweede die bevraagtekening hiervan, of vervreemding van dit wat ons gedink het ons weet (*anti-stasis*), en die derde die moontlikheid van her-evaluasie en uiteindelike her-samestelling van die oorspronklike posisie, met ander woorde 'n nuwe posisie wat die oorspronklike oortref (*meta-stasis;* vgl Adam & Cleave, *The Art Book,* 506). Ek propageer nie hier dat alle predikers

Dadaïsme het teen die snobisme en tradisionalisme van die kunswêreld geprotesteer, en teen 'n narkotiese beswyming binne estetika gewaarsku. As sodanig was dit 'n tipe anti-kuns, ter wille van kuns.[53]

Duchamp se kunswerk toon dat her-benoeming inderdaad (nuwe) realiteit kan *skep.* In hierdie geval kry 'n urinaal 'n nuwe naam, en 'word' dit 'n fontein! Sou 'n mens kon waag om te sê dat dit die manier kon beïnvloed waarop kykers in die toekoms na sowel urinale as fonteine sou kyk en dit sou beoordeel?

Een van die maniere waarop om-raming deur middel van her-benoeming sou kon plaasvind, is uiteraard met behulp van *taal* – 'n modus van om-raming wat van vanselfsprekende belang vir die prediking is. Die prediking handel oor die *verwoording* van 'n visioen, maar ook om die skep van 'n visioen deur middel van woorde. Nie alleen skep die visioen die woorde nie; die woorde skep ook die visioen. Prediking is daarom nie net om iets te sê nadat jy iets (Iemand) gesien het nie; dis ook om iets te sien nadat jy iets gesê het. Trouens, in die prediking handel dit oor 'n *samespel van oë en ore,* indien nie ál die sintuie nie.[54]

Maar, sou ons kon vra, waar vind 'n mens sulke visioenêre en visioenerende woorde vir die prediking? Ek het reeds daarop gewys dat prediking onder andere met die onderskeiding van tekens van transendensie in die alledaagse lewe te make het. Dít beteken aan die een kant dat predikers sensitief vir, en waarnemers van, die lewe moet wees. Predikers moet die religieuse dimensies van mense se ervarings in tyd en ruimte kan onderskei.[55] Ervarings, ook die van 'n religieuse aard, word in tyd en ruimte opgedoen. Tog is die tyd en ruimte waarin hierdie ervarings voorkom, altyd bepaalde tye en bepaalde ruimtes.[56] Dít impliseer dat predikers in die spesifieke tye en ruimtes van diegene vir wie hulle wil preek, sal moet vertoef en selfs woon indien hulle by

---

Dadaïste moet word nie. Uiteraard was daar ook gebreke en vergrype in hierdie beweging. Dit was oënskynlik sterk op die gebied van *anti-stasis,* sonder om regtig 'n *meta-stasis,* of ten minste 'n embrionale vorm daarvan, te bied. Tog het die Dadaïste, meer as enigiemand anders van hulle tyd, die konsep van om-raming verstaan. In hierdie sin is hulle waardevolle homiletiese vennote.

53 Bohren, *Predigtlehre,* 60.

54 Sien in hierdie verband die opmerkings van Ola Sigurdson: "As we all know, in the Christian church, different senses have been regarded as the theologically most noble sense during different historical periods: vision in Orthodox Christianity, audition in Protestantism. But this hierarchy needs to be critically studied, since one could suspect that some of the theoretical accounts might be quite different from the established practices in the same historical period. But this is not the only reason for a theology of the senses. As theology often has realized in passing, our senses are ways of relating towards each other and towards God, and as there are different manners of looking, listening, touching and so on, there is need of a more systematic investigation into the theological and/or philosophical implications of the different way of sensing." [Ola Sigurdson, "How to Speak of the Body? Embodiment between Phenomenology and Theology", *Studia Theologica: Nordic Journal of Theology,* 62, nr 1 (2008):41.]

55 Ten einde taal van ervaring te vind, moet die prediker na die (ervarings van) die gemeente luister. Sedert die sewentigerjare het die homiletiek sterk na 'n 'hoordervriendelike' benadering beweeg, met mense soos Fred Craddock wat 'n induktiewe metode voorgestaan het wat die ervarings van die gemeente so probeer ontsluit dat die prediking inderdaad vir hulle sin het. [Fred B. Craddock, *As One without Authority* (Nashville: Abingdon Press, 1971), 25.] Ernst Lange het gepraat van die 'homiletiese situasie', waarin die hoorder in werklikheid die tema van die preek moet word indien prediking 'n werklike verskil wil maak. [Ernst Lange, *Predigen als Beruf* (Stuttgart: Kreuz Verlag, 1976), 34.] Sedert Craddock en Lange het baie homilete (soos Lowry, Buttrick, Hilkert en ander) 'n vorm van prediking bepleit wat by die hoorder se ervarings van die werklike lewe aansluit. [Eugene Lowry, 1980. *The homiletical plot: The sermon as narrative art form* (Atlanta: John Knox, 1980), 76; Buttrick, *Homiletic,* 294; M.C. Hilkert, *Naming Grace. Preaching and the sacramental Imagination* (New York: Continuum, 1998), 55.]

56 Albrecht Grözinger, "The Way of Experience. Preaching as Shaping Experience in a World of Conflict", *Studia Homiletica 5,* reds A. Grözinger & K.H. Soon (Singapoer: Gospel Works, 2005), 1.

die spesifieke (religieuse) ervarings van hierdie mense wil aansluiting vind.

In die taal van Duchamp en die Dadaïste: Predikers sal voortdurend moet rekening hou met *dit-wat-klaar-gemaak-is* ("ready-made"), oftewel *dit-wat-gevind-is* ("found objects"); hulle sal die *lewe* voortdurend moet her-oorweeg. Hier eindig dit egter nie: Predikers is geroepe om hierdie alledaagse ervarings juis as religieuse ervarings te onderskei, en dit as sodanig vir die hoorders van hulle preke uit te lê. Die prediker se taak behels onder andere om sulke ervarings so te om-raam dat mense hierdie skynbaar alledaagse ervarings inderdaad as ervarings gelaai met 'n dieper betekenis kan herken. Ervarings moet her-benoem word, en daarvoor benodig predikers die taal van ervaring.[57] 'n Belangrike manier om ervaring te her-benoem is om jou eie ervaring met ander te deel – dit verhoed ook dat predikers abstrak en lewensvreemd praat. Inteendeel, een van 'n prediker se take is om voortdurend woorde te soek wat ervarings beskryf wat die lewe beskryf. Dít is trouens 'n onvermydelike en voortgaande homiletiese proses: om toepaslike taal van ervaring te vind, maar ook te skep. In 'n neutedop: Ervaringstaal kan as instrument dien vir die om-raming van perspektief.[58]

Maar ook hiér eindig die taak van die prediking nie. Teologies beskou, beteken prediking méér as net 'n aansluiting by, of selfs opklaring van, ervarings. Die klem op die hoorder – wat Bohren noem 'homiletiek se geliefde kind wat uit 'n massiewe aanpassing by die samelewing gebore is' – mag nie eksklusief word nie.[59] Ervarings kan ook verkeerd, selfs destruktief, wees. Dit moet dus vertolk, maar dikwels ook gerig en, inderdaad, getransformeer word. In Duchamp se taal: Die prentjie moet omgedraai en her-benoem word.

Hiervoor benodig die prediker 'n spesifieke perspektief; 'n spesifieke raam, lens of spieël waarin en waardeur die lewe aanskou kan word, naamlik die van die Skrif. Wanneer lewenservarings deur hierdie lens bekyk word, word alternatiewe sigbaar: Dit wat ons gedink het wysheid is, kan in werklikheid dwaas blyk te wees, en andersom. Dit wat vir ons menslike oog onsigbaar was, kom deur hierdie lens duidelik in beeld. Deur hierdie lens leer ons "to picture, portray, receive and practice the world in ways other than it appears to be at first glance when seen through a dominant, habitual, unexamined lens".[60]

Calvyn het nie om dowe neute die lens waardeur ons moet kyk die *bril van die Skrif* genoem nie.[61] Garret Green skryf na aanleiding van Calvyn se insig in (en deur) die Skrif soos volg: "… [T] he scriptures are not something we look *at* but rather look *through,* lenses that refocus what we see into an intelligible pattern."[62] Hy gaan voort: "[I]ts images permit us to see a dimension of depth in the world that is not otherwise apparent."[63]

---

57 Grözinger, "The Way of Experience", 2.

58 Hierdie om-raming van perspektief word aangrypend uitgebeeld in die klassieke *To Kill a Mockingbird* deur Harper Lee, waarin die leser die wêreld deur die helder, kinderlike oë van die klein protagonis, Scout, aanskou. In die slottoneel kyk sy met nuwe oë na die bekende buurt waarin sy grootgeword het. Skielik 'sien' sy die dorp in seisoenale flitse, met beelde van die somer, herfs, winter en lente wat mekaar voor haar geestesoog opvolg soos die raampies in 'n film. In die kernsin van die boek verklaar sy: "I turned to go home. Streetlights winked down the street all the way to town. I had never seen our neighborhood from this angle." [Harper Lee, *To Kill a Mockingbird* (Londen: Heinemann Educational, 1960), 285.]

59 Bohren, *Predigtlehre*, 444.

60 Walter Brueggemann, *The Bible and Postmodern Imagination – texts under negotiation* (Londen: SCM Press, 1993), 13.

61 Johannes Calvyn, *Institutes of the Christian Religion,* red John T. McNeill, vert Ford Lewis Battles, 2 vols, Library of Christian Classics (Philadelphia: Westminster Press, 1960), 1,6:1.

62 Garret Green, *Imagining God: Theology and the Religious Imagination* (San Francisco: Harper & Row, 1989), 107.

63 Green, *Imagining God,* 107.

Deur die bril van die Skrif word die werklikheid om-raam en her-benoem. Daar is baie voorbeelde van her-benoeming in die Skrif self. Dit begin al met die Genesisverhaal, waar die skepping (son, maan, sterre) name kry en só as God se eiendom – en nie die van die gode nie – her-benoem word. Sodoende word die werklikheid as Gód se werklikheid 'geskep'. Selfs mense ontvang die gawe om die diere te her-benoem en op dié wyse werklikheid in die kosmos te 'skep'.[64] Uiteindelik word ook óns deur die Christusgebeure her-benoem: Ons word nou *Christene* genoem.[65] 'n Mens sou kon sê ons lewe word op sy kop gedraai deur die om-raming en her-benaming van ons identiteit.

Prediking wat die werklikheid op 'n soortgelyke wyse as werklikheid *coram deo* her-benoem, kan inderdaad, soos wat Bohren ook aangevoer het, *Namenrede* genoem word.[66] 'Naam-rede' impliseer die spreek oor die Naam (of Name) van God, of eerder die uit-spreek (onderskeiding) van God se veelkleurige teenwoordigheid in ál die sfere van ons werklikheid – van die stukkende skoenveter aan jou linkerskoen tot die plassie melk op die tafel voor jou.

Dít bring ons by die tweede voorbeeld van estetiese om-raming.

3.2 Om-raming as her-samestelling ("re-configuration")

Soms moet die wyse waarop om-raming wêrelde op hul kop staanmaak, 'n radikaler, moontlik selfs aanstootlike en steurende vorm aanneem.[67] Soms is die raam waarin ons geset is so stewig in sement gegiet dat drastiese maatreëls vir her-samestelling nodig is. Daarom, wanneer ons van 'n *her*-oorweging van die realiteit (*dit-wat-klaar-gemaak-is;* "ready-made") praat, moet ons opnuut onderstreep: Dit beteken nie 'méér van dieselfde' of 'n geromantiseerde her-besoek of her-innering aan die verlede nie. Om-raming is nie gelykstaande aan blote her-haling of her-kouing nie. Inteendeel, om-raming impliseer dinamiese prosesse soos her-benoeming ("relabelling"), her-siening, her-belyning en her-verbeelding.[68] In plaas van 'méér van dieselfde', behels dit alternatiewe, selfs paradokse, wat die bestaande uitdaag om nuwe betekenis te verkry, en sodoende verandering in gedragspatrone te bewerkstellig.[69]

---

64 Vgl Genesis 2:18–19.

65 Vgl Handelinge 11:26. In die teorie van verandering is hierdie bevestiging van die ander se (nuwe) waarde, oftewel toegestane waardigheid, bekend as die "Bellac Ploy". Hier impliseer verandering nie net *bevestiging* nie, maar inderdaad ook *skepping* van waardigheid. [Vgl Watzlawick et al, *Change,* 131–133.]

66 Vgl Bohren, *Predigtlehre,* 89–108.

67 Volgens sommige eksponente van die teorie van verandering is dit slegs moontlik om om-raming, en daarom tweede-orde-verandering, deur 'n onderbreking van 'buite' te bewerkstellig. [Vgl Watzlawick et al, *Change,* 92.] Sommige teoretici soos Bandler en Grinder neem as uitgangspunt mense se inherente vermoë om self hulle denke te verander. [Bandler & Grinder, *Frogs into Princes,* 138,183.] Teologies beskou, verkies ek die oortuiging dat 'n verandering in denke (of die raam waardeur ons sien) slegs van buite aangevoer kan word. Paradigmas (basiese strukture) kan slegs deur, en met, die 'ander' verander word. Teologies beskou, kom Christus (die 'Ander') altyd saam met die 'ander' na ons toe. 'n Heel tersaaklike voorbeeld van 'om-raming deur die Ander en daarom die ander' is te vinde in Petrus se visioen waarin selfs die 'onheilige diere' deur die Christusgebeure geheilig word (vgl Handelinge 10:1–48). Petrus se paradigma (raam) word om-raam deur die ander, maar eintlik deur die Ander – en het ware gedragsverandering tot gevolg. Dít is inderdaad tweede-orde-verandering van 'buite'.

68 Vgl Capps, *Reframing,* 4.

69 'n Klassieke bybelse voorbeeld hiervan is die manier waarop koning Salomo die situasie om-raam wanneer twee vroue hom met die dilemma van 'n dooie baba nader (1 Konings 3:16–27). Sy drastiese opdrag, naamlik dat die suigeling in twee gesny moet word, voeg heel ironies nuwe betekenis toe aan die lewe (en toekoms) van die kind, en lei tot 'n dramatiese houdingsverandering by albei vroue. Die Bybel is in werklikheid vol voorvalle wat as om-raming beskryf sou kon word, soos in die gelykenisse wat Jesus vertel en die manier waarop Hy die Torah in die Bergpreek uitlê (vgl Matteus 5–7). Hierdie

Om-raming is nie 'n onskadelike gebeurtenis nie. Dit kan in werklikheid ontwrigtend en ontstellend wees. Niemand verstaan dít beter as die bekroonde, internasionaal bekende Suid-Afrikaanse spotprenttekenaar Zapiro nie. Hy noem sy spesifieke genre van om-raming dan ook met reg "offensive cartooning".[70]

Zapiro daag al baie jare lank die politieke (en ander) magte in Suid-Afrika uit, en het 'n belangrike en unieke rol gespeel om die ware aard van apartheid deur middel van sy dikwels skokkende spotprente te ontmasker.[71] Ironies genoeg het president Jacob Zuma Zapiro in die era ná apartheid aangekla vanweë spotprente wat hom (Zuma) kritiseer.[72] In een van sy spotprente gebruik Zapiro die metafoor van 'n laer om 'n reaksie op 'n waargenome bedreiging uit te beeld. Dít doen hy teen die agtergrond van kritiek wat die regerende party in Suid-Afrika, die African National Congress (ANC), hom op die hals gehaal het vanweë vermeende korrupsie in die nou reeds berugte wapentransaksie met Duitse en Britse maatskappye. In daardie stadium het die ANC ál hierdie aantygings verwerp en hom teen die instel van 'n onafhanklike geregtelike ondersoek versit.[73] Met die volgende spotprent parodieer Zapiro die regering se 'laertrekkery' teen die aantygings oor die wapenskandaal.[74]

In hierdie spotprent vergelyk Zapiro die optrede van die ANC-regering met die van die Voortrekkers by Bloedrivier. Hier word die kring egter nie deur ossewaens gevorm nie, maar deur motors.[75] Die snydende ironie is onmiskenbaar: Zapiro suggereer dat die vryheidsbeweging wat geveg het teen dit wat die Voortrekkerlaer vir hulle gesimboliseer het, nou presies dieselfde doen vandat hulle die regerende mag is. Dit is moeilik om jou 'n skerper vorm van kritiek voor te stel. Zapiro *dupliseer* in werklikheid die basiese struktuur van die oorspronklike, maar doen dit op so 'n wyse dat dit terselfdertyd 'n radikale *her-samestelling* ondergaan.

Dít is om-raming op sy beste!

Uit 'n homiletiese perspektief is dit belangrik om te verstaan dat die Bybel ook vol beelde en taal is wat die werklikheid om-raam – dikwels ook op ontwrigtende en ontstellende wyses. Bybelse tekste dien as lense, spieëls en brille wat beskouinge van die baie gesigte en dade van God bied – beskouinge wat egter nie altyd inpas by ons sieninge en verwagtings van wie God is of behoort te wees nie. Die Bybel is nie 'n onskadelike boek wat die verburgerliking van die

---

voorvalle van om-raming impliseer ingrypende her-samestellings in plaas van 'n kosmetiese, eerste-orde-herrangskikking van waarhede.

70 Sy eie beskrywing van sy werk is veelseggend: "In my work I simply ask: *what if?* During the apartheid era, cartoonists kept on using methods like hyperbole, parody, [revealing of] stereotypes, ridiculing, etc., to ask the question: *what if* things could be different? *What if* we tried an alternative? In the process they contributed to the education and mobilization of the public, but also aided them in making sense of changing realities as well as the challenges of transition. And this *what if?* should not, in fact dare not, fall silent in post-apartheid South Africa." ["Defending the Jester's Space: Pushing the Limits of Political Cartooning"-simposium. Aangehaal uit woordelikse notas deur Johan Cilliers.]

71 As 'n anti-apartheidsaktivis het hy in die tagtigerjare plakkate en pamflette vir die United Democratic Front (UDF) ontwerp, en is ook verskeie kere in hegtenis geneem.

72 ["Political Cartoons from South Africa", *The World,* 13 Januarie 2011, toegang bekom op 31 Julie 2011, http://www.theworld.org/2011/01/political-cartoons-from-south-africa/.] In hierdie artikel vergelyk Zapiro sy rol as politieke spotprentkunstenaar met die van 'n hofnar met "the kind of license to really be irreverent, to bite".

73 President Zuma het eers onlangs (in September 2011) 'n onafhanklike geregtelike ondersoek ingestel – lank nadat die spotprent gepubliseer is.

74 [Jonathan Shapiro (Zapiro), "Then and Now", *Richard Hainebach, Zapiro Rights, for Jonathan Shapiro.*] Die prent is oorspronklik op 19 April 2001 in die *Mail & Guardian* gepubliseer. [Aangehaal uit Campbell & Cilliers, *Preaching Fools,* hfst 6, g.b.]

75 Volgens gerugte sou heelwat hooggeplaaste ANC-amptenare en ministers finansiële 'voordeel' uit die transaksie getrek het en óf luukse motors koop óf sulke motors as 'geskenke' ontvang.

samelewing netjies dien nie; dit is eerder 'n boek wat die fundamentele om-raming van ons perspektiewe tot gevolg het. Dít gebeur dikwels volgens 'n bepaalde patroon.

Eerstens is daar 'n moment van *oriëntasie,* waarin jy iets bekends, iets *wat-klaar-gemaak-is* ("ready-made"), in die beeld herken. Dan volg die fase van *disoriëntasie* (nie noodwendig opeenvolgend nie; meestal gelyktydig), waarin die beeld jou begrip van die werklikheid bevraagteken en sodoende versteur en omvergooi. Dít is hoe baie bybelse beelde en taalstrukture werk: 'n Bekende metafoor word byvoorbeeld skielik vreemd en uitdagend, en werk skielik ondergrawend in op die status quo – soos 'n stukkie suurdeeg wat tot 'n onstuitbare koninkryk uitrys.[76] Bybelse beelde is inderdaad dikwels kontrabeelde; beelde wat ons verbeelding so skok, so 'n "imaginative shock" toedien, dat dit vir ons die ongelyksoortige dog bevrydende 'soos' van die koninkryk word.[77]

Hierdie skok is inderdaad bevrydend, want ná die disoriëntasie volg gewoonlik die oomblik van *re-oriëntasie.* Nou ontsluit die beeld vooruitsigte van nuwe moontlikhede en nuwe wêrelde vir ons; dit funksioneer as 'n wêreldskeppende mag. Baie van die taalstrukture van die Bybel openbaar hierdie patroon, byvoorbeeld in die gebruik van parodie, paradoks, ironie, metafoor, indirekte verhale, spot, ensovoorts – alles taalvorme wat ons realiteite op een of ander wyse ondersteboe draai en op die kop van sogenaamde logika dans.[78] Bybelse tekste funksioneer dikwels as kontragetuienisse teen, of kruisverhore van, ons 'ononderhandelbare' kernoortuigings. Dikwels openbaar dit sye of beelde van God wat beswaarlik by ons konvensionele teologiese en homiletiese taal inpas. Die kuns van prediking as om-raming sluit nie alleen die gebruik van die taal van alledaagse ervaring in nie, maar ook die verwoording van hierdie vreemde taal van die Bybel as *verbum alienum.* Trouens, die dialoog of taalspel tussen hierdie twee vorme van diskoers is wat ons *prediking* sou kon noem.

---

76 Matteus 13:33.

77 E.R. Riegert, *Imaginative Shock. Preaching and Metaphor* (Burlington: Trinity Press, 1990), 72–74; Brueggemann, *The Bible and Postmodern Imagination,* 15.

78 'n Uitgebreide beskrywing van die gebruik van hierdie taalstrukture in die prediking is nie binne die beperkinge van hierdie rede moontlik nie. Sien hiervoor Campbell & Cilliers, *Preaching Fools,* hfst 8.

Soos egter reeds gesuggereer is, beoog hierdie taal van die prediking nie om te ontwrig en te ontstel bloot ter wille van ontwrigting en ontsteltenis nie. Dit wil eerder re-oriëntasie bewerkstellig. Sodanige re-oriëntasie word ook deur her-verbeelding meegebring, wat die derde voorbeeld van estetiese om-raming uitmaak.

3.3 Om-raming as her-verbeelding

Prediking is al die kuns van her-verbeelding genoem.[79] Om-raming sluit her-verbeelding in. 'n Besonder treffende voorbeeld hiervan – trouens, een van die mees klassieke vorme van om-raming – is in die tyd van die Reformasie te vinde. Daar sou inderdaad gesê kon word dat die Reformasie nie alleen die herontdekking van die Woord van die evangelie behels het nie, maar ook van die belang van verbeelding, en her-verbeelding.[80]

Martin Luther het waarskynlik saam met ander die atmosfeer help skep (of was dit andersom?) vir 'n aantal Noord-Duitse kunstenaars om rigtinggewende werke op die breuklyn tussen die Gotiese en Renaissance-eras te skep – byvoorbeeld Lucas Cranach, Albrecht Dürer, en veral Matthias Grünewald (1470–1528), wat aan ons een van die aangrypendste werke uit die Reformatoriese tydperk nagelaat het. Sy beroemde uitbeelding van Christus se kruisiging,[81] wat voltooi is twee jaar nadat Luther sy stellinge aan die kerkdeur in Wittenberg vasgespyker het, verteenwoordig 'n dramatiese paradigmaskuif waarin Christus nie meer deur 'n sentimentele stralekrans omring word nie; sy lyding word nie meer estetes versag nie – inteendeel. Hier sien ons nie meer die atletiese en heroïese Christus van die Renaissance nie, maar 'n liggaam wat die uiterste verminking en vernedering van 'n mens deur ander mense versinnebeeld. Die hele beeld word her-verbeel(d) – weg van 'n rustige, kalm toneel na die kru realiteit van die kruis.

In hierdie uitbeelding is die doringkroon en Christus se hare ineengestrengel, ineengevleg – want in hierdie oomblik ís Christus sy lyding. Gebroke. Vermink. Godverlate. Só hang Hy daar. Sy arms

---

79 W. Brueggemann, "Preaching as re-imagination", *Theology Today,* 52 (1995):313–329.

80 Beelde kan ons, volgens Luther, veral aan die unieke realiteit van Golgota herinner. Daardeur word die kruis as 't ware telkens voor die geestesoog geroep. 'n Uitbeelding van die gekruisigde Christus (crucifix) kan "zum ansehen, zum zeugnis, zum gedechtnis, zum zeichen" wees. [A-M Wachters-van der Grinten, *Gij zult u geen gesneden beeld maken… Het beeldverbod in jodendom, christendom en islam* (Kampen: Kok, 1996), 129.] As 'n mens die Naam 'Christus' hoor, sê Luther, sien jy 'n gekruisigde mens soos wat jy jou eie gesig in die water weerspieël sien: "Warum sollts sunde sein, wenn ichs inn augen habe?" Hoewel beelde dus nie vanuit 'n religieuse oogpunt *noodsaaklik* is nie, is dit tog *nuttig* as tekens van herinnering en hoop. [Martin Luther, *Invokavitpredigten* 1522, *Weimarer Ausgabe* (WA) (Weimar: Hermann Böhlau, 1883), 10,3,26.]

81 Bron: www.ibiblio.org

is buite verhouding lank uitgerek. Sy hande is verwring, asof in 'n fisiese kreet wat tegelykertyd lyk (klink) na 'n desperate klag teenoor, maar ook 'n volledige oorgawe aan, God. Sy voete is onherkenbaar vermink, en beeld die Gotiek se siening van lyding en sterflikheid in die uiterste vorm uit. Die Gekruisigde se lippe is pers, soos die van 'n versmoorde. Die makabere liggaam hang vooroorgeboë, onder die swaar gewig van die sonde, dermate dat selfs die houtkruis buig. Sy liggaam is blougrys en opgeswel, en toon die afgryslike tekens van die geseling en lyding aan die kruis. Die diep agtergrondkleure staan in skrille teenstelling met die figure op die voorgrond – 'n kenmerkende gebruik van lig en donker, 'n tegniek wat as *chiaroscuro* bekend is.[82]

Links op die skildery, op haar knieë, wring Maria Magdalena haar hande in gebed saam. By haar staan 'n kruik met welriekende olie. Maria, die moeder van Jesus, deins weg van die grusame liggaam en die afgryslikheid van die dood, en word ondersteun deur die dissipel Johannes – nóg 'n veelbetekenende her-verbeelding weg van die tradisionele kalmte van 'n moeder-van-God-uitbeelding. Aan die regterkant staan Johannes die Doper met 'n opvallende lang wysvinger en verklaar: Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Voor hom staan 'n lammetjie met 'n kruis en 'n Nagmaalsbeker by sy voete – simbool van die oorwinning van dié Lam; die paradoks van alle paradokse.

Wat hierdie klassieke werk nóg indrukwekkender maak, is dat dit geskilder is om in 'n kloosterhospitaal in Isenheim te hang – 'n hospitaal wat in velsiektes soos ergotisme (kriebelsiekte) gespesialiseer het.[83] Die detail op die Gekruisigde se vel sou in hierdie konteks 'n onmiskenbare vereenselwiging, en dus troos, kon bewerkstellig.[84] Deur hierdie vreemde, *anti-estetiese estetika* word die evangelie bemiddel.[85] Inderdaad die paradoks van alle paradokse!

Dit is bekend dat 'n afdruk van hierdie skildery van Grünewald vir meer as 50 jaar bo niemand anders nie as Karl Barth se lessenaar gehang het, en dat hy meer as 50 keer in van sy vernaamste geskrifte daarna verwys het. Hy noem dit selfs 'n 'visuele hulpmiddel' vir sy lewenswerk.[86] Wat die Doper se prominente wysvinger betref, verklaar Barth: "Could anyone point away from himself more impressively and completely?"[87] Dit is inderdaad 'n uitbeelding van wat Stanley Hauerwas noem "looking in the right direction"![88]

Hierdie meesterstuk verteenwoordig 'n vorm van her-verbeelding van die evangelie – teen die sentimentalistiese stroom van sy tyd in – wat sedertdien vir vele waarnemers daarvan betekenis her-skep en gedragspatrone verander het. As sodanig, illustreer dit ook die kerntaak van die prediking, naamlik die *voortdurende her-verbeelding van die evangelie teenoor gangbare beelde van Christus.*

4. GEVOLGTREKKING

Hoewel prediking as om-raming dikwels ontwrigtend en ontstellend, selfs vreemd, onverwags

---

82 Vir meer voorbeelde, sien Johan Cilliers, *Dancing with Deity. Re-imagining the Beauty of Worship* (Wellington: Bybelmedia, binnekort gepubliseer), g.b.

83 Dié kunswerk word tans in Colmar bewaar.

84 Andrée Hayum, *The Isenheim Altarpiece: God's Medicine and the Painter's Vision* (Princeton: Princeton University Press, 1989), 27–28.

85 'n Mens sou inderdaad kon sê dat die Reformasie, en Luther in die besonder, saam met die skilders van die Italiaanse Renaissance 'n groot aandeel gehad het aan die *de-sakralisering van beelde,* en die moontlikheid om beelde as nuttig te verstaan en te gebruik. Die teologiese kritiek van die Wittenbergse Reformasie was gemik teen beelde wat *idole* geword het, nie beelde wat as *simbole* benut sou kon word nie.

86 Jürgen Fangmeier & Heinrich Stoevesandt, *Karl Barth Letters 1961–1968* (Grand Rapids: Eerdmans, 1981), 315.

87 Karl Barth, *Church Dogmatics,* I/1, vert B.W. Bromiley (Edinburgh: T&T Clark, 1975), 112.

88 Hauerwas & Willimon, *Resident Aliens,* 95.

en paradoksaal kan wees, bly dit 'n 'sagte', nie-opdringerige kuns. Om-raming is nie bedoel om verandering as 'n tipe vyandige oorname deur middel van dwang of manipulasie te bewerkstellig nie. Homiletiese om-raming dwing nie normaalweg die tekens van God se immanensie op mense af nie. God se voetstappe (*vestigia dei*) in die wêreld is immers nie die dreunende voetstappe van 'n reus nie. Inteendeel, dit kan maklik misgekyk en nie gehoor word nie. Homiletiese om-raming help ons om hierdie voetstappe te hoor en hierdie tekens te sien, en wys ons op God se (brose, gekruisigde) teenwoordigheid in die rame van ons realiteite – soos Johannes die Doper se wysvinger.[89]

Hierdie soort prediking is uiteraard 'n ernstige saak wat dikwels 'n uitvloeisel van, maar ook 'n oproep tot, klag is. Tog is klag en lag twee sye van dieselfde munt; albei maak deel uit van 'dwase' prediking wat wysheid op sy kop staanmaak.[90] Eweneens is om-raming, synde "the very lifeblood of wise-fool ministry", dikwels speels en humoristies, met 'n gepaardgaande bevrydende gelag.[91] Dit vereis die humor van hoop. In die woorde van Donald Capps: "Lightness of touch and the releasing power of laughter are essential to the art of reframing. Otherwise, the art degenerates into a weapon which manipulates and mocks the very ones it means to help, and dehumanizes those who use it. Reframing is not for angry prophets, but for prophets who know the releasing power of laughter. Reframing is for prophets who are wise enough to know that God can get along perfectly well without them, and fool enough to believe that God would never try to go it alone."[92]

Prediking as om-raming neem waar en her-benoem; dit ontwrig en ontstel. Dit wys egter ook na nuwe realiteite en nuwe moontlikhede heen. Dit daag ons gevestigde beelde van God voortdurend uit; herinner ons daaraan dat ons ervarings van God, ons teologieë en prediking oor God, bloot 'n begin is, en dat ons diepste dogmas en fynste formulerings net 'n gestotter en gestamel is oor die onpeilbare geheim wat *God* is. Dit help ons om in en deur die om-raming-spieël van die bybelse teks te bly kyk, wel wetende dat God se openbaring gelyktydig God se verberging is, en God se verberging gelyktydig sy openbaring.[93] Dit herinner ons daaraan dat ons rame nie staalstrukture is nie, maar penstrepe en kwashale.

Johan Cilliers
Vakdissipline Praktiese Teologie en Missiologie
Universiteit van Stellenbosch
jcilliers@sun.ac.za

89 Dít is wat Josef doen met sy beskrywing van die gebeure wat hom uit sy vaderhuis na Egipte weggevoer het. Hy verklaar soos volg aan sy broers nadat hy met hulle herenig is: "Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red." Om-raming is hier te sien in die merkwaardige teologiese her-vertolking en her-benoeming van die gebeure: "… want God het …" [Genesis 45:4,5]

90 Vgl hfst 6 van Campbell & Cilliers, *Preaching Fools.*

91 Capps, Reframing, 169; Alastair Campbell, *Rediscovering Pastoral Care* (Londen: Darton, Longman & Todd, 1986), 47–64.

92 Capps, *Reframing*, 180.

93 Vgl 1 Korintiërs 13:12.

Cloete, Anita
Stellenbosch University

Spiritual formation as focus of Youth Ministry

ABSTRACT

The article pays attention to spiritual formation as a vital focus in youth ministry. Spiritual formation will be described as a contextual process of meaning making and integration of what we believe into how we live our lives. The individualistic nature of especially postmodern spirituality gets attention. Lastly the article will focus on the connection between identity formation and spiritual formation, as well as the community orientated focus of Christian spirituality, which makes it so valuable for youth ministry today.

ABSTRAK

Die artikel skenk aandag aan geestelike vorming as 'n noodsaaklike fokus in jeugbediening. Geestelike vorming sal beskryf word as 'n kontekstuele proses van sinmaking en integrasie van wat ons glo in hoe ons leef. Die individualistiese aard van veral postmoderne spiritualiteit geniet aandag. Laastens fokus die artikel op die verbintenis tussen identiteitsvorming en geestelike vorming asook die gemeenskap georienteerde fokus van Christelike spiritualiteit wat dit so waardevol maak vir jeugbediening vandag.

1. INTRODUCTION

The article focuses on the renewed interest in spirituality today and its value for youth ministry. The concept of Christian spirituality is described as a process of spiritual formation. A description is asserted of the postmodern subjective, individualistic view of spirituality and the challenges it poses to Christian spiritual formation, which is understood to be community orientated. It is argued here that the connection between identity formation and spiritual formation, as well as the community seeking character of Christian spiritual formation, is vital for youth ministry today.

2. WHAT IS SPIRITUALITY?

Today there is a renewed interest in spirituality from different platforms and contexts, to the point that it is referred to by some as a new buzzword (Kourie & Ruthenberg 2008:80). One of the characteristics of postmodernism is the need for spiritual experience. Therefore spirituality has become a much-discussed topic under laity and seminary students (Schneiders 1990:17) and is even regarded as a new academic discipline (Schneiders 1990:24). Grenz (2002:87) describes it as follows: "[S]pirituality which seems to have been banned from vocabularies of the people living in a scientific culture, is now not only common parlance but even fashionable. This is the case even among those who eschew organized religion". Despite the fact that the term spirituality is widely used and referred to, there is no conceptual clarity or consensus on what the term means. At the same time it does not mean that there are no indicators developed in academic writing, specifically to describe and define what spirituality could mean. I would like

Fact is that from 1652-1795 the responsibility for religion and the spiritual care for the people at the Cape resided with the Political Council under the leadership of the Commander (Vorster 1956:38). The DEIC appointed sick comforters and ministers in the various places. The ministers appointed by the DEIC were not in the first place ministers of the reformed church but officials of the Company who had a rank equal to that of a vice-merchant. The churches in the Netherlands also had no rights which they could claim with regard to ministers and sick comforters in the service of the DEIC (Boetzelaar van Dubbeldam 1906:119), they were subject to officials in the company who had a higher rank than they. The Commanders assumed the right to give

sick comforters the right to administer baptism; they appointed and also dismissed ministers; ministers and sick comforters could receive no other instruction from classes in the Netherlands than those approved by the Lords XVII, in any civil case they were subject to the authorities of the Company both on sea an on land; at any time the Lords XVII could recall them without giving reasons; they were allowed correspondence with a classes involved in a matter but the classis could only be consulted in an advisory capacity.

In 1689 the Political Council refused the request of the French refugees to install their own Church Council in Drakenstein (Resolutie Pol. Raad 28 Nov 1689). When the local churches installed a combined meeting between them they had in mind a structure equal to a classis . When they informed the classis of Amsterdam of their achievement they received praise and blessings from there. The classis of Amsterdam did however advise them not to call the combined meeting a classis but rather a "coetus" or a "convention" – the reason being that they could not perform all the duties of a classis such as the examination of candidates and ministers for the ministry or the appointment and instalment of ministers. In answer to this the churches at the Cape decided to call their meeting a Combined Meeting. In practice it performed the duties of a classis. In constituting the meeting they followed the prescriptions of the Church Order of Dordt and on their agenda they treated all the matters that usually came on the agenda of a classis meeting. The combined meeting also decided to draw up bylaws for church visitation. In 1759 the combined meeting was suddenly prohibited by the Political Council at the Cape. The reasons they gave was that the costs for the meeting was to high and that the meeting did not answer to its purpose (Van der Watt 1976:38). It was clearly an attempt by the Political Council to keep the church in a state of subordinance. This decision had a serious impact on the development of the church in South Africa. .

About the situation in the eighteenth century McCall Theal, as quoted by Vorster, writes: "The Church was in one sense merely an engine of the State, and was always and in every sense subordinate to the Council of Polity" (Vorster 1956:39). Apart from the matters mentioned above, many more examples of the Council of Polity controlling ecclesiastical matters can be added (Vorster 1956:39-43).

All of the above attests to the fact that between the years 1652-1795 the Political Council at the Cape had a typically Constantinian approach towards the church in South Africa: one of not merely protecting the church but also controlling it, just as it was the case in the Netherlands.

2.2 After 1795

After 1795 the rule of the DEIC at the Cape came to an end it was followed by the first British occupation from 1795-1803; after that the Batavian rule under Governor de Mist and from 1806 the English colonial rule. Under all these rulers the same approach with regard to the church was followed – they protected the church but they also controlled the church – many examples can be quoted.

2.3 The Synod of 1824

The decision of the Political Council in 1759 to stop the meetings of the Combined Meeting of churches clearly hampered the normal development of church at the Cape because it was only in 1824 that the church got permission from the then English authorities to hold a synod. In 1822 the three ministers of the church in Cape Town, Abraham Faure, Berrange and Von Manger wrote a letter to the governor asking his permission to call a meeting of a Synod or a General Meeting in terms of Church Order drawn up by De Mist (1804) article 46. As reasons they mentioned that Church Councils and Synods are the ways through which Presbyterian Churches are governed; it would help to overcome differences; advance religious education

and promote unity amongst the different ministers. Since the loss and support of the classes and synods in the Netherlands the ministers are more or less left to themselves and church councils have no "higher" body which they can join. Also the numbers of the Dutch Reformed Church were growing and more and more religious bodies, previously unknown were making their appearance and that could disrupt the existing order. Permission was granted and the first synod of the Dutch Reformed Church met on 2 November 1824. In the drawing up of articles for the management of the church the meeting took as basis the *Algemene Reglement* of the Hervormde Kerk in the Netherlands but when the Praeses and Scribe wrote to the governor after the meeting they requested that the General Church Order of the National Synod of Dordrecht also be printed by the government press "being a fundamental piece of all our regulations to which each of us is held" ("als zijnde een fundamenteel stuk van alle de Regulatiën onzer Kerk, waaraan elk onzer gehouden is" (Moorrees 1937:554). So it is clear that in 1824 the Church Order of Dordt still played an important role in the mind of those gathered at the synod of 1824.

2.4 Ordinance 7 of 1843
In 1843 the Church Ordinance of De Mist was replaced by the Ordinance no 7 of 1843. This Ordinance apparently made the church more free from control by the government such as that Political Commissioners no longer took a seat in church meetings, and the church received the power to regulate it's own internal affairs. The Ordinance was presented under the heading of "The Separation of Church and State Petition". Yet in practice the church remained subject to government in as far as the government controlled the church through the so called power of the purse and the privilege of presenting ministers to congregations. Furthermore the Ordinance restricted the church with regard to its faith character, its organization, it's competence and its geographical limits (Kleynhans 1973:80-84). It was generally accepted that Ordinance nr 7 of 1843 severely restricted the freedom of the church (Van der Watt 1980:44 – 46).

The Dutch Reformed Church in South Africa (The Cape Province) eventually decided on 21 October 1957 to ask the Government to revoke Ordinance nr 7 of 1843. "The Dutch Reformed Church in South Africa declares and confirms its historical view that this Church as a organized body had an independent existence in own competence even though always subjected to the articles of law applicable to the church. Since the existence of the church is not dependent on the articles of law, Synod, given the legal advice which was obtained, mandates the Moderature to approach the authorities to revoke Ordinance nr 7 of 1843" (Kleynhans 1973:95)

2.5 11 February 1859
The Reformed Churches in South Africa (Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) was established on 11 February 1859 in Rustenburg in the then Zuid-Afrikaansche Republiek. Their confessional base was and still is, the three Formulas of Unity while the Church Order of Dordt, as amended for South African conditions, was accepted as Church Order (Vorster 2008: 383; Vorster 1999:2-9). This remains the position up until today.

2.6 1948
In 1948 the Nationalist Party came into power and very soon started to enforce its policy of apartheid on the whole of the country, including the churches. It cannot be said that there was no tolerance of different faith convictions in the country or that churches did not have the freedom to for instance determine their own church orders but all along the government was controlling the churches through its policies. Sadly it must be said that in many cases Afrikaans speaking churches not only subscribed to the policies of the government but also encouraged them.

2.7 Even if there was more freedom for churches the Constantinian approach of protect and control remained the main characteristic of church-state relations.

2.8 Nov-Des 1959

On May 1959 the Council of Dutch Reformed Churches meeting in Bloemfontein accepted a concept church order for the government of the Dutch Reformed Church. Willie Jonker comments that this concept church order would not only serve as a basis for the organic unification of the Dutch Reformed Churches in the different provinces of the country but that it would also serve as a strengthening and establishment of the reformed character of the Church (Jonker 1959:795), enabling the church to be governed by the Word of God through its church order. He then continues to point out that it was the explicit intention of the drafting commission to link as close as possible to the Church Order of Dordt. He writes "The Church Order of Dordt is without doubt the best and purest historical formulation and summary of the Scriptural principles on which Reformed Church government rests in spite of a few articles which could be formulated in another way, due to the changes in time." (Jonker 1959:796). He continues by saying that the Dutch Reformed Church, in spite of not having the Church Order of Dordt as a document never lost the spirit and main principles of the Church Order of Dordt (Jonker 1959:796). The new concept church order that was approved of, tried to stay as closely as possible to Dordt in its different chapters and sometimes even in the way in which articles are formulated (Jonker 1959:796). It must of course also be kept in mind that the new Church Order of the Reformed Churches in the Netherlands (1957-1959) also had a big influence on the new Church Order of the Dutch Reformed Church. Nevertheless is can be said that the Church Order of Dordt with its reformed principles formed and still forms the foundation of the Church Order of the Dutch Reformed Church. Jonker mentions a few points where he thought that the Church Order of the Dutch Reformed Church could still be brought closer to the principles Dordt – one being that there should not be a permanent moderature after the meeting of synod (Jonker 1959{835). It is interesting that at the meeting of the General Synod in October 2011 exactly this change was approved of in the Church Order which shows that the Dutch Reformed Church is continuously looking at its Church order to bring it in line with the Reformed principles of church government.

3. NEW DEVELOPMENTS SOUTH AFRICA

In 1994/1996 a new Constitution for South Africa was approved of. With the new Constitution a new era for Church State relations in SA started – actually not only new church-state relations but new relations between the state and religions as well as between religion and religion. In the Constitution religion (churches is dealt with in article 9(3) (Constitution 1996 art 9(3) where it is stated there can be no discrimination against a person on grounds of religion; article 31 which says that a person belonging to a religious community has the right to enjoy and practice their religion, form, join and maintain religious associations and other organs of society (Constitution 1996:art 31). Article 185 provides for a Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities (Constitution,1996:art 185). Very important for religions in SA is article 15 of the Constitution which states (1) "Everyone has the right to freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion." (2) "religious observances may be conducted at state aided-institutions, provided that (a) those observances follow the rules made by the appropriate public authorities; (b) they are conducted on an equitable basis and (c) attendance is free and voluntary. The third part of article 15 allows for marriages in South Africa to be concluded under any tradition, or a system of religious, personal or family law. (Constitution 1996:art 15). Also important for religions is the fact that article 7 (2) of the

Constitution reads that "The state must respect, protect, promote and fulfil the rights in the Bill of Rights (Constitution 1996:art 7(2)). All of these are very strong securities and opportunities for religions in South Africa since 1994/1996. Added to all of this there is also art 234 of the Constitution which, for the deepening of the culture of democracy, allows for Parliament to adopt Charters of Rights consistent with the provisions of the Constitution. Religions in SA took up this challenge and in the past few years developed a *South African Charter of Religious Rights and Freedoms* which they endorsed and now are in the process of taking the Charter to Parliament. The Dutch Reformed Church has already decided to make the Charter part of their official documentation and that it be taken up in the Church Order Book of the Church (Agenda General Synod 2011:286).

Freedom of religion implies the right of religions to the free exercise of the religion; the right for a plurality of religions to exist in one country; the equality of all religions under the Constitution and before the laws of the land; the separation of religion and the state and the disestablishment of religion by the state (Witte, Religion and the American Constitutional Experiment, 37). For a religion as such, be it a church or whatever other religion, freedom of religion entails institutionally that it has a right to: (i) to a creed/creeds, which defines the accepted cadre of beliefs and values concerning the ultimate origin, meaning, and purpose of life; (ii) a cult, which defines the appropriate rituals, liturgies and patterns of worship and devotion that give expression to the beliefs; (iii) a code of conduct, one can also call it a church order in the case of churches, which defines the appropriate individual and social habits of those who profess the creed and practice the cult and lastly (iv) the right to be a confessional community which defines the group/individuals who embrace and live out the creed, the cult and the code of conduct both on their own and with fellow believers. (Witte xxv).

4. IN CONCLUSION

From 1652–1994, actually one can say from 1578, the state authorities always had a say in the affairs of reformed churches. It was a typical Constantine situation of the state protecting churches but at the same time also controlling them.

The new situation in South Africa for religions brings about most definite freedoms not only for churches but for all religions at the same time it also brings certain obligations. It is of little avail if religions have constitutional guarantees of freedom of religion and a *Charter of Religious Rights and Freedoms* which spells out what the religious rights are that religions can claim but religions themselves do nothing to appropriate those rights. If religions do not claim and use the religious space provided to them in the Constitution and the *Charter of Religious Rights and Freedoms* the consequence will be that any right that they claim will be adjudicated in terms of the laws of the land. A Religion for instance cannot limit the rights of employees in terms of labour relations if its own order does give proof that freedom of religion in terms of labour relations has not been appropriated by the religion in its rules. A Religion can also not claim special rights with regard to disciplinary hearings and limit for instance the rights of accused with regard to legal representation if it does not show proof that it has used the right to freedom of religion to make sure that its disciplinary hearings are done in accordance with its faith identity. All of this makes it very important for churches and religions to make very sure that their church order or rules of order are in conform it to their faith identity. That is what the Church Order of Dordt wanted to do with regard to the life of reformed churches – unfortunately the relationship between state and church did not always allow for that. Freedom of religion in a Constitutional state creates the opportunity for churches and other religions to create their own order as long as it can be shown that the order is based in the faith identity of the church or religion

and that the limitation of the rights of members are also in conformity with the church's faith identity. Specifically for the Dutch Reformed Church there is now the guaranteed freedom to lay down their rules for matters such as church unification, labour relations, disciplinary actions, theological training etc., as a matter of fact for the whole life of the Church.

BIBLIOGRAPHY

Bakhuizen van den Brink, J N & Dankbaar W F, 1976. *Handboek der Kerkgescjiedenis Deel III, (Reformatie en Contra Reformatie).* Bert Bakker, Daamen N.V.:Den Haag.

Bakhuizen van den Brink e.a.(red), 1960. *Documenta Reformatoria Dl 1. Teksten uit de Geschiedenis van Kerk en Theologie in de Nederlanden sedert de Hervorming.* J.H. Kok: Kampen

Berkhof,H & Otto J de Jong, 1975. Geschiedenis der Kerk (negende Druk), C F Callenbach, B.V.: Nijkerk.

Blei, K, 2006. *The Netherlands Reformed Church 1571-2005.* (Translated by Allan J. Jansen). William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids,MI/Cambridge: U.K.

Boetzelaar van Dubbeldam, C W Th Baron van, 1906. *De Gereformeerde Kerken in Nederland en de Zending in de dagen der Oost-Indische Compagnie.* P den Boer: Utrecht.

Calvyn, J.1559, *Institusie van die Christelike Godsdiens.* (Vertaal deur H. W. Simpson,1991. Nasionale Media, Potchefstroom

Coertzen,P,2007. Freedom of Religion – then and now. In: *NGTT. Constitution of the Republic of South Africa 1996,* Act 108 of 1996

De Jong, Otto, 1972. *Nederlandse Kerkgeschiedenis.* G F Callenbach N.V.:Nijkerk.

Jonker, W.D. 1959. *Die Nuwe Kerkorde dl I,II &III.* In: Die Kerkbode, 18 November 1959, p759 – 796 & 800; Die Kerkbode 25 November 1959, p 835-837; Die Kerkbode, 2 Desember 1959, p 870- 871 & 883.

Jonker, W.D.,1965. *Om die Regering van Christus in Sy Kerk.* Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Koffeman,Leo J, 2009. *Het Goed Recht van de Kerk. Een theologisch inleiding op het kerkrecht.* Kok: Kampen

Moorrees, A, 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652–1873.* S.A. Bybelvereniging: Kaapstad.

Nederlandse Geloofsbelydenis, 1988. In: *Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* N G Kerk-Uitgewers: Kaapstad.

Potgieter, F J M,1952. Ons Kerk in Kaapland. In: Hanekom T N (Red), *Ons NG Kerk.* NG Kerk-Uitgewers: Kaapstad*.*

Pont, A D, 1981*. Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg,* deel 1,. HAUM: Pretoria, Kaapstad.

Spoelstra, C, 1907. *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsche-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Deel II.* Hollansch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij.

Van der Watt, P B. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824.* NG Kerkboekhandel: Pretoria.

Vorster, J D, 1956. *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652–1792.* Pro Rege-Pers Beperk: Potchefstroom.

Vorster, J. M. 2003. *An Introduction to Reformed Church Polity.* Potchefstroom Theological Publications: Potchefstroom.

Vorster, J M., 2008. Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). In: Gaum F; Boesak, A & Botha W (Reds), 2008: *Christelike Kern-Ensiklopedie.* Lux Verbi.BM & Bybelkor: Wellington

Walker, Williston,1970. *A History of the Christian Church.* T.& T. Clark: Edinburgh

Wegener, G S, 1965. *Die Lewende Kerk.* (Afrikaanse uitgawe geredigeer en aangevul deur T N Hanekom.). Human & Rousseau: Kaapstad, Pretoria.

Witte, J, 1996. "Introduction", In: John Witte & Johan D van der Vyver, *Religious Human Rights in Global Perspective. Religious Perspectives.* Marthinus Nijhoff Publishers: The Hague:

Witte, J, 2000. *Religion and the American Constitutional Experiment.* Boulder: Westview.

TREFWOORDE
Kerkorde van Dordt
Sinode van Dordt
Kerk en Staat

Handves van Godsdiensregte en-vryhede
Kerkorde van die NG Kerk

KEY WORDS
Church Order of Dordt
Synod of Dordt
Church and State
Charter of Religious Rights and Freedoms
Church Order of the Dutch Reformed Church

Coetzee, Murray H - Universiteit van Stellenbosch
& Conradie, Ernst M - Universiteit van Wes-Kaapland

Dominante teologiese sleutels in die Ned Geref Kerk na 1974

ABSTRACT

Dominant theological keys in the Dutch Reformed Church after 1974

This article [follows upon a] forms a sequel to a previous contribution in which the points of divergence between apartheid theology and the critical voices of Ben Marais and Beyers Naudé within the Dutch Reformed Church were analysed, especially with reference to the different "theological keys" employed up to the publication of *Human Relations and the South African scene in the light of Scripture* (1974). This contribution offers hypotheses for further research on subsequent developments within the Dutch Reformed Church. Three questions are addressed: 1) What happened to the dominant theological keys employed in apartheid theology after 1974? 2) Which theological keys became dominant in the Dutch Reformed Church after 1974 and again after 1994? 3) How can the theological points of divergence within the Dutch Reformed Church be understood after 1974 and especially after 1994? Some concluding comments are offered on the significance of such hypotheses for ecumenical relations, especially within the family of Dutch Reformed churches.

INLEIDING

In 'n voorafgaande bydrae is ses punte van verdeling tussen apartheidsteologie en die kritiese stem daarteen binne die Ned Geref Kerk self met behulp van hermeneutiese analitiese gereedskap geïdentifiseer. Daar is veral gewys op die rol wat uiteenlopende "teologiese sleutels"[1] in die verband speel. Apartheidsteologie het gebruik gemaak van teologiese sleutels soos "selfbeskikking", "bevryding", "skeiding" op grond van "voogdyskap" en "isolasie". Hierteenoor

---

[1] Teologiese oftewel dogmatiese sleutels is konsepte wat benut word om 'n punt van vergelyking tussen die Christelike evangelie (oftewel die Bybel / die Christelike geloof / die Christelike tradisie) en die eietydse konteks te vind op grond waarvan die betekenis van die evangelie vir vandag ontgin kan word. Hierdie teologiese sleutels berus op die dominante geloofsoortuigings, waardes, gebruike en gewoontes van geloofsgemeenskappe en tradisies. Hulle word soms eksplisiet geartikuleer maar funksioneer dikwels eerder implisiet en onbewustelik en word dan as vanselfsprekend aanvaar. Binne die Christelike tradisie is hierdie teologiese sleutels tipies van 'n soteriologiese aard maar berus nie noodwendig op kerklike dogmas of amptelike standpunte nie. Hulle verbeeld die wyse waarop hele kerklike en teologiese tradisies oor eeue heen die evangelie vertolk en die Christelike geloof verstaan en uitleef. In hierdie sin is hulle operasionele konsepte. Die vraag is nie hoe hulle behoort te funksioneer nie (wat die "regte" teologiese standpunt is nie), maar hoe hulle sosiologies gesproke wel funksioneer. Hulle word nie noodwendig aan die Bybel of die eietydse konteks ontleen nie, maar word gekonstrueer om 'n brug te bou tussen teks en konteks. Hulle het 'n drieledige funksie ten opsigte van teologiese interpretasie, naamlik om die betekenis van die Bybel en die Christelike tradisie as 'n geheel te verwoord, om die problematiek in die kontemporêre konteks as 'n geheel te beskryf en om 'n verbinding tussen die teks en die kontemporêre konteks te vind. Sodanige teologiese konstruksies identifiseer nie net bepaalde ooreenkomste nie, maar konstrueer dit kreatief (idem-facio = eenders *maak*). Die vraag wat hier aan die orde gestel word, raak die dominante teologiese sleutels binne 'n bepaalde konteks.

is die kritiese stem gekenmerk deur teologiese sleutels soos "broederskap" (Ben Marais), "versoening", "geregtigheid" en "bevryding" (Beyers Naudé).

In hierdie bydrae word die interne logika van hierdie analise verder gevoer op grond van drie verdere vrae. Eerstens: wat het na 1974 (met die aanvaarding van die rapport *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* tydens die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in Oktober 1974) geword van die teologiese sleutels wat apartheidsteologie gekenmerk het? Het hierdie sleutels verdwyn of kom hulle steeds na vore, miskien in ander gedaantes? Tweedens: Watter teologiese sleutels het na 1974 wel dominant in die Ned Geref Kerk geword? Watter teologiese sleutels het na 1994 na vore getree? Derdens: Waar lê die diepste punte van verdeling binne die Ned Geref Kerk self na 1974 en veral na 1994? Indien die Belydenis van Belhar die punte van verdeling tussen apartheidsteologie en die kritiese stemme daarteen die helderste verwoord het (met verwysing na die temas van eenheid, versoening en geregtigheid), kan hierdie temas steeds benut word om teologiese verskille binne die Ned Geref Kerk te identifiseer? Werp die antwoord op hierdie vraag enigsins lig op die debat binne die Ned Geref Kerk rondom die aanvaarding van Belhar as 'n belydenisskrif?

Al drie hierdie vrae verg empiriese navorsing ten einde vas te stel watter teologiese sleutels funksioneer, waar dit funksioneer, hoe dit funksioneer en watter van hierdie sleutels werklik dominant is. Die vraag is met ander woorde nie soseer wat 'n toepaslike en toereikende teologiese posisie ten opsigte van sosiale vraagstukke is nie, maar watter teologiese sleutels sosiologies gesproke wel binne 'n bepaalde konteks funksioneer. Dit gaan nie oor hoe hierdie sleutels ten beste verstaan behoort te word of hoe hulle deur gesaghebbendes verwoord word nie, maar hoe hulle in werklikheid, ten goede of ten kwade, verstaan word in bepaalde kringe.

Indien die bekende analise van ses manifestasies van die kerk (as aanbiddingsgemeenskap, plaaslike gemeente, denominasie, ekumeniese verband, Christelike organisasies of as lidmate) in gedagte gehou word, sou dit byvoorbeeld moontlik wees om die funksionering van hierdie sleutels na te gaan met verwysing na preke, kerkraadsbesluite, sinode-besluite, inter-kerklike vergaderings (bv tussen die Ned Geref Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suidelike Afrika), parakerklike organisasies en die ervarings, houdings en standpunte van lidmate van die Ned Geref Kerk. Dit sou ook moontlik wees om na te gaan hoe sulke teologiese sleutels funksioneer in briewe aan koerante, kerklike tydskrifte, teologiese debatte en publikasies van predikante en leidende teoloë. Dit alles sou heel uitgebreide navorsing verg en kan uiteraard nie hier aangepak word nie. Die opgawe hier kan eerder verstaan word as 'n poging om veralgemenend breë tendense te artikuleer en te beskryf op grond van die beskikbare literatuur en spesifiek vanuit 'n Wes-Kaapse konteks, met inagneming daarvan dat daar bes moontlik verskille binne die onderskeie sinodes van die Ned Geref kerk kan voorkom. Hierdie tendensie kan dien as voorlopige hipoteses (of "soekontwerpe") vir verdere empiriese navorsing, maar berus nie self op sodanige navorsing nie. Dit word hier as 't ware vanaf die buiterand van die Ned Geref Kerk aangebied om debat daarbinne te stimuleer en om moontlikhede vir verdere navorsing te suggereer. Soortgelyke navorsing sou uiteraard ook met betrekking tot die VGK en ander kerke gedoen kon word.

DIE BLYWENDE VOETSPORE VAN APARTHEIDSTEOLOGIE NA 1974

a) Die teologiese sleutel van "selfbeskikking" (en daarmee saam "roeping"), wat dominant was tydens die opkoms van apartheidsteologie (ten minste tot 1948) het begin verdwyn namate Afrikaners vanweë politieke mag en ekonomiese selfbeskikking hulle voortbestaan verseker het. Dit het nie werklik ná 1994 teruggekeer nie, behalwe dat dit nog bly voortleef onder 'n klein minderheidsgroep en op 'n beperkte terrein. Die reste van hierdie sleutel kom waarskynlik die

duidelikste na vore by Volkstaat-entoesiaste en taalstryders, maar dit word nie meer godsdienstig tot uitdrukking gebring nie.

Dat die drang na selfbeskikking egter bly voortleef, blyk uit 'n onlangse artikel van Allan Boesak in *Die Burger*. Hy analiseer die reaksie van die Afrikaner ten opsigte van die gebrek (onder andere) aan dienslewering deur die "regerende swart establishment". Hy meen dat daar weer eens 'n "Afrikaner-etniese mobilisering" ter wille van selfbeskikking geïdentifiseer kan word. Boesak het nie besware dat daar opstand is teen hierdie gebreke en wandade nie, maar wel teen die wyse waarop Afrikaners reageer. Hy beskryf hierdie reaksie as 'n nuwe aktivisme onder Afrikaners waardeur hulle hulleself nog eens afskei van die swart deel van die Suid-Afrikaanse bevolking. Die huidige owerhede se dienslewering mag onaanvaarbaar wees, maar die probleme word nie gesamentlik aangepak nie, maar op hulle eie, ter wille van selfbelang en met 'n eiesoortige agenda (Boesak, 2010: 5).

b) Die oorheersende rol wat die idee van "bevryding" gespeel het gedurende die 1930's en 1940's – toe die Afrikaners hulleself beskou het as die onderdruktes en gemarginaliseerdes – het ook getaan. Namate die beweegredes vir hierdie sleutel – naamlik die ervaring van onderdrukking onder Britse imperialisme, die bedreiging wat die getalle-oormag van die "naturelle" ingehou het, asook die sosio-ekonomiese en kultuur-politieke krisis – ná 1948 vervaag en verdwyn het, het hierdie soeke na bevryding afgeneem. Die drang na bevryding het eerder ander vorme aangeneem, naamlik in die stryd teen die "totale aanslag" en in die aandrang op "staatsekuriteit" (sien hier onder).

Ná 1994 kon "bevryding" as 'n politieke ideaal nie langer as 'n dominante teologiese sleutel in die Ned Geref Kerk funksioneer nie. Dit leef nietemin voort in die wyse waarop Afrikaners reageer op die omvang van huisbraak, verkragting, gewapende roof, motorkapings en plaasmoorde. Hiermee verskuif die klem egter na 'n sosiale vorm van bevryding, naamlik in terme van die beskerming van die lewe en besittings van families. Dit kom ook tot uitdrukking in die psigologiese drang daarna om te ontsnap aan die reële bedreiging, asook die gevoel van voortdurend bedreigdheid. Bevryding beteken in só 'n konteks daarom dikwels emigrasie.

c) Die begrippe "segregasie" en later skeiding het ná 1948 al hoe meer as die dominante teologiese sleutel in die Ned Geref Kerk gefunksioneer. Dit het gebeur namate die apartheidswette stelselmatig geïmplementeer is (Coetzee 2011: 98ev). Dit het amptelik 'n hoogtepunt bereik toe apartheid dogmaties gelegitimeer en Skriftuurlik geregverdig is in *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* (1974). Dit was egter veel meer as 'n beleidsdokument. Dit het die basis gevorm vir die wyse waarop apartheid as 'n pseudo-evangelie en kwasi-soteriologie gefunksioneer het, naamlik deur skeiding te bring op elke terrein van die samelewing – polities (in terme van rasse-klassifikasie en tuislande), ekonomies (in terme van instromingsbeheer en grensnywerhede), sosiaal (in terme van groepsgebiede en rasse-klassifikasie), kultureel (in terme van die verbod op gemengde huwelike) en kerklik (in terme van afsonderlike kerke vir verskillende rasse).

Terugskouend is dit egter duidelik dat ekonomiese skeiding nooit werklik haalbaar was nie aangesien goedkoop arbeid nodig was en is vir die ontwikkelende Suid-Afrikaanse ekonomie. Namate Afrikaners verstedelik geraak het, het die insig toenemend posgevat dat ekonomiese skeiding op die lang duur onhaalbaar en onwenslik is. Gegee die geïntegreerde aard van die Suid-Afrikaanse ekonomie het die politieke model van skeiding (van Verwoerd en andere) reeds teen 1976 in 'n doodloopstraat beland. Sosiale skeiding het steeds op talle terreine bly voortbestaan, maar het teen 1990 met die afskaffing van die Groepsgebiedewette en die integrering van skole en sport ook begin taan. Kulturele skeiding het bly voortleef by Afrikaners wat hulle sogenaamde Westerse lewenswyse en "beskaafde standaarde" [sic!] vertroetel het.[2] Hierdie model van

---

2 Die Ned Geref Kerk het amptelik weinig hieroor gesê of gedoen om lidmate wat geveg het of wat seuns

skeiding kom tans die beste na vore in die vorm van sekuriteitskomplekse met omheinings en wagte om die veiligheid van inwoners te verskans – ook om hulle, ten minste wat hulle woongebiede betref, van die wêreld daar buite te isoleer. Kerklike skeiding is in teorie opgehef aangesien ras nie meer 'n oorweging vir lidmaatskap is nie. Strukturele kerkeenheid binne die Ned Geref Kerk-familie bly egter knaend ontwykend. Ten spyte van verskeie sinodale besluite sedert die laat 1980's word vordering in die verband steeds deur nuwe probleme in die wiele gery. Inderdaad, Sondag om 10h00 steeds die uur van die week waar skeiding op grond van ras die duidelikste in die Suid-Afrikaanse samelewing gesien kan word (sien Van der Borght 2009).

d) Die oortuiging "in isolasie lê ons behoud", versinnebeeld deur die motief van die "laer" en in 'n "laertrekmentaliteit", het 'n hoogtepunt bereik tydens Verwoerd se breuk met die Statebond, die Republiekwording in 1961 en, op ekumeniese terrein, die Cottesloe-beraad. Hierdie radikalisering van die motief van "skeiding" was teen die 1980's egter nie meer haalbaar nie. Die rol wat hierdie sleutel gespeel het binne die Ned Geref Kerk en in Afrikaner-geledere, is mettertyd doodgesmoor vanweë faktore soos verstedeliking, die rol van televisie, informasie tegnologie, kulturele globalisering en die moontlikheid wat Afrikaners ná 1990 (met die beëindiging van die kulturele boikot) gehad het om vrylik kontak met hulle eweknieë in Westerse lande te maak. Binne só 'n konteks is self-isolasie net nie meer so aantreklik nie – behalwe in die vorm van omheinde sekuriteitskomplekse en miskien ook Christelike privaatskole.

DOMINANTE TEOLOGIESE SLEUTELS NA 1974 EN NA 1994

Op grond van hierdie waarnemings is dit duidelik dat die teologiese sleutels wat teen 1974 dominant was binne die Ned Geref Kerk, daarna nie meer dieselfde invloed uitgeoefen het nie of van gedaante verander het. Die vraag is daarom: watter teologiese sleutels het dan wel 'n dominante rol binne die Ned Geref Kerk ná 1974 begin speel? In die bespreking hier onder sal 'n aantal sodanige sleutels geïdentifiseer en kortliks bespreek word.

Staatsekuriteit
Die drang na politieke bevryding het in die 1970's 'n nuwe gestalte aangeneem, naamlik in die vorm van die handhawing van politieke mag teen bedreigings van binne en van buite. Onder BJ Vorster se bewind is die begrip "totale aanslag" gebruik om die bedreiging van kommunisme in Suider-Afrika te beskryf. Dit is versterk deur die angs wat gewek is vir die sogenaamde "totale aanslag", oftewel die gevaar van kommunisme, en die proses van dekolonialisering in Zimbabwe, Namibië, Angola en Mosambiek. Dit was relatief maklik om te wys op die invloed van Rusland, China en Kuba in die bevrydingsbewegings in hierdie lande. Afrikaners is daarom opgeroep om weerstand te bied teen hierdie "totale aanslag" en seker te maak dat Suid-Afrika nie ook 'n "slagoffer" daarvan word nie. Die oorlog op die grens van Namibië en Angola was die belangrikste vorm wat hierdie weerstand aangeneem het. Die Ned Geref Kerk het die beskerming van die landsgrense en die offensiewe wat daarmee gepaard gegaan het, oorweldigend gesteun omdat lidmate se kinders wat vir militêre diensplig opgeroep is, hierby betrokke was.

Die politieke weerstand teen apartheid binnelands kon gerieflik binne hierdie konteks geïnterpreteer word. Dit is tussen 1976 en 1988 telkens bevestig as gevolg van die Soweto-onluste en die noodtoestande wat herhaaldelik in die 1970's en 1980's afgekondig is. Die "bevryding" wat politieke mag ná 1948 gebring het, moes daarom gehandhaaf en gewaarborg word te midde van hierdie bedreigings. Die weerstand teen apartheid het aanleiding gegee tot 'n reeks politieke hervormings in die 1970's en 1980's, waarvan die ontwerp en implementering

---

in die oorlog verloor het, te help om te verstaan wat gebeur het. Sien onder andere die reaksie van Chris Louw (Louw 2001: 7ev) in sy ope brief aan Willem de Klerk met die titel "Boetman is die bliksem in".

van die driekamerstelsel (1983) die belangrikste was. Hierdie proses het gelei tot hernieude verset, wat tot 'n spiraal van geweld aanleiding gegee het. Die noodtoestande wat tussen 1976 en 1988 afgekondig is, was inderdaad die uitstaande kenmerk van hierdie periode.

Die onderdrukking van politieke weerstand teen apartheid het uitgemond in 'n omvattende staatsekuriteitstelsel wat aan die stemgeregtigde publiek voorgehou is as noodsaaklik ter wille van wet en orde en die handhawing van ekonomiese en kulturele belange. Binne hierdie stelsel is vermeende aktiviste soms gekoöpteer om deel van die sekuriteitsnetwerk te word. Dit het gelei tot groot konflik in swart woongebiede ten einde informante en vigilantes te ontmasker. Die berugte "necklace"-moorde was 'n simptoom van hierdie interne konflik.

Hierdie stelsel is geïnternaliseer in wat as 'n "ideologie van staatsekuriteit" beskryf kan word. Volgens hierdie ideologie vorm die handhawing van die staat (die grondwet, die regering, die jurisdiksie van die howe, die toepassing van wet en orde) die noodsaaklike voorwaarde vir ekonomiese en sosiale welsyn. Juis omdat die staat van buite en van binne "bedreig" is, is die rol van die instansies wat die "sekuriteit" van die staat beskerm, as van kardinale belang geag – soveel so dat alle ander oorwegings hieraan ondergeskik gestel is. Meer spesifiek is die rol van die staatsveiligheidstelsel (bestaande uit die Staatsveiligheidsraad en 'n uitgebreide netwerk van plaaslike afdelings), nasionale intelligensie en die veiligheidspolisie beklemtoon.

Hierdie ideologie het inslag gevind op grond van die oortuiging dat hierdie instansies oor inligting beskik wat daarop dui dat die veiligheid van die staat wesenlik bedreig word; dat hierdie inligting uitermate sensitief is en nie aan die breër publiek beskikbaar gestel kan word nie; dat hierdie bedreiging talle maatreëls noodsaak; en dat die nodige mag, jurisdiksie en middele toegeken moet word aan die instansies wat hierdie maatreëls moet toepas. In eenvoudige taal: "Gewone mense weet nie in hoeverre die staat bedreig word nie, hulle hóéf ook nie te weet nie en dit sou trouens gevaarlik wees om te weet. Daar is wel mense wat van die volle gevaar bewus is, oor uitgebreide inligting daaroor beskik en daarvoor verantwoordelikheid dra. Hierdie agente kan vertrou word om na die belange van die breë publiek om te sien." Die ideologiese aard van hierdie denkpatroon blyk daaruit dat hierdie vertroue gelegitimeer is sonder dat dit op inligting berus het wat in openbare debat krities ondersoek kon word.

In hierdie tydperk het die Ned Geref Kerk die beleid van die Nasionale Party regering steeds bly ondersteun. Hulle het die reg van die owerheid om talle drakoniese maatreëls af te kondig en af te dwing ondersteun en enige kritiek, veral vanuit eie geledere, skerp veroordeel. Dit is opvallend dat kritiek teen apartheid (veral as 'n staatkundige beleid) teen die middel-1980's reeds wydverspreid binne die Ned Geref Kerk voorgekom het. Die bestaande apartheidswette, of ten minste die toepassing daarvan, is meermale gekritiseer. In 'n verstedelikte konteks het weinig mense nog geglo in apartheid as 'n staatkundige bestel. Nietemin was daar steeds oorweldigende steun vir die handhawing van politieke mag en veral vir die handhawing van staatsekuriteit teen vermeende en werklike bedreigings van binne en van buite. Die Ned Geref Kerk het ook op godsdienstige en pastorale vlak 'n bydrae tot die stryd van die militêre en beskermingsdienste gelewer deur 'n uitgebreide stelsel van kapelaansdienste.

Lidmate van die Ned Geref Kerk het hulle gevoel van sekuriteit gebou op die handhawing van die bestaande ekonomiese en sosiale orde, al was die politieke orde voortdurend in dispuut. Hulle het inderwaarheid hulle vertroue daarop geplaas. Binne hierdie konteks is die ideologie van staatsekuriteit teologies gerugsteun en gehandhaaf. Dit is nie soseer gedoen met 'n beroep op "wet en orde" nie, behalwe waar nodig. Die klem het eerder geval op 'n goed geordende samelewing en op "rus en vrede" te midde van eskalerende binnelandse geweld en media berigte van bomaanvalle. Binne die kerk self is dit verwoord in 'n aandrang op dit wat "gepas en ordelik" is. Enige vorm van kritiek is meermale gesmoor met 'n beroep op die kerk-ordelike weg.

Die ideologie van staatsekuriteit het om verstaanbare redes stemme van kritiek vanuit

ekumeniese geledere ontlok.[3] Die bydraes van teoloë soos Albert Nolan (sien 1987: 209ev), Lois Law (1987: 281ev); Desmond Tutu (1987: 71ev); Jaap Durand[4] en Charles Villa-Vicencio (1987: 233ev) kan in hierdie verband genoem word. Dit was egter opvallend dat hierdie stemme van kritiek baie minder uitgesproke was. Dit is sekerlik verstaanbaar, gegee die wyse waarop die staatsveiligheidstelsel op enige vorm van kritiek gereageer het. Binne die geledere van die Ned Geref Kerk het bloedweinig mense raakgesien in watter mate hier 'n verskuiwing in die dominante teologiese sleutel na vore getree het. Diegene wat teen die middel-1980's reeds teen apartheid gekant was (omdat dit toe alreeds relatief maklik was), het nie noodwendig hierdie ideologiese verskuiwing uitgewys nie. Dit was alleen diegene wat ekumeniese kontakte behou het, wat enigsins sensitief hiervoor was.[5]

Ben Marais (NGK), wat dikwels as enkeling sy kritiese stem laat hoor het teen apartheid, het hierdie verskuiwing waarskynlik nie raakgesien nie en homself gedistansieer van die kritiek wat Beyers Naudé (NGKA) uitgespreek het (Maritz, 2003: 156ev). Naudé, wat noue bande met die SARK behou het, was een van diegene wat dit duidelik raakgesien en inderdaad kritiek daarop gelewer het, maar dan nie meer van binne die Ned Geref Kerk nie. Dit kan veral waargeneem word in sy nadenke en gevolgtrekking rondom die gelowige se standpunt oor geweld (Coetzee 2011: 510ev) – toe hy tot die gevolgtrekking gekom het dat dit as 'n "uiterste maatreël" geregverdig kan word. Hierdie kritiek blyk ook uit sy standpunt teen diensplig (by Hammanskraal in 1974) en die kritiek wat hy gelewer het oor die eensydige rol van kapelane (Coetzee 2011: 518).

Hierdie stemme van kritiek teen staatsveiligheid as teologiese sleutel het die duidelikste tot uitdrukking gekom in die kritiek teen "staatsteologie" in die Kairos-dokument (1985). In hierdie dokument word 'n analise gemaak van die verskillende teologieë wat 'n bepalende rol gespeel het in Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk. Die eerste sodanige teologie word getipeer as "staatsteologie" ("state theology"). Uit die analise van staatsteologie is die heersende teologie van die Ned Geref Kerk aan die kaak gestel as synde lojaal aan die ideologie van staatsveiligheid.

Die uniekheid van die kerk

Die "uniekheid van die kerk" is 'n teologiese sleutel wat sedert die middel 1970's prominensie in die Ned Geref Kerk begin geniet het. Hierdie beklemtoning kan veral toegeskryf word aan die stryd om 'n gereformeerde identiteit vir die Ned Geref Kerk te vestig (Naudé 2004: 32 ev). Dit kom na vore in die werke van teoloë soos Johan Heyns (1977), Willie Jonker[6], Piet Meiring en Henry Lederle (sien 1979) en Flip Theron (1978). Hulle was van mening dat 'n verandering in die kerk ook 'n invloed op die res van die Suid-Afrikaanse samelewing sal hê (De Gruchy 1979: 70).

In hierdie tydperk was die vraag of 'n toepaslike ekklesiologiese vertrekpunt in die skepping of in die herskepping gevind moet word. Heyns het 'n vertrekpunt gevind by Stoker se skeppingsidee wat 'n teologie van die koninkryk vooropgestel het, terwyl Jonker erken het dat hy voortdurend gestry het teen die Ned Geref Kerk se volkskerk denke, wat syns insiens die identiteit van die kerk as kerk van Christus bedreig het (Jonker 1991: 121). Volgens Jonker is die kerk nie net nog 'n

---

3 Elphick en Davenport (1997: 168) wys daarop dat die fokus van die stryd teen apartheid in hierdie tydperk verskuif het: "The escalating protest against the goverment's proposed 'tricameral' constitution in 1983 overtook the 'apartheid is a heresy' debate. The church struggle now focused specifically on the struggle for the liberation of South Africa."

4 Sien onder andere Durand 1987a: 117-125; 1987c: 131-140; 1987, 1987: 31-50; 1988: 121-138.

5 Die SARK het die staat inderwaarheid verklaar tot "a tyrannic regime" (sien Elphick en Davenport 1997: 168).

6 Sien Jonker & Theron, *Vreemde Gemeenskap* (1979), waar die klem val op die lidmate van die kerk as "Bywoners en vreemdelinge"; "Die gemeenskap van die heiliges"; "In die wêreld – nie van die wêreld nie" en "God se Herskepping". Van Wyk (1989: 74ev) toon aan dat die ekklesiologie Jonker se totale teologie gestempel het.

samelewingsverband soos volk en staat nie. In Christus, as Sy liggaam, is die kerk uniek (Jonker 1977: 4-13). Vir Theron is die kerk 'n teken van die eschaton waar "inkarnasie", en nie die "nasie" nie, die bloed van Christus meer as die bloed wat in ons are vloei, die "Heilige Gees" en nie die "gees van kultuur" nie, die nuwe "volk" van God bepaal (Theron 1988: 170). Die klem op die uniekheid van die kerk was duidelik 'n vorm van weerstand teen apartheidsteologie waar die kerk by analises van die samelewing aangepas en ingepas is. Dit verteenwoordig 'n skuif vanaf skeppingsteologie na soteriologie en ekklesiologie ten einde apartheidsteologie fundamenteel te ontmasker.

Hierdie klem op die uniekheid van die kerk kan deels toegeskryf word aan die invloed wat Karl Barth op die ekklesiologiese denke in die Ned Geref Kerk begin uitoefen het.[7] In Jonker se teologie blyk dit duidelik dat hy inderdaad meer aandag gegee het aan die kerk as aan die wêreld buite die kerk. Vir hom was die uniekheid van die kerk van wesenlike belang. Hierdie gesprek oor die uniekheid van die kerk het diepgang verleen aan die stryd teen apartheidsdenke in die Ned Geref Kerk. Die kerklike wortels van apartheid is hier ingesien en aangespreek met behulp van 'n waardering vir die eskatologiese karakter van die kerk.

Die ekklesiosentriese wending waarbinne die klem op die uniekheid van die kerk kon val, het weliswaar ook kritiek uitgelok. Hierdie kritiek het saamgehang met die vraag na die toepaslike verhouding tussen die kerk, die staat en die burgerlike gemeenskap. Indien die vreemdheid van die kerk eensydig beklemtoon word, roep dit die vraag op hoe die kerk se verhouding tot die samelewing verstaan moet word. Hoe kan 'n mens steeds teologies oor die samelewing self bly dink? Dit is daarom nie verbasend nie dat die Ned Geref Kerk teen die laat-1980's opnuut oor hierdie vraag moes besin, naamlik in die verskillende weergawes van die beleidstuk *Kerk en samelewing* (1986, 1990).

Die spanning in die verband kom miskien die duidelikste na vore in 'n gesprek tussen David Bosch en Flip Theron in die bundel *Perspektief op die Ope Brief* (1982). Bosch vra of Theron nie die vreemdheid van die kerk eensydig beklemtoon nie. Hy meen dat Theron se verstaan van die "vreemdheid" van die kerk daartoe aanleiding gee dat die kerk gesien word as losstaande van die samelewing. Gevolglik kan die kerk weinig of geen direkte invloed op die samelewing uitoefen nie. Hy meen dat só 'n aksent die gevaar loop om dosetiese trekke te ontwikkel (sien Theron 1982: 123-133 en Bosch 1982: 134-142 se reaksie daarop). Volgens Bosch skuil 'n wesenlike gevaar in hierdie beskouing van die kerk omdat "mense nou alte maklik die samelewing aan sy eie wetmatigheid gaan prysgee ... Die samelewing, die politiek, word outonoom. Dáár heers ander norme en waardes – dié van die kerk is immers té vreemd, ver weg en onimplimenteerbaar" (Bosch 1982: 139). Volgens Bosch hou hierdie eensydige standpunt die gevaar in dat die kerk "volledig religieus" verstaan word en gevolglik selfs kultiese trekke vertoon.

Hierdie klem op die uniekheid van die kerk is ook bevraagteken onder diegene wat in die 1980's reeds 'n vorm van publieke teologie beoefen het. In die Wes-Kaapse konteks (vanuit die geledere van die Ned Geref Kerk self) is die belangrikste voorbeelde hiervan miskien te vinde in die publikasies van die Sentrum vir Kontekstuele Hermeneutiek onder die leiding van Bernard Lategan (1984 en 1987) en Johann Kinghorn (1986, 1990 en 1997: 135ev). Hierin word die apartheidsdenke deurbreek deur die opsie vir 'n inklusiewe demokrasie te ondersoek. Dit is nietemin opvallend dat hierdie stemme steeds in daardie tyd in die Ned Geref Kerk

---

7 Dat Barth 'n invloed op teoloë soos Jonker en Theron gehad het, word deur Smit (2009: 275ev) beklemtoon. Oor die vraag of dit inderdaad hulle siening van die kerk beïnvloed het, loop die menings egter uiteen. Teoloë soos Durand (1985: 40 en 1988: 121-123) het aangetoon dat die gereformeerde ortodoksie in die Afrikaanssprekende kerke (1930-1960) beslis nie die kritiek van Barth ten opsigte van natuurlike teologie gehoor of ernstig opgeneem het nie. Selfs Heyns kon dit nie raaksien en waardeer nie (Jonker 1998: 133-134).

gemarginaliseer is en buite die amptelike teologiese instellings van die kerk (met name die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch) na vore gekom het.

Versoening

"Versoening" as toepaslike teologiese sleutel het ál skerper in die kollig gekom sedert die middel-1970's, veral via die destydse Ned Geref Sendingkerk (NGSK). In debatte binne die NGSK onder begeleiding van Jaap Durand is versoening ontgin as 'n teologiese sleutel vir kritiek teen apartheid. Dit het gelei tot die oortuiging dat apartheid berus op die aanname dat mense só verskillend is dat versoening en selfs samewerking in beginsel onmoontlik is. Skeiding op grond van ras is daarom gesien as die enigste alternatief om die vrede te bewaar. Dit dwarsboom die evangelie wat juis die versoening van alle mense in Christus beklemtoon (sien Botman 1996: 39-4, Coetzee 2011: 302ev). Hierdie debatte het gelei tot die afkondiging van 'n *status confessionis* en die opstel van die Konsepbelydenis tydens die Algemene sinode van die NGSK in September 1982. Versoening is een van die drie kerntemas wat in hierdie belydenis aan die orde gestel word.

Die National Initiative for Reconciliation (NIR) het rondom 1985 ook 'n belangrike rol gespeel in die beklemtoning van versoening. Die kompleksiteit van die tema van versoening en die implikasies daarvan binne die Suid-Afrikaanse konteks van daardie tyd is in verskillende byeenkomste van die NIR ondersoek. Dit was ook die tema van 'n belangrike publikasie van die NIR, naamlik *The Cost of Reconciliation* (1988) (Nürnberger & Tooke, 1988)*. Hierbenewens kan die belangwekkende konferensie van die Institute for Theological Research (by Unisa) onder die tema "Reconciliation and Construction: Creative Options for a Rapidly Changing South Africa" ook genoem word (Vorster 1986).

Die organisasie Koinonia onder leiding van Nico Smith het vanaf die middel-1980's tot die vroeë 1990's 'n belangrike rol gespeel rondom versoening – ook in die Ned Geref Kerk. Hierdie beweging het mense uit die wit samelewing blootgestel aan die gemarginaliseerde swart deel van die bevolking. Hiermee het hulle gepoog om die mites in verband met die swart samelewing, hulle leiers en verwagtings aan die orde te stel. In die proses het Koinonia die onderdrukkers gekonfronteer met die gevolge van apartheid en staatsekuriteit. Die impak van Koinonia self was waarskynlik klein, maar hierdie tipe blootstelling het toenemend plaasgevind en het versoening bevorder omdat dit die klimaat geskep het waarin verhoudinge oor verdelende grense heen gesmee kon word.

Dieselfde rigtinggewende teoloë wat 'n waardering vir die uniekheid van die kerk bepleit het, het tipies ook die rol van versoening beklemtoon. Versoening is beklemtoon teenoor die rol wat "skeiding" as dominante teologiese sleutel in die Ned Geref Kerk gespeel het (Coetzee 2011: 168ev). Daar kan 'n geleidelike verskuiwing in denke ná die verskyning van *RVN* (1974) in die Ned Geref Kerk waargeneem word. Terwyl institusionele eenheid in *RVN* bevraagteken word, het die 1986-uitgawe van *Kerk en Samelewing* (Kerk en Samelewing 1986: 14) onder die opskrif "Die Kerk as 'n versoende gemeenskap" ten minste die ruimte geskep vir gesprek en selfondersoek.

Dit was veral Jonker wat 'n bepalende rol gespeel het om nadenke oor die belang van versoening in die Ned Geref Kerk aan te wakker. Hy was uitgesproke oor die belang van sigbare en konkrete versoening. Dit is weerspieël in Jonker en Theron se publikasies, tydens kerklike byeenkomste en teologie-konferensies.[8] Hierdie invloed het mettertyd deurgewerk na hulle studente en verskeie predikante wat die betekenis daarvan in hulle bediening en veral in hulle prediking ondersoek het. Hoewel die aksent op versoening primêr gefokus het op versoening in Christus en op daardie basis versoening binne die kerk van Christus (waar skeiding op grond van

---

8 Sien onder andere "Die gemeenskap van die Heiliges" en "Die Kerk is bloedfamilie" (Jonker en Theron: 1979: 6ev en 14 ev).

ras afgewys is), was die implikasies daarvan vir versoening in die samelewing onvermydelik. Die vraag was alleen hoe hierdie "bediening van versoening" verstaan moet word. Kan dit ook alleen op grond van versoening in Christus geskied? Is enige ander vorm van "nasionale" versoening daarom oneintlik en oppervlakkig? Hoe kan die kerk op daardie basis iets meer sê oor die Suid-Afrikaanse samelewing?

Hierdie aksente het 'n bepalende rol gespeel in die beplanning en gebeure tydens die Kerkeberaad in Vereeniging in Maart 1989. Hierdie beraad (wat te midde van erge spanning plaasgevind het) kan inderdaad beskou word as deel van die gesprek rondom versoening tussen die Ned Geref Kerk en die res van die "familie". By hierdie geleentheid het die afvaardiging van die Ned Geref Kerk amptelik aangekondig dat die Ned Geref Kerk die sisteem van apartheid veroordeel en verwerp. Die afvaardiging van die Ned Geref Kerk het sonder enige voorbehoud erken dat die stelsel van apartheid sondig is en het hulle verbind tot die soeke na een, verenigde, nie-rassige gereformeerde kerk en 'n oop, nie-rassige, demokratiese gemeenskap ("The Saga of Vereeniging" 1989: 7).

Hierdie klem op versoening het 'n klimaat geskep wat die Rustenburgberaad (1990) moontlik gemaak het. Dit was 'n ekumeniese beraad waarby 230 kerkleiers van 40 kerke betrokke was.[9] Dit was as gevolg van sodanige worsteling met versoening dat aandag tydens die beraad gegee kon word aan 'n belydenis oor die onreg wat gepleeg is in die apartheidsera (Heaney 2004: 19). Dit was by hierdie ekumeniese beraad waar Willie Jonker namens homself, die Ned Geref Kerk en Afrikaners, skuld bely het. Dit het weliswaar gelei tot skerp kritiek vanuit regse Afrikanergeledere wat die Rustenburgberaad as 'n aanslag op die Afrikanerdom beskryf het (sien Louw Alberts, & Frank Chikane, 1991:92 en *Beeld,* 19 Augustus 1991).

Die dokument *Reis met Apartheid,* wat in 1997 opgestel en uitgegee is deur die Ned Geref Kerk (Gaum 1997), roep hierdie kerk – vanuit die geledere van hulle eie leierskap – op tot sigbare versoening.[10] Ten spyte van pogings om bepaalde praktyke soos die rol van die kapelaansdienste te rasionaliseer, dien dit ook as 'n voorbeeld van die invloed wat versoening op die leierskap van die Ned Geref Kerk gehad het.

Kritiek teen hierdie aandrang op versoening het weliswaar nie uitgebly nie. Volgens die opstellers van die Kairos Dokument (1985) het dit naamlik nie ver genoeg gegaan nie. In hierdie dokument word die aandrang op versoening as 'n verskuiwing van "staatsteologie" na "kerklike teologie" getipeer. Hierdie kritiek is veral teen Engelssprekende hoofstroomkerke gemik. Die teologiese veronderstellings van hierdie aandrang op versoening en vrede kom hier onder die loep. Hoewel die kerk hiermee die skyn van morele integriteit kon handhaaf, was dit alte maklik om nie daarmee saam die bestaande onreg te beswer en op toepaslike restitusie aan te dring nie.

Diegene wat versoening beklemtoon het, het hulleself hiervolgens wel gedistansieer van staatsteologie, maar onverbonde gebly aan die stryd van die onderdruktes en gemarginali-seerdes vir politieke seggenskap.[11] Swart teoloë soos Itumeleng Mosala (1987: 19ev) en Tinyiko Maluleke (1999: 103) het in hulle kritiek teen hierdie tipe versoening selfs verder gegaan as die Kairos Dokument. Volgens hulle is swart mense in Suid-Afrika eerstens vervreem van hulle

---

9 Hierdie beraad is onder andere bygewoon deur Naudé, as raadgewer van die Ned Geref Kerk in Afrika (sien Naudé 1995: 137); die interim-komitee van die Gereformeerde Ekumeniese Raad; afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk-familie, naamlik die Ned Geref Kerk, die Ned Geref Sendingkerk, die Ned Geref Kerk in Afrika en die Reformed Church in Afrikca.

10 Hierdie dokument (sien Gaum 1997) is goedgekeur vir verspreiding deur die dagbestuur van die algemene sinodale kommissie waarop proff. PC Potgieter, P Coertzen, drs. FM Gaum, WJ Burger, WJ Botha, di. F Swanepoel, PS Strümpfer en LM Meyer gedien het.

11 Sien *The Kairos Document,* 1986: 10 en Schreiter (1992: 25), wat beklemtoon dat versoening nie moontlik is sonder bevryding nie.

basiese bestaansmiddele – naamlik, hulle land (grondgebied), vee en arbeid – en moet eers daarmee versoen word. Alleen op daardie basis kan die weg vir versoening met wit mense gebaan word.

Die kontras tussen die aandrang op versoening en die kritiese stemme daarteen het nêrens beter na vore gekom as in die verrigtinge van en die openbare debatte rondom die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) nie. Hoewel die WVK (en veral die moontlikheid van amnestie vir polities-gemotiveerde skendings van menseregte) alleen verstaan kan word in die lig van die politieke skikking wat die eerste demokratiese verkiesing in 1994 voorafgegaan het, was dit klaarblyklik wel gemik op 'n vorm van nasionale versoening. Dit het die geleentheid gebied vir slagoffers van menseregteskendings om hulle verhale in die openbaar te vertel en daarmee saam aansoek te doen vir restitusie. Hierdie verhale het 'n vorm van katarsis moontlik gemaak waarin die konkrete interaksie tussen skuldiges en slagoffers telkens 'n simbool van versoening geword het te midde van die onderliggende spanning tussen die verskillende sektore in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die kwytskelding van skuldiges en die gebrek aan toepaslike vorms van restitusie illustreer waarom hierdie klem op versoening soveel kritiek ontlok het.

Die ooglopende weerstand van die meerderheid lidmate en predikante binne Ned Geref Kerk om heelhartig by hierdie proses betrokke te raak, beklemtoon dat hulle nie die rol wat geregtigheid en restitusie in versoening speel, kon of wou verreken nie. Die analise van kerklike teologie in die Kairos Dokument bied waarskynlik steeds 'n akkurate beskrywing van die dominante denkpatrone in die Ned Geref Kerk rondom versoening.

Gemeentebou

Britz en Erasmus (1994: 74) toon aan dat "gemeentebou" reeds teen 1970 'n rol in die Ned Geref Kerk gespeel het. In die vroeë fase van gemeentebou-teologie is gefokus op spirituele vernuwing en op die nodige toerusting wat die individuele lidmaat bemagtig om uit te reik na andere in 'n program wat as 'n persoon-tot-persoon-aksie verstaan is. Die vernuwing wat met hierdie bewegings gepaard gegaan het, is aanvanklik opgevang in para-kerklike selgroepe. Hierdie groepe is soms beskou as 'n manifestasie van die kerk in eie reg waarin daar ruimte was vir gewone lidmate om tydens byeenkomste die leiding te neem. In die Wes-Kaap was daar 'n vrugbare grond vir hierdie soort aksente, gegewe die blywende invloed van piëtisme, die binnelandse sendingywer wat juis in die apartheidsera gefloreer het en die ekklesiosentriese wending in the dominante teologiese aksente sedert ongeveer 1980.

Die aantrekkingskrag van hierdie vorm van spirituele vernuwing het egter ook binne die konteks van hoofstroomkerke tot uiting gekom, naamlik in die vorm van gemeentebou. Hier het dit inderdaad gegaan oor die institusionalisering van hierdie vernuwingsbeweging. Die klem op gemeentebou het 'n era ingelui waarin voorstedelike makrogemeentes gevorm is, elkeen met 'n uitgebreide geboukompleks en aantreklike programme, om aan die behoeftes van lidmate in daardie konteks te voldoen. Binne hierdie gemeentes is 'n groot verskeidenheid bedieninge ontwikkel sodat lidmate se gawes tot hulle reg kon kom. Daar is wegbeweeg van die sogenaamde herder-kudde model waarin die rol van die predikant (en daarmee saam die funksies van prediking, huisbesoek en pastoraat) beklemtoon is. Die taak van leierskap is nou eerder verstaan in terme van die toerusting van lidmate ten einde hulle onderskeie bedieninge uit te oefen.

Hoewel hierdie aksent op die funksionering van die liggaam van Christus aantreklik is, het dit ironies genoeg gou gelei tot 'n beklemtoning van alternatiewe leierskapstyle en die wyse waarop makrogemeentes effektief bestuur kan word. Daar word tipies kers opgesteek by die korporatiewe wêreld waar nagedink word oor suksesvolle strategieë vir die bestuur van 'n organisasie. Leierskap word só geassosieer met visionering en die formulering van 'n toepaslike

missie. Hoewel beide hierdie begrippe aan die Joods-Christelike tradisie ontleen is, word dit hier ingeklee in taal ontleen aan die korporatiewe wêreld.

Die aansluiting by die etos van sukses in die korporatiewe wêreld, die invloed van die verbruikerskultuur onder lidmate in voorstedelike gemeentes en die opbloei van die welvaartsevangelie impliseer dat die aandrang op gemeentebou maklik daartoe kan lei dat godsdiens gekommersialiseer word. Kerke word só 'n verskaffer van godsdienstige produkte en dienste om die spirituele behoeftes van lidmate te bevredig. Gemeentes ding met mekaar op die markplein mee ten einde 'n groter "markaandeel" te verkry. Gemeentes praat só oor getalle, die mededinging vanuit Pinkster en ander kerke, finansiële volhoubaarheid en die behoud van 'n bepaalde invloedsfeer en die mag wat daarmee saamhang. Lidmate is eweneens daarop ingestel om 'n gemeente te vind waar hulle behoeftes inderdaad bevredig sal word, waar hulle liturgies kan tuis voel en waar hulle hul vorm van spiritualiteit tot uitdrukking kan bring (Conradie, 2009: 176ev).

Die mees ekstreme vorm van hierdie kommersialisering van godsdiens kan in die verkondiging van die welvaartsevangelie gesien word (sien Conradie, 2009). Hier word voorspoed verstaan as 'n teken van God se goedkeuring en seën. Vir diegene wat mildelik hulle bydraes maak, "draai God die sluise van die hemel oop". Voorts word dit gekenmerk deur die soeke na "godsdienstige opwinding" wat gebied word deur charismatiese sprekers en meevoerende aanbidding. Lidmate vloei gevolglik van een kerk na 'n ander op soek na godsdienstige bevrediging. Hierdie soort aksent word ook gevind in die konteks van gemeentes in die familie van Ned Geref Kerke, waar 'n legitimering van die "upward social mobility" van die laer-middelklas bespeur kan word.

Daar kan talle punte van kritiek teen hierdie aksent op gemeentebou ingebring word. Dikwels lei dit tot 'n gerigtheid na binne, na die opbou van gemeentes en die interne behoeftes van die gemeente. Dit word ook weerspieël in die finansiële besteding van makro-gemeentes. Die opvallende is dat die fokus op gemeentebou, anders as by die klem op die uniekheid van die kerk, gerieflik volgehou kan word in konteks waar skeiding op grond van ras en ekonomiese klas voortduur. Die gemeente bly 'n homogene groep in 'n voorstedelike konteks. Sondag om 10h00 bly "the most segregated hour". Dit is weliswaar nie noodwendig die geval nie, maar hierdie teologiese sleutel bied nie opsigself weerstand teen die isolasie wat apartheid gekenmerk het nie. Op die oog af word die isolasie wel deurbreek met behulp van internasionale netwerke, maar met 'n versigtig gekose teologiese strekking.

Hierdie na-binne gerigtheid word weliswaar ook bevraagteken binne kringe waar gemeentebou as dominante teologiese sleutel funksioneer. Dit gee weer aanleiding tot 'n aksent op sending en die ondersteuning van sendingwerk in ander dele van die wêreld (sien hieronder). Die na-binne gerigtheid word ook gekorrigeer en aangevul deur gemeentelike uitreik veldtogte in die plaaslike konteks. Dit gaan meermale gepaard met projekte rondom barmhartigheid, maatskaplike dienste en vorms van ontwikkeling. Dit is nietemin opvallend dat makro-gemeentes hierin telkens die leiding neem en tipies van die veronderstelling uitgaan dat hulle meer het om te gee aan ander as dit wat hulle van ander kan leer of ontvang. Juis daarom ly baie van hierdie soort projekte op die lang termyn skipbreuk of bly dit van 'n *ad hoc*-aard. Die ekonomiese, politieke en ekologiese komplikasies wat tipies is van die ekumeniese diskoers rondom "ontwikkeling", word selde verreken.

Dit is duidelik dat 'n bepaalde verdieping tans binne die Ned Geref Kerk plaasvind namate die aanvanklike visie vir gemeentebou met 'n breër teologiese visie verbind word (Nel 1986). Hierdie verdieping vind byvoorbeeld plaas binne die konteks van liturgiese vernuwing en nadenke oor die aard van "missionale" gemeentes. Dit maak dit moontlik om eensydige aksente te bevraagteken. In beide gevalle volg hierdie tendense die ekklesiosentriese wending soos hierbo aangedui.

Dit bly nietemin 'n vraag of die sterkpunt van gemeentebou as teologiese sleutel, naamlik die

ekklesiologiese konsentrasie wat daarin te vinde is, nie ook die swakpunt daarvan is nie. Net soos in die geval waar die uniekheid van die kerk beklemtoon word, roep die aksent op gemeentebou spoedig vrae op oor die verhouding tussen kerk en wêreld, die kerk en die burgerlike samelewing, asook kerk en staat. Die vraag is naamlik of hierdie aksent op gemeentebou vir lidmate 'n verantwoordbare etiek bied om hulle roeping in die samelewing – ook buite die strukture van die kerk om – te vervul. Bied hierdie teologiese sleutel die etiese gereedskap om na te dink oor ekonomiese, politieke en sosiale vraagstukke waarby Christene immers ook betrokke is? Help dit gereformeerde gelowiges om raak te sien dat die wêreld inderdaad God se wêreld is, dat God na die wêreld kyk met deernis en ontferming? Anders gestel: is die kerk 'n doel opsigself of is die kerk slegs een belangrike instrument in God se sending na die wêreld? Lewe 'n mens om kerk toe te gaan of gaan jy kerk toe om weer gebore te word ten einde te kan lewe?

Daar is egter nog meer op die spel. Die vraag is naamlik hoe hierdie spesifieke ekklesiologiese fokus verband hou met die temas van skepping en herskepping. Waar die Suid-Afrikaanse vorm van neo-Calvinisme 'n soteriologie en 'n ekklesiologie gestruktureer het op die basis van 'n bepaalde skeppingsteologie, is daar in kontekste waar "gemeentebou" as dominante teologiese sleutel funksioneer, die neiging om skeppingsteologie te marginaliseer. Dit beteken dat die vorming van die kerk, die kerk se bedieninge en sending nie meer ingebed word binne die spanning tussen skepping en herskepping nie.

Die oorheersing van gemeentebou as 'n dominante teologiese sleutel het verreikende gevolge. Dit kom veral tot uiting in die huidige onvermoë binne die Ned Geref Kerk om in die reine te kom met vraagstukke waar 'n bepaalde verstaan van God se skepping (as *creatura*) onvermydelik op die spel is: in gesprekke rondom geloof en wetenskap, in 'n verstaan van verskille rondom geslag en ras, in debatte rondom seksualiteit en met name homoseksualiteit, in die hantering van vraagstukke rondom HIV (is dit God se straf op sonde of bloot 'n siekte waarvan mense die onskuldige slagoffers geword het), saamwoon, in gesprekke rondom ekologiese vraagstukke en natuurrampe, en met betrekking tot die noodsaaklike dialoog met ander godsdienstige tradisies. Trouens die spanning tussen skepping en verlossing is ingebed in terminologie soos "swart bevryding", "die emansipasie van vroue", "die waardigheid en regte van mense" en pogings om "die planeet te red" – wat vrylik in publieke diskoers gebruik word. Al is hierdie begrippe ontleen aan die Joods-Christelike tradisie, is dit binne 'n ekklesiosentriese benadering moeilik om teologiese gereedskap te vind om oor hierdie vraagstukke na te dink. Dit lei daartoe dat hierdie onderwerpe óf vermy word óf dat lidmate hulle wend tot suiwer sekulêre argumente in die verband. Tipies bly die kerklike diskoers in dié verband ongenuanseerd en daarom blootgestel aan ongekorrigeerde vorms van biblisisme en fundamentalisme.

Meer nog: die gebrek aan 'n toereikende skeppingsteologie kan nie anders as om uiteindelik die geloofwaardigheid van die evangelie van verlossing in Christus te ondermyn nie (sien hieroor Conradie 2011, 2012). Immers, as dit nie meer duidelik is hoe God met die wêreld (en met wetenskaplike gegewens daaroor) verband hou nie, dan is dit ook nie duidelik hoe God in die wêreld werksaam kan wees nie. Hoe kan God dan nog die mens red? Waar daar wel ervarings van heling en verlossing plaasvind, is dit eweneens nie duidelik hoedat dit aan God toegeskryf kan word nie. In só 'n konteks kan die kerk nog wel 'n belangrike sosiale rol speel, maar is nie kwalitatief anders as enige ander sosiale organisasie nie. Selfs spiritualiteit vervlak tot die verkoop van godsdienstige ervarings – waarvoor daar nogal 'n groot mark bestaan. Dan speel dominees alte lekker kerk-kerk maar hoe dit met God te make het, is lank nie meer duidelik nie (Conradie 2006).

Sending

Gemeentebou het 'n belangrike rol gespeel in die ontwaking van 'n nuwe sendingywer waar

die klem op "sending na buite" val (Naudé, 2004: 36). Dat sending een van die dominante teologiese sleutels geword het, blyk veral uit die sogenaamde sending-ontwaking wat beskryf word as 'n derde golf in die Ned Geref Kerk se sendingvisie (Kritzinger 2004: 265). Alhoewel talle gemeentes 'n bydrae maak tot hierdie nuwe golf, is dit die makrogemeentes binne welvarende gemeenskappe wat in hierdie verband die leiding neem. Hier kan onder andere melding gemaak word van een van die gemeentes in Pretoria in 'n welvarende gemeenskap wat teen 2004 reeds 30 buitelandse sendelinge uitgestuur en onderhou het (Kritzinger 2004: 265). Hierdie beweging het weliswaar ook 'n visie vir barmhartigheid en ontwikkeling gestimuleer. Dit kan egter geïnterpreteer word as 'n vorm van buitelandse ontvlugting, omdat dit die aandag aflei van 'n moeiliker taak – naamlik die kerk se verantwoordelikheid om aandag te gee aan binnelandse konflik, politieke en ekonomiese vraagstukke en versoening met die res van die sogenaamde familie van Ned Geref Kerke (Kritzinger 2004: 265).

Teoloë in die Ned Geref Kerk soos Bosch, Saayman en JJ Kritzinger (2004: 265), wat 'n multi-dimensionele begrip van sending veronderstel, het hierdie klem op sending krities in oënskou geneem. Hulle het raakgesien dat hierdie beweging – ten spyte van die lof wat dit ontvang – iets weerspieël van 'n opvatting van voogdyskap (sien Coetzee, 2011: 61ev) – waar dit gaan oor 'n tipe barmhartigheid wat gekenmerk word deur 'n hoogmoed afkomstig van die *corpus Christianum* (Coetzee 2011: 13ev).

Klippies (JNJ) Kritzinger – 'n deeltydse leraar van die VGK – gee voorbeelde vanuit sy persoonlike ervaring van paternalisme en meerderwaardigheid komende van verteenwoordigers van hierdie beweging binne die Ned Geref Kerk. Kritzinger[12] toon eerstens aan dat daar steeds in die Ned Geref Kerk 'n gebrek is aan 'n "Afrikaan en Gereformeerde" identiteit. Dit kan veral waargeneem word in hierdie kerk se weerstand teen die Belhar-belydenis. Volgens hom is 'n tamheid te bespeur ten opsigte van inter-kulturele verhoudings en in die besonder met die VGK. Tweedens toon hy aan dat hulle begrip van die *missio Dei* 'n duidelike gebrek aan 'n trinitariese teologie vertoon. Derdens laat hy die lig val op die kenmerkende paternalisme binne die Ned Geref Kerk – soos dit weerspieël word in die besluit van die sinode van 1857 (sien Coetzee, 2011: 13ev) – wat volgens hom steeds bly voortleef.

'n Psigose van behoud

Verskeie faktore het aanleiding gegee tot wat as 'n "psigose van behoud" in die Ned Geref Kerk beskryf kan word. In hierdie verband kan eerstens melding gemaak word van die impak van sosiale en politieke transformasie en die traumatiese ervaring daarvan by talle lidmate. Hier kan gewys word op verskeie bedreigende uitvloeisels van hierdie transformasie. Dit sluit die volgende in: die beleid en praktyk van regstellende aksie, wat ekonomiese oorlewing bedreig; die verlies aan politieke seggenskap, met die gepaardgaande verlies aan mag; die kwesbaarheid van eksklusiewe en meerderwaardige sosiale en kulturele waardes; asook die traumatiese ervaring van misdaad, wat lewe en eiendom bedreig. Al hierdie faktore het Afrikaners opnuut na binne laat keer.

Die Ned Geref Kerk het vir talle Afrikaners die laaste bastion geword wat 'n veilige hawe kan bied. Dit is vir baie lidmate die plek waar, te midde van die aanslae van buite, hulle identiteit gewaarborg en hulle selfbehoud verseker word. Van der Borght meen dat hierdie kerk steeds die laaste bastion is wat die identiteit van die Afrikaner waarborg.[13] In dié verband wys Nicol (2004) daarop dat die etniese karakter van die Ned Geref Kerk ná 1990 bly voortleef, en selfs uitgebou

---

12 Sien Kritzinger (2004: 275-280) se volledige bespreking van die identiteit, triniteit en paternalisme binne die Ned Geref Kerk.

13 Van der Borght (2009: 13) laat hom soos volg hieroor : "One can fear that Sunday morning will continue to be the most segregated hour in South Africa as well as America for a long time coming."

word. Hy is van mening dat die aanvaarding van die Belhar-belydenis nie die strewe na eenheid sou kortwiek as dit nie vir hierdie psigose van behoud en bewaring was nie.

Die dominerende emosie van die Afrikaner is hiervolgens dat dit reeds pynlik genoeg is om 'n politieke eenheid met die res van die land te vorm waar "die swartes" "klaaglik misluk" in die bestuur van die land. Daarom weier hulle om die kerk ook prys te gee aan dieselfde "wanbestuur" (Nicol, 2004: 120). Hulle ervaring is boonop een van 'n "stryd om oorlewing" te midde van werklike bedreigings vir hulle persoon en eiendom. Die ironie is dat hierdie stryd om oorlewing óók binne 'n middelklas of hoër-middelklas konteks aanwesig is. Dit word aangewakker deur die emosionele eise van 'n kompeterende samelewing en die tempo van 'n verbruikerskultuur. Die newe-effekte van 'n verbruikerskultuur mond uit in 'n wye verskeidenheid persoonlike en gesinsprobleme (Conradie 2009:93-120) en lei tot talle klagtes rondom tyd, geld en stres.

In die breë weerspieël en bevestig die ampsdraers van die Ned Geref Kerk meestal hierdie sentimente. Teologies word dit verklank in temas soos "sorg", "rus", "troos" en "tuiste", maar nie soseer "oorlewing" nie. Die kerk bied so steeds 'n "veilige hawe" waar lidmate verstaan en pastoraal versorg word waar hulle in hul eie taal kan praat en hulleself kultureel kan uitdruk. Lidmate word begelei om met die eise van die lewe in die reine te kom, maar nie werklik met 'n veranderende samelewing nie. Die langtermyn gevolge van die ekonomiese bevoordeling wat apartheid gebring het, word gerieflik buite rekening gelaat in die lig van huidige ekonomiese kwellinge. Dit is opvallend dat hier sprake is van 'n oorvleueling met een van die teologiese sleutels wat tipies was van apartheidsdenke in die Ned Geref Kerk, naamlik dié van self-isolasie.

Daar kom wel kritiese stemme binne die Ned Geref Kerk na vore wat die wyse waarop hierdie teologiese sleutel in die kerk funksioneer, deeglik raaksien (sien Nicol, 2004:120, ook De Villiers, 2004: 233ev). Hulle toon aan dat hierdie teologiese sleutel heel tipies daartoe aanleiding gee dat die Ned Geref Kerk steeds nie die nodige begeleiding aan hulle lidmate bied om deel te word van die samelewing in die "nuwe Suid-Afrika" nie. Die gebrek aan entoesiasme vir kerkeenheid met die res van die "familie" en 'n daadwerklike betrokkenheid by die ekumene (veral op plaaslike vlak) is gevolge wat hieruit voortvloei (Kritzinger 2004: 273ev).

DIE DIEPSTE PUNTE VAN VERDELING BINNE DIE NED GEREF KERK NA 1974 EN NA 1994

Hierdie analise van dominante teologiese sleutels kan help om die diepste punte van verdeling in enige kerklike diskoers te peil. Teen 1974 was daar duidelike konflik tussen die sleutel van "skeiding" en isolasie aan die een kant en "broederskap" en "versoening" aan die ander kant. Teen 1985 kon die punte van verdeling in breë kerklike diskoers saamgevat word (in die analise van die Kairos Dokument) met die begrippe "staatsekuriteit", "versoening" en "bevryding". Binne die Ned Geref Kerk in die 1980's was die spanning eerder tussen ekklesiosentriese sleutels (waarin 'n teologiese klem op die uniekheid van die kerk óf op sosiologiese aspekte van gemeentebou moontlik was) en sleutels waarin die klem op die samelewing geval het (óf op staatsekuriteit, óf op die bediening van versoening, óf op kerklike dienswerk in die same-lewing. Hierdie spanning is uiteraard aanwesig in die twee weergawes van die dokument *Kerk en Samelewing* (1986, 1990). Met 'n bietjie oordrywing sou die dokument ook "Kerk óf Samelewing" genoem kon word. Die dokument weerspieël uiteenlopende teologiese opvattings van die posisie van die kerk in die samelewing (tussen neo-Calvinisme en neo-Ortodoksie) wat lei tot 'n sekere ambivalensie ten opsigte van kerklike eenheid. In die kerklike praktyk was die teologiese nadenke oor gemeentebou (met 'n heel ander teologiese onderbou) egter reeds in daardie tyd dominant.

Waar lê die diepste punte van verdeling binne die Ned Geref Kerk self na 1994? Dit is 'n moeilike vraag om te antwoord omdat die nodige historiese afstand om hierdie punte van

verdeling raak te sien nog nie daar is nie. Gegewe die pluralisering van teologiese uitgangs-
punte, benaderings en gespreksgenote sedert 1994 is dit beswaarlik moontlik om 'n oorkoe-
pelende oorsig te gee oor teologiese diskoers in die Ned Geref Kerk. Verskille tussen streke
en sinodes moet veral hier in ag geneem word. Daar kan orals punte van verdeling raakgesien
word, maar gegewe die pluralisering van teologiese uitgangspunte is dit te betwyfel of enige
netjiese tweedeling moontlik is. Op grond van die analise van dominante teologiese sleutels
is dit nietemin moontlik om enkele opmerkings hieroor te waag. Dit het belangrike implikasies
vir die posisie van die Ned Geref kerk binne die Ned Geref Kerk-familie en ook binne die breër
ekumeniese diskoers in Suid-Afrika.

In die dominante diskoers binne die Ned Geref Kerk is daar weinig oorblywende tekens
van die neo-Calvinistiese teologie wat benut is om apartheidsteologie te regverdig. Die reste
van apartheidsteologie word nietemin gekontinueer in wat hierbo die "psigose van behoud"
genoem is. Dit word egter gerugsteun, so sou 'n mens kon sê, deur enige beskikbare teologie wat
sigself daartoe leen (of daarvoor misbruik kan word) – vanaf Bonhoeffer se verstaan van lewe in
gemeenskap tot by welvaartsteologie. Die kriterium vir bruikbaarheid is of 'n bepaalde teologiese
ontwerp help om die sosiologiese veranderlikes van die plaaslike gemeente te verreken en die
institusionalisering daarvan te versterk. Hierdie soort teologiese ontwerp laat wel ruimte vir
dienswerk in die plaaslike konteks, vir sending na buite en in 'n mate vir profetiese stemme van
kritiek teenoor die staat, politieke partye en in die burgerlike gemeenskappe. Die klem val egter
nie op sosiale transformasie nie, maar op die nodige ruimte vir die kerk en vir lidmate om te kan
funksioneer binne 'n snel-veranderende en dikwels bedreigende samelewing. Hier is dus steeds
sprake van 'n vorm van ekklesiosentriese teologie.

Op grond hiervan sou 'n mens kon sê dat die diepste punte van verdeling tans saamhang
met enigiets wat die strukture wat daargestel word om die sosiale en godsdienstige "behoud"
van lidmate en gemeentes te verseker, fundamenteel kan bedreig. Dit gaan egter nie soseer
om bedreigings van buite af nie, maar om dinge wat die kohesie na binne kan bedreig. Die
behoud van gemeentes het immers alles te make met lidmaatgetalle. Dit geld van kwynende
plattelandse en middestad gemeentes. Dit geld egter ook van makro-gemeentes waar die
aantrekkingskrag van ander kerke en liturgiese style vinnig gevoel word. Die aantal lidmate het
uiteraard finansiële implikasies. Groot gemeentes het ook groot begrotings en verg effektiewe
bestuurstelsels. Binne só 'n konteks kan geen gemeente iets bekostig wat onnodig verdeling
mag bring nie. Verskille op grond van ras kan maklik geakkommodeer word, maar verskille op
grond van klas en kultuur is veel moeiliker om te hanteer. Hier is veral drie gevare ter sprake
wat die kohesie kan bedreig, naamlik kerklike gesprekke rondom geloof en wetenskap, rondom
homoseksualiteit en rondom sosiale geregtigheid, veral restitusie. In al drie gevalle word die
gedeelde veronderstellings waarbinne "behoud" gebied word, geproblematiseer. Die briewe in
die media hieroor gee oorgenoeg aanduidings hoe sensitief hierdie kwessies inderdaad is. Binne
'n ekklesiosentriese benadering kan dit nie eintlik bekostig word nie. Enige iemand wat hierdie
sake voorop stel, word gevra om liewer nie nou hierop aan te dring nie.

Dit is interessant om daarop te let dat al drie hierdie temas buite die skopus van 'n
ekklesiosentriese benadering val. Daar is wel 'n minderheid lidmate wat by hierdie soort
kwessies betrokke is. Daar vind egter binne die Ned Geref Kerk self steeds weinig teologiese
nadenke hieroor plaas. Dit bly steeds op die kantlyn. Dit bied 'n voorlopige aanduiding dat die
punte van verdeling juis hier gevind kan word.

In elke geval word teologiese nadenke oor die samelewing self gevra, nie net oor die kerk se
betrokkenheid by die samelewing nie. Die rol van die kerk as 'n instrument in God se werk in die
wêreld word algemeen aanvaar, maar die lokus van God se werk word verskillende beklemtoon:
óf primêr in die kerk en daardeur in die wêreld, óf primêr in die wêreld met gebruikmaking van

die institusionele kerk as instrument waar nodig. In antwoord op hierdie vraag word verskillende aspekte beklemtoon in neo-Calvinistiese en neo-Ortodokse geledere. Al speel hierdie teologiese denkrigtings na 1994 steeds minder van 'n rol, bly die onderliggende vraag na 'n toereikende verstaan van die verhouding tussen kerk en samelewing steeds relevant. Daaragter lê die vraag na 'n toereikende skeppingsteologie en veral die behoefte aan 'n toereikende verstaan van die verhouding tussen skepping en verlossing. Dit is nie net die Ned Geref Kerk wat hiermee worstel nie; die hele geskiedenis van die Christelike tradisie gee blyke daarvan (Conradie 2011, 2012). Dit is ook hierdie vraag wat in die analise wat hier aangebied word die deurslag gee.

GEVOLGTREKKING RONDOM GESPREKKE BINNE DIE NED GEREF KERK-FAMILIE

Indien hierdie analise van die situasie binne die Ned Geref Kerk self net naastenby in die kol is, het dit belangrike implikasies vir diskoers binne die Ned Geref Kerk-familie. Die teologiese debatte rondom die uniekheid en die eenheid van die kerk is grootliks uitgeklaar. Dit is selfs moontlik om te argumenteer dat daar genoegsame konsensus is rondom die drie sleutelpunte van die Belydenis van Belhar, naamlik kerklike eenheid, versoening (veral binne die kerk) en selfs rondom die noodsaak van sosiale geregtigheid. Dit is egter te betwyfel of prioriteit aan enige van hierdie motiewe vanuit die Ned Geref Kerk verleen word of selfs kan word gegewe die dominante teologiese sleutels. Die aandag van gemeentes en kerkleiers is meestal op ander, vir hulle meer dringende sake gefokus. Die dominante teologiese sleutels binne die VGK is selfs moeiliker om te peil, maar dieselfde vraag kan nietemin ook aan die VGK gestel word.

Hierdie situasie word vererger deur drie faktore. Eerstens is daar die oneweredigheid tussen die Ned Geref Kerk en die VGK in terme van lidmaatgetalle, eiendom, finansiële bates, vlakke van opvoeding onder lidmate en kerkleiers, organisatoriese strukture en so meer. Opsigself belemmer dit noodwendig pogings tot kerkeenheid. Dit word grootliks daardeur vererger dat die kerkleiers van die Ned Geref Kerk tipies net te gou die leiding neem in gesprekke rondom eenheid en versoening. Hulle is vinniger om probleme te artikuleer, voorstelle te maak, dinge te organiseer en om dit alles teologies te verwoord. Dit hang sekerlik saam met subtiele verskille in terme van klas en opvoeding maar ook met die blywende invloed van die verlede. Terselfdertyd, sonder kerklike eenheid tussen die Ned Geref Kerk en die VGK sal die legitimiteit van eersgenoemde altyd onder verdenking bly. Ironies genoeg, vorm eenheid met die VGK vir die Ned Geref Kerk die sleutel tot oorlewing op die lang termyn.

Tweedens is die herinnering aan die pynlike verlede nie afgehandel nie en bly dit steeds voortleef, veral binne die VGK. In elke nuwe gesprek bly dit heimlik op die agtergrond en kom onmiddellik na vore wanneer verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk die leiding neem rondom versoening. Eenvoudig gestel: as jy jou skuld teenoor iemand bely moet jy ook lank genoeg stilbly en wag op die leiding van die een teenoor wie jy skuld bely het. Intussen verg die praktyk van samewerking egter besluite, finansies en organisasie, veral in 'n hoër middelklas omgewing. Juis daarom word sake verder vertroebel.

Derdens is versoening nie moontlik sonder geregtigheid en die gepaardgaande eis om restitusie nie. Gegewe die sosio-ekonomiese veranderinge in Suid-Afrika, die rol van regstellende aksie en die verskillende wyses waarop beleidsmaatreëls (bv in onderwys) verskillende sektore van die samelewing geraak het, bly sosio-ekonomiese geregtigheid egter tergend ontwykend. Omtrent elke definieerbare groep voel op die een of ander wyse te na gekom en bring hierdie belange na ekumeniese diskoers. Hoe langer strukturele kerklike eenheid sloer, hoe moeiliker sal dit word om die ongeregtigheid van die verlede aan te spreek omdat dit met ander faktore vervleg raak.

Dit is ten slotte ironies en tragies dat 'n welvaartsteologie die mees waarskynlike punt is waar

aanvaarding en herstel van verhoudinge moontlik is en waar die lidmate mekaar kan vind. Dit is trouens hier waar dié wat reeds het, ondersteun word, terwyl die "upward social mobility" onder dié wat hoop om dit te verkry, in dieselfde mate gelegitimeer word.

BIBLIOGRAFIE

Beeld, 1991/08/19.
Boesak, A 2010. "Wit mense toi-toi mos nie". *Die Burger* (in die By), 13 Maart, 5.
Bosch, DJ 1982. "The Church as alternative community". *Studiestuk no 170.* Instituut vir Reformatoriese Studies. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO.
Bosch, DJ 1982. "In gesprek met dr. PF Theron". In Bosch, DJ (et al.) 1982. *Perspektief op die ope brief* 134-142. Kaapstad: Human en Rousseau.
Botman, HR 1996. "Narrative challenges in a situation of transition". In Botman, HR en Peterson, RM (eds): *To remember and to heal: theological and psychological reflections on truth and reconciliation,* 37-43. Cape Town: Human & Rousseau.
Britz, RM & Erasmus, LM 1994. "'n Oorsig van die ontwikkeling van 'n gemeentebouteologie in die Ned Geref Kerk 1970-1994". *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* September 35: 3, 374-388.
Coetzee, MH 2011. *Die "kritiese stem" teen apartheidsteologie in die Ned Geref Kerk (1905-1974).* 'n Analise van die bydraes van Ben Marais en Beyers Naudé. Doktorale proefskrif. Wellington: Bybel-Media.
Conradie, EM 2006. *Waar op dees aarde vind mens God? Op soek na 'n aardse spiritualiteit.* Wellington: Lux Verbi.BM.
Conradie, EM 2009. *Uitverkoop? In gesprek oor ... die verbruikerskultuur.* Wellington: Lux Verbi.
Conradie, EM (ed) 2011. *Creation and Salvation, Volume 1: A Mosaic of Essays on Selected Classic Christian Theologians.* Studies in Religion and the Environment, Vol. 5. Berlin: LIT Verlag.
Conradie, EM (ed) 2012. *Creation and Salvation: A Companion on Recent Theological Movements.* Studies in Religion and the Environment, Vol. 6. Berlin: LIT Verlag.
De Gruchy, JW 1979. *The Church struggle in South Africa.* CapeTown: David Philip.
De Villiers, 2004. "The influence of the Dutch Reformed Church on public policy during the late 80s and 90s". In Weisse, W & Anthonissen, C (eds): *Maintaining apartheid or promoting change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South Africa,* Religion and society Vol 5, 223-234. New York: Waxmann.
Durand, JJF 1985. "Afrikaner piety and dissent". In Villa-Vicencio, C & De Gruchy, JW (eds): *Resistance and hope. South African essays in honour of Beyers Naudé,* 39-51. Cape Town: David Philip.
Durand, JJF 1987. "Bevryding tot versoening". In *Teks binne konteks: Versamelde opstelle oor kerk en politiek,* in die reeks *Teks en konteks,* 88-90. Bellvile: Universiteit van Wes-Kaapland.
Durand, JJF 1987. "Die Suid-Afrikaanse spanningsveld van kerk en politiek". In *Teks binne konteks: Versamelde opstelle oor kerk en politiek,* in die reeks *Teks en konteks,* 131-140. Bellvile: Universiteit van Wes-Kaapland.
Durand, JJF 1987. Kairos – Swart kerke in verset". *Die Suid-Afrikaan,* September.
Durand, JJF 1988. "Church and state in South Africa. Karl Barth vs. Abraham Kuyper. In Villa-Vicencio, C (ed): *On reading Karl Barth in South Africa,* 121-138. Grand Rapids: Wm B Eerdmans
Elphick, R & Davenport, R (eds) 1997. *Chrisianity in South Africa a political, and cultural history.* Los Angeles: University of California Press.
Gaum, F 1997. *Reis met Apartheid: Die verhaal van die Ned Geref Kerk 1960 – 1994 'n getuienis en 'n belydenis.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.
Heaney, MJ 2004. *Beyers Naudé, ekumeniese baanbreker in Suid-Afrika: 1960-1994.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.
Heyns, J 1977. *Die Kerk.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Heyns, J 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Jonker, WD & Theron, PF 1981? *Vreemde gemeenskap.* Kaapstad: N.G. Kerkboekhandel.
Jonker, WD 1977. "What is theology"?: In *Church and theology in the Contemporary world,* 3-15. Reformed Ecumenical Synod.
Jonker, WD 1991. "Reaksie op Naudé en Furstenburg se bespreking van *Uit vrye guns alleen*". *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif,* Maart 32: 1, 119-123.

Jonker, WD 1998. *Selfs die kerk kan verander.* Kaapstad: Tafelberg.Jonker, WD & Theron, PF (reds) 1979. *Vreemde Gemeenskap: Preke rondom die tema: die kerk in die wêreld.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Mac Millan.

Kinghorn, J 1990. 'n Tuiste vir almal: 'n Sosiaal-teologiese studie oor 'n gesamentlike demokrasie in Suid-Afrika. Kaapstad: Blackshaws.

Kinghorn, J 1997. "'Modernization and apartheid': The Africaner churches". In Elphick, R & Davenport, R (eds): *Christianity in South Africa a political, and cultural history,* 135-154. Los Angeles: University of California Press.

Kritzinger, JNJ 2004. "Riding a New Wave?: A new mission awakening in the Dutch Reformed Church". In Weisse, W & Anthonissen, C (eds): *Maintaining apartheid or promoting change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South Africa,* Religion and society Vol 5, 259-281. New Yark: Waxmann.

Lategan, BC 1984. "Current issues in the hermeneutical debate". *Neotestamentica,* 18, 1-17.

Lategan, BC, et al. 1987. *The option for an inclusive democracy.* Stellenbosch: Centre for Contextual Hermeneutics.

Lategan, BC 1984. "Current issues in the hermeneutical debate". *Neotestamentica,* 18, 1-17.

Lategan, BC, et al. 1987. *The option for an inclusive democracy.* Stellenbosch: Centre for Contextual Hermeneutics.

Law, L 1987. "Conscientious objection: The church against apartheid's violence". In Villa-Vicencio, C (ed): *Theology & Violence: The South African debate,* 281-297. Johannesburg: Skotaville.

Louw, C 2001. *Boetman en die swanesang van die verligtes.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Maluleke, TS 1999. "The Truth and Reconciliation discourse: A black theological evaluation". In Cochrane, J, De Gruchy, JW & Martin, S 1999. *Facing the truth: South African faith communities and the Truth and Reconciliation Commission,* 103. Cape Town: David Philip.

Maritz, PJM 2003. Ben Marais (1909-1999): The influences on, and heritage of a South African prophet during two periods of transformation. Ongepubliseerde Doktorale proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Meiring, P & Lederle, HI (reds) 1979. *Die eenheid van die kerk: opstelle/byeengebring deur Meiring en Lederle.* Kaapstad: Tafelberg.

Mosala, I 1987. "The meaning of reconciliation", *Journal of Theology for Southern Africa* Julie, 59, 19-25.

Naudé, P 2004. "The DRC's role in the context of transition in South Africa. Main streams of academic research". In Weisse, W & Anthonissen, C (eds): *Maintaining apartheid or promoting change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South Africa,* Religion and society Vol 5, 31-51. New York: Waxmann.

Ned Geref Kerk, Algemene Sinode 1974. Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif. Goedgekeur en aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk, Oktober 1974. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Ned Geref Kerk, Algemene Sinode. Hersieningskommissie. Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk, (1986). Bloemfontein: NG Sendingpers.

Ned Geref Kerk, Algemene Sinode. Kerk en Samelewing. 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk, (1990). Bloemfontein: NG Sendingpers.

Nel, M 1986. *Teologiese perspektiewe op gemeentebou.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Nicol, W 2004. "Accompanying the Flock: The development of the Dutch Reformed Church 1974-1990". In Weisse, W & Anthonissen, C (eds): *Maintaining apartheid or promoting change? The role of the Dutch Reformed Church in a phase of increasing conflict in South Africa,* Religion and society Vol 5, 115-121. New Yark: Waxmann.

Nolan, A 1987. "Conscientious objection: The church against apartheid's violence". In Villa-Vicencio, C (ed): *Theology & Violence: The South African debate,* 209-214. Johannesburg: Skotaville.

Nürnberger, K & Tooke, J (eds) 1988. *The cost of reconciliation: NIR Reader 1* (Cape Town: Methodist Publishing House.

Schreiter, R 1992b. *Reconciliation: Mission and ministry in a changing social order.* Maryknoll: Orbis Books.

Smit, DJ 2009. *Essays on being reformed: Collected essays.* Stellenbosch: Sun Press.

The Saga of Vereeniging 1989. Dutch Reformed Church in Africa (DCRA) Action. Ongepubliseer.

Theron, PF 1978. "Die Kerk as eskatologiese teken van eenheid" in *Die eenheid van die kerk.* Kaapstad: Tafelberg.

Theron, PF 1988. "Natuur en genade, kerk en volk". In Wethmar, CJ en Vos, CJA (reds). *'n Woord op sy tyd.* Feesbundel aangebied aan Prof. Johan Heyns 157-172. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van der Borght, EAJG 2009. "Sunday morning the most segregated hour: On racial reconciliation as unfinished business for theology in South Africa and beyond". Inaugural lecture deliverd upon accepting the position of VU University Amsterdam Desmond Tutu chair.

Van Wyk, JH 1989. "WD Jonker as ekklesioloog". In Theron, PF & Kinghorn, J (eds): *Koninkryk, kerk en kosmos,* 74-86. Huldigingsbundel ter ere van Prof. WD Jonker. Bloemfontein: Pro Christo.

Villa-Vicencio, C (ed) 1987. *Theology & violence. The South African debate.* Johannesburg: Skotaville.

Vorster, WS (ed) 1986. "Reconciliation and construction: Creative options for a rapidly changing South Africa". Pretoria: Unisa.

TREFWOORDE

Gemeentebou
Isolasie
Ned Geref Kerk
Psigose van behoud
Sending
Staatsekuriteit
Versoening

KEY WORDS

Congregation building
Dutch Refromed Church
Isolation
Mission
Psychosis of Survival
Reconciliation
State Security

Contact details

Dr MH Coetzee (Murray)
Universiteit van Stellenbosch
Departement Sistematiese Teologie
 Privaatsak X17,
7535 BELLVILLE
E-posadres:
murraycoetzee@afrihost.co.za
Prof EM Conradie
Department Religie en Theologie,
Universiteit van die Weskaap,
Privaatsak X17,
7535 BELLVILLE.
E-posadres: emconradie@gmail.com

De Beer, PJP[1]

The Reformed Church in Africa's *Laudium Declaration.* A gift to the ecumenical community[2]

ABSTRACT

The author provides a brief overview of the history of the Reformed Church in Africa (RCA)**,** a church that is rooted in the South African Indian community, from its birth in 1968 till the present day. He then proceeds to discuss the content and the impact of the *Laudium Declaration,* which was adopted at the synod of the RCA in 1990. The declaration was widely welcomed in the RCA, defining the evangelical character of the church. The reaction of other churches in the Dutch Reformed Church Family to the Laudium Declaration is discussed, together with an appraisal of the role that the declaration may play in the current unification process in the Dutch Reformed Family in South Africa. The article ends with a heartfelt prayer that the declaration will be accepted as a gift from God not only by the Reformed churches in South Africa, but by the wider ecumenical community.

1. INTRODUCTION

In terms of the age of churches, the Reformed Church in Africa (RCA) is indeed a very young church, a relative latecomer on the South African scene. The first initiatives to reach out to the Indian/Muslim community by the Dutch Reformed Church (DRC) in the Cape came when Dr G B A Gerdener was appointed missionary among the Muslims in Cape Town (1916). In Transvaal the work among the Hindu community was initiated by Miss E Hamman (later Mrs Kelber), in 1928.[3]

The first outreach efforts to the Indian community, decades earlier, originated from English speaking churches. This was on account of the fact that English was the first or second language of the Indian people in South Africa. After the planting of the RCA, all the congregations of the RCA accordingly became English speaking as well. Afrikaans speaking Christians, members of the sending church (the DRC), often found it difficult to reach out to an English speaking community. Nevertheless, considering the fact that the Indian people arrived as early as 1860 and following years in South Africa, one would have expected an earlier involvement of the Dutch Reformed Church in reaching out to the Indian Community with the Gospel.[4]

The Christians community among the Indian immigrants, according to Brain, constituted only 1.4% of the total of 152 184 immigrants. Most of these Christians were from Madras, brought

---

1 Emeritus Pastor, Reformed Church in Africa

2 The article is based on research for a Ph D thesis on *Church Planting in the South African Indian Community, with Reference to the Reformed Church in Africa,* accepted by the Faculty of Theology, University of Pretoria (2010), under the supervision of Professor P G J Meiring.

3 Nederduitse Gereformeerde Kerk (DRC) 1975: *Acta, Sinode van Suid-Transvaal*, 210. In the article reference is often made to the Dutch Reformed Church Family. The family of churches consists of the Dutch Reformed Church, the Uniting Reformed Church, the Dutch Reformed Church in Africa and the Reformed Church in Africa.

4 De Beer, *Church Planting*, 68ff.

In some respects, Accra also agrees with the *servant* model's bonds of unity. Paragraph 41, for example, commits the church to work for a just economy with communions and associations beyond its common confession. Thus, while faith is the primary bond in Accra a shared commitment to justice as also an important binding factor (Cf. Dulles, 1976:90-1).

8.2 Beneficiaries

When it comes to beneficiaries Accra is most like the *servant* model, where the church's beneficiaries are "all who hear from the church a word of comfort and encouragement, obtain a respectful hearing, or receive material help in times of need" (Dulles, 1976:91). Thus, unlike the other models, its primary beneficiaries are not necessarily members of the church.

Accra shares the servant model's inclusivity by including all people of the world, rich and poor (Accra 17, 30), as possible beneficiaries of the church. With God as its role model (Accra 20, 24), Accra makes special mention of the poor (Accra 20, 28), suffering (Accra 5), powerless (Accra 11), marginalised (Accra 20), victims of injustice (Accra 26), oppressed, hungry, blind, imprisoned, downtrodden, stranger, orphan and widow (Accra 28) as *special* (Accra 24)[6] beneficiaries of the church. More than that, they are included as "preferential *partners*" of the church - as active participants in God's work (Accra 20). Accra's ecclesiology also follows another more recent (green) ecclesiological development when the benefits of God's reign is said to extend beyond humanity to include the whole of the earth (Accra 1, 5, 20, 22, 26, 37, 42).

In addition to the above, Accra still prioritises proclamation of the gospel so that people may come to faith in Jesus Christ. In this sense Accra agrees with the *herald* model, wherein the beneficiaries of the church "are those who hear the word of God and put their faith in Jesus as Lord and Saviour" (Dulles, 1976:78). Therefore, in Accra, the beneficiaries of the church include those who hear the gospel and respond in faith to its call. Such a response seems to include confession of guilt (Accra 34) and repentance from whatever denies fullness of life to God's creation (Accra 19, 21, 23, 25, 27, 29, 31).

8.3 Goal/Purpose

For Dulles the benefits that people can hope to receive are synonymous with the goal or purpose of the church. Once again, Accra agrees most with the *herald* and *servant* ecclesiological models.

The *herald* model's primary goal is to proclaim the gospel (Dulles, 1976:78). "The Church's responsibility is not necessarily to produce conversion (only God can do that), still less to build the Kingdom of God; but rather to evangelise all the nations in accordance with the 'great commission' of Mt. 28:18-20" (1976:78). Correspondingly, Accra witnesses to God's reign (Accra 32) and calls for repentance (Accra 15-35).

However, Accra also breaks from the herald model in a number of ways: *Firstly,* in terms of the church's "methodology" (1976:86). Statements like, "we are challenged by the cries of the people who suffer and by the woundedness of creation itself," and "we open ourselves to the reality of the world", imply *dialogue* rather than proclamation. This approach is more typical of the servant model, in which the world is a proper theological locus and not simply a passive recipient of the church's witness (1976:85-6).

Secondly, Accra shares the servant model's basic assumption of solidarity with the world

---

6 Note the similarity between Accra par. 24 and *Belhar,* art. 4. While Accra follows *Belhar* by saying that "God is in a *special* the God of the destitute...", and not the liberation theologians in their "*preferential* option for the poor," one might still ask whether Accra leans more towards the former or the latter? Cf. Smit, 1984.

(1976:85-88), which begins with people that are marginalised, oppressed and powerless (Accra 24-29). Therefore, the church's purpose extends beyond that of an institution, community, sacrament or messenger. The church of Accra is a servant that is called "to stand with those who are victims of injustice", and "against any form of injustice" (Accra 26).

Finally, while Accra gives no indication that the church can bring about God's reign of justice it does place a lot of emphasis on active involvement within the economy (Accra 16, 35). The church is expected "to change, renew and restore the economy and the earth" (Accra 42). For Accra, the church's primary purpose in this context is not to gain new recruits, but to serve people and nature by working for a more just economy (1976:91). This dichotomy between the herald and servant models raises important questions about the relationship between church and eschatology. Does Accra's church simply proclaim the kingdom or does it help to bring it about? Is the ultimate benefactor Jesus, or the Church?

In light of Dulles' models then, Accra's ecclesiology is part *herald* and part *servant.* This also raises questions about the models that do not find expression in the document. Could a stronger *institutional* sensibility not enable the church to relate more clearly with its members and more credibly with others in the public sphere? Could the "mystical communion" model not help to revive the deformed spirituality and lack of empathy that Accra laments? Could the *sacramental* mentality not help to articulate the unique role of the church within the tension between the *already* and the *not-yet?*

9. CONCLUSION

The above description of Accra's implied ecclesiology was done in an appreciative manner. The goal was to shed light on the way in which ecclesiological metaphors and images functioned to present a picture of the church within the context of global economic and ecological injustice. It reveals that ecclesiological images and doctrines function in very dynamic ways to convince and create meaning within particular contexts. It is interesting to note, for example, how the challenge of global economic injustice redefines the church's holiness (5.2), or how the prophetic office of the church becomes the preferred mode of relating with the public sphere when "the integrity of our faith" is challenged (6.1)[7]. In other cases important ecclesiological elements such as liturgy (7.4) and the sacraments (4.2) fall away to make room for activist vigour and ecumenical partnerships (7.3). Clearly, the specific contextual challenges facing the general council deeply influenced how they came to view the church[8].

One way of assessing the church model that emerged from the description above, is by subjecting it to generally accepted, inter-subjective criteria[9]. This enables one to identify certain strengths and weaknesses of the church model, which in turn may be helpful when considering adjustments or alternative proposals. Such inter-subjective criteria would have to include coherence, credibility, intelligibility, relevance, adequacy and continuity with scripture and tradition (Pretorius, 2011:56-62)With some exceptions, like the silence regarding the sacraments, it seems that the Accra Declaration puts forward a coherent image of a church that is willing

---

7 Cf. Naudé, P. 2008. What has Accra to do with New York? An analysis of moral discourse in the Accra Confession. *NGTT,* 3-4 (49). p. 206-216.

8 Cf. Smit, DJ. 2008d. Challenges for Reformed Churches in Africa: A Contemporary Narrative, in *International Journal for the study of the Christian Church,* vol. 8, no. 4, November 2008 (330-334).

9 Cf. Chapter 4 of Pretorius, HM. 2011. *The Church in the Accra Declaration: A theological description and critical evaluation of the implied ecclesiology of the Accra Declaration (2004).* Unpublished Master of Divinity research assignment (University of Stellenbosch). Full text available at: http://db.tt/6HHq0ZI2.

to address relevant issues from the basis of sound Reformed ecclesiological roots. However, serious questions are raised regarding the credibility and adequacy of Accra's ecclesiology. The credibility of Accra's church model becomes questionable when it is subjected to commonly held ideas regarding society (Pretorius, 2011:66-71). As Smit (2009:183) points out: "The document shows hardly any sensitivity to contemporary forms of structured pluralism and the political, social and cultural complexities of our global world." Furthermore, as the discussion on the *Four Dimensions of the Church* (7) suggests, Accra's practical ecclesiological implications and suggestions are vague, uninspiring and unrealistic (Pretorius, 2011:71-82). It is doubtful whether Accra assists local congregations and ordinary Christians in addressing injustice through the means available to them (Smit, 2009:184).

Ecclesiology offers a good vantage point from which to describe and assess the merits of a church document. When complemented by a more thorough assessment by standard inter-subjective criteria it becomes even more nuanced and helpful. If churches really are "seekers of truth and justice" as par. 11 of Accra suggests, they will look to continually grow in honest self-awareness and work to be more diligent and credible as seekers of Christ's reign of justice.

BIBLIOGRAPHY

Alston, Wallace M Jr. 2002. *The Church of the Living God: a Reformed Perspective.* Westminster John Knox Press. Louisville.

Barth, K. 1962. *Church Dogmatics,* IV/1:764-83. T. & T. Clark. Edinburgh.

Bergjan, S. 1994. 'Ecclesiology in Faith and Order Texts', in *Ecumenical Review,* 46, 1, pp. 45-77.

Burger, CW. 1999. *Gemeentes in die Kragveld van die Gees: oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus.* Buvton. Stellenbosch.

Dulles, A. 1976. *Models of the Church: A critical assessment of the church in all its aspects.* Gill and Macmillan. Dublin.

Forrester, Duncan B. 1995. 'Ecclesiology and Ethics – A Reformed Perspective' in *The Ecumenical Review.* Vol 47. (pp. 148-152).

Horton, Michael S. 2009. 'Union and Communion: Calvin's Theology of Word and Sacrament,' in *International Journal of Systematic Theology.* Vol. 11, no. 4 (398-414)

Küng, H. 1968. *The Church.* Search Press. London.

McGrath, A.E. 2001. *Christian Theology: An Introduction,* 3rd edition. Blackwell Publishing. Oxford.

Minear, P.S. 1960. *Images of the Church in the New Testament.* The Westminster Press. Philadelphia.

Moltmann, J. 1977. *The Church in the Power of the Spirit.* SCM Press. London

Naudé, P. 2008. *What has Accra to do with New York? An analysis of moral discourse in the Accra Confession.* NGTT, 3-4 (49). p. 206-216.

Pretorius, HM. 2011. *The Church in the Accra Declaration: A theological description and critical evaluation of the implied ecclesiology of the Accra Declaration (2004)*. Unpublished Master of Divinity research assignment (University of Stellenbosch). Full text available at: http://db.tt/6HHq0ZI2.

Smit, DJ. 1984. "'In a Special Way the God of the Destitute, the Poor and the Wronged'", in *A Moment of Truth: The Confession of the Dutch Reformed Mission Church,* Cloete, GD & Smit, DJ (eds.). Eerdmans. Grand Rapids.

Smit, DJ. 2002. 'Deel van "Kerk" deur die eeue? - die werklike kerk op soek na die ware kerk', in Nell, I. and Burger, C. (ed.) *Draers van die Waarheid: Nuwe Testamentiese visies vir die gemeente.* Buvton. Stellenbosch

Smit, DJ. 2008a. 'Oor die kerk as 'n unieke samelewingsverband', in Koopman, N. (ed.) *Geloof en Openbare Lewe: Versamelde Opstelle 2.* SUN PReSS. Stellenbosch.

Smit, DJ. 2008b. 'Oor die kerk en maatskaplike uitdagings in ons land', in Koopman, N. (ed.) *Geloof en Openbare Lewe: Versamelde Opstelle 2.* SUN PReSS. Stellenbosch.

Smit, DJ. 2008c. 'Lex orandi, lex credendi, lex (con)vivendi? – Oriënterende inleiding tot liturgie en etiek,' in Koopman, N. (ed.) *Geloof en Openbare Lewe: Versamelde Opstelle 2.* SUN PReSS. Stellenbosch.

Smit, DJ. 2008d. *Challenges for Reformed Churches in Africa: A Contemporary Narrative,* in "International

Journal for the study of the Christian Church", vol. 8, no. 4, November 2008 (330-334).

Smit, DJ. 2009. 'Theological assessment and ecclesiological implications of the Accra document "Covenanting for Justice in the Economy and the Earth" - Tentative comments for discussion', in Boesak, A. and Hansen, L. (ed.) *Globalisation: The politics of empire, justice and the life of faith.* SUNPReSS. Stellenbosch.

Wainwright, G. 1997. *For Our Salvation: Two Approaches to the Work of Christ.* Eerdmans. Grand Rapids.

World Council of Churches. 1982. *Baptism, Eucharist and Ministry.* Faith and Order Paper No. 111. World Council of Churches. Geneva.

KEY WORDS
Accra Declaration
Church
Ecclesiology

TREFWOORDE
Accra Verklaring
Kerk
Ekklesiologie

CONTACT DETAILS
Mr. Helgard Pretorius
Student (Systematic Theology),
Stellenbosch University,
South Africa
helgardpretorius@gmail.com
+27 (0)79 520 5563

.

Punt, Jeremy
Universiteit Stellenbosch

Nuwe Testament tekste en kontekste: Oor die verband tussen hermeneutiek, identiteite en gemeenskappe[1]

ABSTRACT

New Testament texts and contexts: On the relationship between hermeneutics, identities, and communities

This paper focuses on different texts, Pauline texts as well as those (scriptural) texts invoked by Paul in his texts, and ever-present imperial "super"-texts. The imperial co-establishes the social setting of Paul's letters given the rhetorical use of Othering in the Roman Empire with its identity politics. The rhetorical power of Paul and his scriptural texts contributed to discursive formations, since a strong sense of being and identity was negotiated through these texts, even when admitting that such formations are always in process, mutating and reformatting. Construing notions of Others was a particularly important feature in defining boundaries, for generating insiders and outsiders in Pauline texts.

1. INLEIDING: BELANG VAN IDENTITEIT, TOE EN NOU

Die bestudering van die Nuwe Testament gaan primêr oor hermeneutiek, die soeke na die beste moontlike interpretasie van tekste en kontekste van die antieke wêreld. Om onderrig te gee en navorsing te doen oor die Nuwe Testament in 'n akademiese omgewing, veral aan 'n Teologie Fakulteit, veronderstel 'n breër hermeneutiese rol en bykomende kontekste, soos byvoorbeeld die studie van die betekenis van antieke tekste vir moderne kontekste soos geloofsgemeenskappe. Nuwe Testament tekste en kontekste is in die verlede op verskillende bruikbare en interessante maar ook ontoeganklike en laakbare wyses geïnterpreteer, in die akademie, kerk en samelewing – en dit gebeur vandag nog. Uiteraard was sakrale tekste nog altyd belangrik in hoe religieuse gemeenskappe hulleself verstaan het: 'n wederkerige verhouding waar tekste gemeenskappe informeer en gemeenskappe betekenis toeken aan tekste. Die interaksie tussen teks, hermeneutiek en gemeenskappe kan daarom verduidelik word vanuit die perspektief van identiteit, waar identiteit as selfbewussyn sowel as verhouding tot "Andersheid" verstaan word. Terwyl identiteit as tema 'n aanduiding van antieke belange sowel as moderne sentimente is,[2] is my fokus hier op die historiese aspekte.

Die verstaan van identiteit in die Nuwe Testament in terme van ander groepe of mense as

---

1 'n Geredigeerde weergawe en Afrikaanse vertaling van 'n professorale intreerede gelewer op 17 April 2012, en wat met toestemming van Stellenbosch Universiteit hier gepubliseer word.

2 Die groeiende belang van identiteit in ons era het waarskynlik veel te make met die belangrike, geo-politiese gebeure in Sentraal en Noord Afrika, in die Midde-Ooste, in Oos-Europa, en die Balkan-lande, om enkele voorbeelde te noem. Daarbenewens moet verskillende militêre ekspedisies in die afgelope dekades en gepaardgaande omvorming van groot dele van die wêreld, sowel as 'n groeiende belang by (of ten minste bewussyn van) groepsidentiteit in 'n toenemend geïndividualiseerde wêreld, in ag geneem word. Vandag neem die dikwels retoriese vraag, "what is in a name?", soms nuwe betekenis aan. Belangstelling in hul herkoms, in familie-geskiedenis, oorspronge – selfs wanneer nie noodwendig itv huidige affiliasies nie – reflekteer iets van mense se besorgdheid oor identiteit sake.

"die Ander" of deur "Andersheid" – deur "Andering" ("Othering") – het in die onlangse verlede heelwat aandag ontvang.[3] Paulus se aansprake oor Andersheid of verskille tussen mense en groepe op grond van verskillende grenslyne, sluit nie die moontlikheid van substansiële verskille uit nie. Soos identiteit was Andersheid egter nie 'n vaste of statiese entiteit nie. Dit was kultureel gekodeer en retories verwoord met politieke en kulturele implikasies.[4] Andersheid was dikwels meer 'n aanduiding van die grense wat 'n outeur wou stel as 'n beskrywing van die eienskappe van die betrokke mense. In Paulus se briewe in die Nuwe Testament is sy konstante, eksplisiete aansprake op en subtiele eggo's van die Geskrifte van Israel (min of meer die Ou Testament/ Hebreeuse Bybel) een van die beste voorbeelde van die interaksie tussen tekste, hermeneutiek en gemeenskappe, en die impak hiervan op identiteit – soos in sy appèl op Abraham in sy brief aan die Galasiërs.

Om een verdere tree te neem: die wedersyds-vormende aard van interpreterende gemeenskappe en sakrale tekste blyk teenwoordig te wees ook in geleerdes se ondersoeke. Met ander woorde, die toename in identiteit-studies (insluitende etnisiteit) gee aanleiding tot hernieude belangstelling in die aard van die raakpunte tussen tekste en kontekste. Dit is veral in die raakpunte van hermeneutiek en teks, en gemeenskappe en identiteit waar stimulus vir veel navorsingswerk in die Nuwe Testament gevind word. Die impetus volg in die voetspore van 'n lang – alhoewel nie altyd gelyke nie – tradisie van akademiese navorsing waar Bybelse tekste in hul oorspronklike antieke, Mediterreense wêreld bestudeer word.

2. 'n SAAK VAN KONTEKSTE; KONTEKSTE MAAK SAAK!

Navorsing oor identiteit-sake in die Nuwe Testament kan nie beperk word tot die noukeurige lees of literêre studie van tekste nie, omdat tekste in hul sosiale gesitueerdheid betekenis het en sáák maak. Die agtergrond, sosiale plasing of konteks[5] was aan die een kant nooit afwesig in Nuwe Testament ondersoeke nie; aan die ander kant, die skopus en aard van die betrokkenheid daarvan was tipies van oneweredige aard.[6] In die heel vroeë stadium van Bybel-interpretasie, toe nog grootliks beperk deur kerklike grense, het selfs die Antiocheense skool van die vierde eeu en die latere Middeleeuse *quadriga* reeds voorsiening gemaak vir die letterlike interpretasie van tekste. Die erkenning van die historiese geplaasdheid van tekste het meestal kwalik effek gehad op die interpretasie (Bray 1996:105-107; 147-157).

Met die aanvang van akademiese studie van die Bybel in alle erns in die negentiende eeu het die historiese bewussyn, wat Bybel-interpretasie sedert die sestiende eeu toenemend beïnvloed het, verder beslag gekry.[7] Die oorheersing van die histories-kritiese metode, wat nie losstaan van die ontwikkeling van Nuwe Testament as dissipline nie, was op hande (Lategan 2004:140). Sosiohistoriese kontekste van tekste het sedert die twintigste eeu meer aandag gekry

---

3 Voorbeelde sluit in Buell (2005); Campbell (2008); Dunning (2009); Ehrensperger & Tucker (2010); Hodge (2007); Wills (2008); kyk Spina (2009) oor (meestal) die OT.

4 Kategorieë van en idees oor andersheid en verskille is inherent onstabiel (kyk Dunning 2008:5) en terwyl hul gebruik in NT tekste retories is, verdien hul raakpunte met taal en politiek verdere aandag.

5 Hierdie is van die terme wat vir die sosiale plasing van NT tekste gebruik word – my voorkeur is vir "sosiale plasing" en die rasionaal daarvoor sal algaande duideliker word in hierdie artikel.

6 Vir 'n onlangse, kort verkenning van die ontwikkelings in Bybelse hermeneutiek, sien Lategan (2009a; 2009b). Thiselton (2006) verskaf 'n langer inleiding tot en bespreking van Bybelse hermeneutiek. Kyk bv ook Blount (1995), Schüssler-Fiorenza (1999) en Segovia (2000) vir verskillende oorwegings en gesprek in hierdie verband.

7 Goeie voorbeelde van waarop die radikale skuif uitgeloop het in die ontmoeting met historisiteit kan gevind word in Kümmel (1958:358-362), waar beide die outentiekheid van tekste en die geldigheid van hul aansprake onder die loop kom (kyk Lategan 2004:138).

en 'n groter rol in Bybelinterpretasie ingeneem as ooit tevore.[8] Terwyl daar tans in verskillende opsigte wegbeweeg word van die positivisties geallieerde[9] histories-kritiese metode, bied nuwe historiografiese kennis ander insigte op en toegang tot geskiedenis. Die historiese geheue is immers 'n dinamiese, konstruktiewe en sin-gewende onderneming.[10] In samewerking met groter en konsekwente gebruik van sosiologiese, antropologiese en verwante navorsing-skemas en metodologieë onder bybelwetenskaplikes, neem historiese sake toenemend 'n ander rol in Bybelinterpretasie in.[11]

Die andersoortigheid is tweërlei van aard, epistemologies en metodologies. *Epistemologies* is daar genoegsaam rede om die soektog na die "realiteit agter die teks" te laat vaar, ten dele omdat "realiteit" die verkeerde woord is vir die doel met sulke soektogte; ten dele omdat dit (daarom) 'n verlore saak is, met mislukking gewaarborg; en ten dele omdat die beoogde doel met die produk (die nagejaagde realiteit) problematies is. Die argument gaan verder as die skopus van hierdie aanbieding, en daarom kan hier net volstaan word met die standpunt dat realiteit altyd gekonstrueer word; nooit *an sich,* objektief, of neutraal is nie; nie gevind word nie, maar altyd gekonstrueer word.[12] Die tipiese intensie met histories-kritiese soektogte vir die realiteit agter die teks was (en is) geleë in 'n interpretatiewe kontroleringsfunksie, in histories-kritiese sanksionering of ten minste arbitrasie.[13] Die laat twintigste-eeuse "linguistiese skuif" in Nuwe-

---

8 Hierdie ontwikkeling was nie onverwant aan groter epistemologiese en hermeneutiese verskuiwings in die wêreld nie. Soos Diner verduidelik in sy opstel oor die spektrum van historiese paradigmas as "delayed modes of interpretation of historical processes that have preceded them" (Diner 2007:151). Die ouderdom van die geheue oorrompel die ouderdom van die samelewing; op dieselfde wyse wat die samelewing dit met die vorige "sematicization" van die volk of die staat gedoen het, het die laasgenoemde op hul beurt weer die premoderne *ancient régime* verplaas (Diner 2007:149-163).

9 "The theological justification, or better still, the *sanctification* of the historical-critical method by Käsemann, thus rests squarely on its perceived ability to guarantee closeness to (historical) reality (*Wirklichkeitsnähe*)" (Lategan 2004:140, beklemtoning in die oorspronklike, kyk Martin2008:3-9; Segovia 1995b:278-280).

10 "Herinnering kan beskryf word as die artikulasie van die verlede in die hede" (Pollak 2009:296). Sosiale geheue studies kom nog 'n "ordelike sentrum" kort, maar dit word gebruik in studies oor mondelinge en skriftelike mite. Sosiale geheue word verwoord deur middel van godsdiens en nasionalisme, mnemoniese praktyke in spesifieke sosiale webwerwe, die sosiale herinnering van gewone menslike aktiwiteit, of die plooibaarheid van die voorafgaande en hul politieke gebruik (Brenner en Long 2009:3-4).

11 Die weerstand van Nuwe-Testamentiese geleerdes om die singewende rol van historiese werk te erken staan in verband met teologiese redes (tekstuele geldigheid hang af van die historiese waarheid), wetenskaplike werk (erkenning van die Bybelse tekste se historisiteit, maar tog onwilligheid om die linguistiese skuif volledig te verreken), en epistemologiese redes (rasionalistiese en positivistiese nalatenskap van histories-kritiese werk sowel as die ewige vrees vir anachronisme of die gevaar van "modernisering" van tekste) (Lategan 2004:145-146). Te veel geloof in die vermoë van tekste om hul eie wêreld te konstrueer of te verbeeld mag sodanige sterk agentskap toeskryf aan tekste dat dit die erkenning van die ideologiese belange van die lesers of vertalers inhibeer.

12 Opposisie teen essensialistiese denke impliseer nie die verwerping van vlees en bloed entiteite nie (soos gepropageer deur sommige vgl. Roth 2003). Dit kritiseer eerder die denkbeeldige aard van wat as vaste kategorieë (essensialisme) en seker gronde (objektiwiteit) (vgl. Brown 2001:44) voorgehou word, wanneer sosiale verskynsels in terme van transhistoriese wese onafhanklik van bewuste wesens gesien word, en die weiering om te erken dat die mense die kategoriese struktuur van die werklikheid bepaal.

13 Dikwels met teologiese regverdiging, of soos Lategan dit stel, die heiliging van die histories-kritiese metode, want dit was (is) gesien dat dit nabyheid aan die historiese werklikheid (*Wirklichkeitnähe*) waarborg, terwyl dit Bybel lesers beskerm teen beide 'n *sacrificium intellectus* wanneer die sekulêre instelling van die heilige uit die oog verdwyn, en teen 'n docetiese teologie waar Christus blote metafisiese simbool is (Lategan 2004:144, in reaksie op Ernst Käsemann se werk in die besonder). Kyk Segovia (1995:281-285).

Testamentiese studie het helaas nie uitbuiting van tekste se sosiale plasing gestuit nie, selfs nie te midde van entoesiastiese aktiwiteit in tekstualiteit en literêre representasie nie (Lopez 2011:69). Daar is nietemin toenemende erkenning dat tekste deel is van 'n groter "inseparable, relational web of residues and artifacts that hang together in ways that are not always easily comprehensible" (Lopez 2011:80). Aangesien hierdie ontwikkelinge en skuiwe ingenestel is in verskillende magskonstellasies, is die onlangse "politiese skuif" (Stanley 2011:111) in Paulus studies nie moeilik om te verstaan nie – 'n saak waarna ek binnekort terugkeer.

Metodologies is die verskil in benadering tot historisiteit ten opsigte van die sosiale plasing van die Nuwe Testament ook opvallend.[14] Die verskil is geleë daarin dat weg beweeg word van "agtergrond" studies wat lig wil werp op die Andersheid van die eerste-eeuse konteks op historiese, sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele gronde. Die fokus verskuif nou na die gebruikmaking van sosiale plasings in al hul kompleksiteit as heuristiese middels.[15] Meer as om 'n byna estetiese funksie in die situering van tekste te vervul, is sosiale plasing eerder besorg oor die daarstelling van 'n geloofwaardige interpretasieraamwerk. Eerder as om waardering vir die eksotiese te ontlok, wil konteks as sosiale plasing die moontlike resonansies van die teks karteer. Die kartering sluit die waarskynlike konnotasies en denotasies van betekenis en gepaardgaande illokusionêre effekte in. Verder, eerder dat die Nuwe Testament tekste vensters open op die antieke wêreld, beaam die konstruering van geloofwaardige kontekste dat ongeïnterpreteerde realiteit nie bestaan nie (sien Lategan 2004:145).

'n Ander benadering tot geskiedenis en historiese ondersoek is dus op die tafel, en sal waarskynlik toenemend deur bybelwetenskaplikes ernstig geneem word.[16] Nieteenstaande die groeiende skeptisisme teenoor historiese kritiek as metode,[17] betwyfel geleerdes oor die algemeen nie die belang van 'n historiese bewussyn in die studie van die Bybel nie. Bybelwetenskaplikes toon steeds groot affiniteit vir die geskiedenis en die waarde daarvan,[18] maar toenemend vir 'n nuwe opvatting met betrekking tot historiografie,[19] waarna sommige as

---

14 Die klem in die historiese kritiek op metodologiese kundigheid toon 'n aantal belangrike swakhede: die historiese klem belemmer literêre analise; die antieke wêreld is gewoonlik sonder beroep op sosiologiese en antropologiese modelle bestudeer; en die oorheersende kommer oor die teologiese inhoud en boodskap van die tekste het gelei tot 'n beperkende en idealistiese benadering tot die teks binne die vroeë Christendom, gesien byna uitsluitlik in terme van teologiese posisies, konflikte en ontwikkelings (Segovia 1995b :281-285). Die gevare van 'n valse optimisme oor 'n self-verterende "histories-kritiese metode" is reeds duidelik in aansprake oor die metode se vanselfsprekende belangrikheid.

15 Die materiële omgewing en sosiale ligging van tekste dien nie as óf blote agtergrond óf getuienis om die historisiteit van die Bybelse tekste en figure te bewys nie (kyk Lopez 2011:79).

16 Drie belangrike aspekte uit die studie van historiese narratiewe sluit in: die skryf van die geskiedenis is altyd meer en minder as die verlede; geskiedskrywing reken met die hede waartoe die verlede gelei het en is dus 'n kragtige instrument vir die legitimering van die gemeenskap, identiteitsvorming en onderrig; en, in geskiedskrywing verkry die gebeure narratiewe vorm (Green 2005:61-62).

17 Veral in teoretiese sin, aangesien histories-kritiese studies te midde van teoretiese uitdagings nog wyd beoefen word (vgl Segovia 1995a:1-32). Kyk ook Bray (1996:480-481) oor die analitiese eerder as sintetiese aard van die historiese kritiek; die gebrek aan 'n samehangende stelsel van denke; vertroue op onvoldoende data; en besorgdheid oor 'n teks se feitelike akkuraatheid. Vir die argumente oor die waarde van die historiese kritiek, hoewel soms in 'n nuwe gedaante, vgl bv Barton (1998:9-20); Collins (2004:196-198); Collins (2005); Fitzmeyer (2008).

18 "And even where [in the study of religions and theology] texts remain of central concern there is new interest in the social and cultural conditions within which they were produced and in the concrete histories of their transmission and reception" (Davaney 2001:9).

19 Historiografie is al beskryf as "the written record of what is known of human lives and societies in the past *and how historians have attempted to understand them"(*Partner 2008:1; beklemtoning bygevoeg)

die Nuwe Historisme verwys[20] (bv Henz-Piazza 2002). Ten spyte van die uitmergelende debat oor tekste as verhelderende vensters op die antieke wêreld of as self-reflekterende spieëls van huidige lesersbelange,[21] is die konstruering van geldige en geloofwaardige sosiale plasings van tekste nie 'n opsionele ekstra in Nuwe Testament hermeneutiek nie. Hoe kan dit sinvol gebeur? Wat is nodig dat die soeke na geloofwaardige historiese raamwerke nie linguistiese, strukturele en resepsie-historiese aspekte in hermeneutiek verdring nie? Hoe kan pogings om beheer oor betekenis te verkry deur aansprake op geskiedenis, vermy word? Historiografiese insigte wat die gekonstrueerde aard van realiteit ernstig neem verskuif die fokus weg van tekste wat toegang tot 'n gewaande ware realiteit bied, en ontneem kontekste hul beweerde estetiese en beheerfunksies. Die klem verskuif na 'n waardering vir die gekonstrueerde ("re-membered") aard van die geskiedenis,[22] met ander woorde na 'n herwaardering van die onderlinge verhouding tussen tekste en kontekste. In kort, tekste konstrueer kontekste net soveel as wat tekste ingebed is in kontekste.[23]

In die geval van Paulus, spreek hy op die oppervlak die saak van die Galasiër-gemeente se nuwe identiteit aan, maar op 'n dieper vlak gaan dit oor sy aanwending van 'n historiese, Joodse tradisie vir die volgelinge van Jesus in Galasië – 'n situasie tekenend van die samespel tussen hermeneutiek, tekste en gemeenskappe in historiese kontekste. Paulus se briewe met hul retoriese krag was deel van die vroegste diskursiewe en retoriese formasies van die vroeë volgelinge van Jesus, wat, soos die verskeidenheid van Nuwe Testament dokumente duidelik maak, aanleiding gegee het ook tot verskillende sosiale formasies.[24] Twee aspekte van hoe Paulus te werk gegaan het met die onderhandeling van identiteit in Galasiërs was sy opname van die Geskrifte se Abraham-tradisie en Anderheid-aansprake wat by tye sterk ooreenkoms met imperiale strategieë van Andersheid toon.

3. PAULUS, IDENTITEIT EN TEKSTE IN 'n IMPERIALE KONTEKS

'n Herevaluering van die historiografie in teksinterpretasie moet rekening hou met die Romeinse Ryk se alomteenwoordigheid in die tyd van die Nuwe Testament, en die imperiale omgewing se invloed op tekste en hermeneutiek, gemeenskappe en identiteit. 'n Ander fokus met betrekking tot die imperiale omgewing het nie net te make met 'n andersoortige benadering tot geskiedenis en sosiale ligging nie, dit is ook die gevolg van 'n meer afgeronde benadering tot Paulus. Om die waarheid te sê, navorsing oor identiteit het beduidende momentum in die Nuwe Testament en Paulus studies (veral) gekry met die Nuwe Perspektief op Paulus, en meer onlangs, die Radikale Nuwe Perspektief op Paulus. Hierdie perspektiewe maak ander maniere om Paulus te verstaan

---

20 "New Historicism is essentially a turn away from theory and a movement in the direction of culture, history, politics, society and institutions as the social contexts of the production of texts" (Carroll 1998b:52).

21 Om die metafoor uit te brei, die teks kan bestudeer word soos portret in sy eie reg, nie vir toegang tot die verlede nie en nie as weerspieëling van die huidige leesmatige posisies en belangstellings nie (vgl Bray 1996).

22 Vanuit 'n literêre perspektief, "History is 'fictional', not in the sense of something false but in the sense of something produced in language" (Schüssler Fiorenza 1989:23).

23 Uiteraard is sulke historiografiese pogings net soseer gelaai met ideologiese belange as wat histories-kritiese benaderings nog altyd was. Die ontkenning van belange is net so nutteloos soos wat die uitwissing daarvan onmoontlik is, en daarom vereis dit deursigtigheid in benadering en deurlopende kruis-wigte en teenwigte tussen die verskillende metodes en resultate.

24 Hierdie formasies "represent not the inexorable *verweltlichung* or development toward world-church, but the constant cycle of problematization, protest, reform. Its social power lies in what it provides in imagination and discursive formation" (Wimbush 1996:34).

moontlik, en skram weg van die individualistiese, vergeestelikte interpretasies deur aan te dring op die belangrikheid van die sosiale ligging van Paulus en sy gemeenskappe.

Baanbrekerwerk deur Krister Stendahl (1963) en Ed P Sanders (veral 1977, kyk 1983) is verder geneem en uitgebrei deur verskeie ander geleerdes (in Paulus studies, veral JDG Dunn 1982) as die Nuwe Perspektief op Paulus (NPP). Die NPP (her)bevestig die Joodsheid van die Nuwe Testament omgewing en ontmasker in die proses invloedryke stereotipes wat die interpretasie van hierdie tekste stuur. Ondanks die grondverskuiwende werk van die NPP, is sekere talmende en dikwels negatiewe stereotipes en denke oor die Tweede Tempel Judaïsme nog nie heeltemal uitgewis nie, ook nie in teologiese gesprekke en kerklike tradisies nie.[25] Meer onlangs het die huidige radikale nuwe perspektief op Paulus (Zetterholm, Nanos, Eisenbaum en ander geleerdes) die Nuwe Testament-wetenskap met nog 'n reeks vrae oor hul sosio-kulturele omgewing, en oor die identiteit van die Jode, Paulus en Jesus volgelinge in die eerste eeu gekonfronteer. In kort, deur enersyds afstand te doen van 'n geskiedenis van idees-benadering wat 'n universele Paulus spiritualiseer en andersyds met onvergenoegdheid oor monolitiese teologiese verduidelikings wat geneig is om Jode te demoniseer, kan nuwe benaderings om Paulus se briewe sinvol te interpreteer toenemend aangewend word. Geleerdes, dikwels geïnspireer deur imperiale studies of postkoloniale benaderings, wys byvoorbeeld op die belangrikheid om Paulus binne die konteks van die Romeinse keiserryk-retoriek te lees. Alhoewel so 'n leesstrategie nie sonder teenstand is nie, moet 'n sekere vertroudheid met die imperiale instellings en gebruike onder die eerste-eeuse mense egter erken word, soos Deissmann (1995:341) reeds lank gelede op aangedring het.

3.1 Imperialistiese sosiale liggings

Veral wanneer die suidelike Romeinse provinsie van Galasië die sosiale ligging van hierdie brief is, is die imperiale konteks belangrik vir die verstaan van die Andersheid-diskoers en gepaardgaande subtiele aanduidings oor die Ander. Maar, historiese beskrywings van die materiële of ideologiese hulpbronne van die Ryk het onnodiglik gely onder 'n engheid van fokus. Die Romeinse Ryk was 'n onderhandelde *konsep*, wat die wêreld geskep het wat dit bewoon het (vgl Hardt en Negri 2000:xv) – sonder dat die konsepsuele die sterk, geskakeerde materiële teenwoordigheid daarvan ontken. In die eerste plek was Ryk 'n konstruk, 'n konsep, nie 'n nasie nie, en dus sonder grense, 'n regime wat feitlik die hele beskaafde wêreld beslaan het. Ryk se heerskappy het verder gestrek as die materiële en het sy invloed uitgeoefen nie net op die menslike liggaam nie, maar op die menslike psige ook. Onderhandelinge met en die afdwing van imperiale ideologie was nie een-dimensioneel of sonder wedersydse, kruis en dwars beïnvloeding tussen Ryk en onderdane nie. Eerder, die imperiale het afgesmeer aan mense te midde van hul weerstand daarteen (vgl Punt 2012).

'n Tema wat tot op hede verwaarloos is,[26] is die doelbewuste of terloopse opstel van 'n groep se identiteit teenoor imperiale invloed en impak (vgl Martin en Barnes 2003:11). Wat het dit vir sy opvatting van identiteit behels dat Paulus die retoriese en materiële wêreld van die Romeinse Ryk gedeel het? In soverre dit identiteit raak, het dit ten minste beteken dat mense in die eerste

---

25 Volgens Elliott gaan die NPP nie ver genoeg nie, en veral Dunn bly steeds binne die Jode / Paulus binêre kontras (Elliott 1994:55-90) en beweeg slegs vanaf 'n teologiese kontras (soteriologie en die rol van geloof en werke van die wet / Torah) na 'n sosio-kulturele kontras (besnydenis, dieet wette en feesdae / Sabbat as identiteitsmerkers). Jode wat verkeerd gedink het oor hul soteriologie, word nou Jode wie se goeie soteriologie nie verhoed het dat hulle ander uitsluit op grond van hul gebrek aan Joodse lewenswyse en gebruike nie.

26 "Reimagining Paul and his communities in his Roman imperial context through the postcolonial optic of hybridity is not about Paul or his Roman imperial context. Critical reimagination is about us and our desires for particular relationships with the ancient, contemporary, and future worlds" (Lopez 2011:94).

eeu 'n Romeins-gedefinieerde wêreld gedeel het wat blatant wantrouig was oor barbare uit die Weste en sogenaamde onstuimiges en verwyfdes uit die Ooste (Lopez 2011:81). Die Romeine se introspektiewe identiteit en hul vervreemding van ander groepe het voortgespruit uit ideologiese redes eerder as historiese "werklikheid".[27] Eerste-eeuse stereotipering as spesifieke voorbeeld van Andersheid was nie die taal van eenvoudige beskrywing of akkurate profiele van *ander* mense nie, maar was verweef met identiteit-politiek: om die identiteit van die Self en Ander uit te stippel, en die bevordering van die eie deur die afwysing van die ander kant.[28] Soos Smith (1985:47) aangevoer het, "the real urgency of a 'theory of the other'...is called forth not by the requirement to place the 'other', but rather to situate ourselves". Stereotipering het 'n bevoorregte posisie in imperiale ideologie ingeneem, nie soseer (indien enigsins) om die gestereotipeerdes te beskryf nie maar het eerder die belange en identiteit van diegene wat gebruik gemaak het van stereotipering verklap met hul definiëring van die self deur ander.[29]

Wanneer Paulus met kwalik bedekte irritasie dan na die ontvangers van sy brief as "onverstandige Galasiërs" verwys (῏Ω ἀνόητοι Γαλάται, Gal 3:1), maak hy gebruik van neerhalende kategorieë van die tyd. Sou die brief gerig gewees het aan 'n gemeenskap in die Romeinse provinsie van Galasië,[30] sou dit ook 'n etniese verwyt ingehou het. Burgers van 'n Romeinse provinsie wat aangespreek word as "Galasiërs" en boonop as "dwase" sou 'n ernstige belediging gewees het. As 'n etniese belediging sou dit konnotasies ten opsigte van die berugte Keltiese volk van die Noorde ingehou het, die imperiale buitestaanders. Meer as etnisiteit was egter betrokke, omdat 'n aanklag van dwaasheid in daardie tyd ook 'n geslagtelike belediging met afwaartse sosiale glykrag geïmpliseer het (Bassler 2007:45), Galasiër manne aan wie vroulike eienskappe nou toegeskryf word. Deur "idioties" of "dwaas" te gebruik in 'n sosiale omgewing beïnvloed deur sulke Romeinse konsepte, verwoord Paulus se opmerking sy gevoel teenoor die Galasië-gemeente in terme wat aan die identiteitspolitiek van die Romeinse Ryk herinner. Soos tekste, is ook identiteit gekonfigureer en kontekstueel geplot en maak daarom slegs sin in sosiale kontekste.

3.2 Betrokkenheid van tekste by identiteit

Teen die eerste-eeu het tekste in verskillende vorms 'n belangrike meganisme in die formulering en afwysing (in kort, onderhandeling) van identiteit geword. Die Romeinse imperiale invloed en die versadiging van die materiële en ideologiese wêreld met tekste, skriftelik en mondeling (vgl Lopez 2008), het grootliks bygedra tot die geskrewe diskoers in die instandhouding van identiteit.[31] 'n Breë verstaan van tekste om sowel mondelinge as geskrewe tekste van verskillende soorte in

---

27 Die Romeinse Ryk het 'n spesiale dimensie verleen aan Foucault se opmerking dat "die andersheid van die ander ... per definisie niks op sigself is nie, maar alleen dit is wat ons daarop projekteer, die skatkis van ons begeertes" (Carusi 1991:102).

28 Dus, beskuldigings deur sommige Romeinse skrywers teen die vroeë Christene, soos rituele kindermoord en kannibalisme, "kan verstaan word as heeltemal geloofwaardig vir sy gehoor - nie omdat daar gedink is dat die beskuldiging 'waar' sou wees nie, maar omdat dit effektief 'n kollektiewe afkeer uitgespreek het vir die kenmerkende Christelike weiering om deel te neem in die gemeenskaplike kultuur van die stad en ryk" (Knust 2006:7).

29 "It is the prior understanding of the other as a dangerous threat to society that leads ancient authors, whether in history or fiction, to draw on a common stockpile of typical anti-societal actions" (Harland 2007:74).

30 In die suide van Klein-Asië, eerder as in die noordelike gebied van die subkontinent (vgl Fiensy 2004:48-50).

31 "The threefold dialogue of memory with narrative design, socio-cultural mindset and socio-political interest, in itself infused by mindsets and ideals, continues throughout the generations in ever-changing contexts, as long as memory lasts" (Pollak 2009:298).

te sluit, is nodig, tesame met 'n waardering vir die belangrike rol wat herinneringe gespeel het in die verhouding tussen tekste en identiteite. Die verhouding tussen die narratief en herinnering is sterk[32] en word gekenmerk deur groot diversiteit en veranderlikheid. Die verhouding word bemiddel deur kuns en verskeie vorme van "narratief", en deur geskiedenis in narratiewe raamwerke in te pas (Pollak 2009:297). So byvoorbeeld het keiser Augustus in sy *Res Gestae,* waarvan die geskrewe teks versprei is oor die antieke wêreld, die geskiedenis herskryf in die naam van die Ryk. Die gebeure van die verlede is herformateer en herontwerp om só legitimiteit op te eis vir die Romeinse imperiale heerskappy en om die krag daarvan te vier. Literêre ontwerp was op komplekse wyse verweef met politieke, sosio-kulturele en godsdienstige konnotasies en kontekste.

Die maniere waarop mense in die eerste eeu ook hul eie en ander se identiteit opgerig, ontwerp en geformateer het, was veelvoudig en dikwels uiteenlopend. Kulturele, godsdienstige, (kwasi-) politieke en verskeie ander bekommernisse het telkens weer in spel gekom. Ten spyte van die hoofsaaklik mondelinge omgewing, is identiteit nogtans onderhandel ook deur die gebruik van tekste en gesaghebbende tekste in die besonder.[33] Die alte dikwels steeds gangbare oorvereenvoudiging van die Nuwe-Testamentiese dokumente as "Christen" dokumente wat daarop gemik is om "die Jode" as die primêre Ander (bv Wills 2008:1, 167-193) af te wys ten einde "die heidene" te akkommodeer, is kennelik foutief. Die erkenning van hierdie fout open 'n hele nuwe wêreld ten opsigte van identiteit, te midde van die gesofistikeerde maar komplekse en dubbelsinnige maniere waarop identiteit geplot was.

Paulus het die Abraham-verhaal gebruik, of beter, herwin om terselfdertyd die grense te bepaal tussen die volgelinge van Jesus en diegene buite die groep, selfs diégene wat dieselfde tradisie gedeel het, en om die in-groep te herdefinieer. In Galasiërs 4:21-5:1 het Paulus 'n sekondêre verhaal van Abraham saamgeweef waarin die status van sy vroue van kardinale belang was. Slawerny word nou die maatstaf van verskil, en was bepalend vir die groepering van Jode sowel as ander wat Jesus volg aan die een kant, en alle ander Jode aan die ander kant. Die Abraham-verhaal is basies tot Paulus se Andering van nog 'n groep wie se identiteit onbekend is, maar wat hom baie ontevredenheid veroorsaak het (vgl Gal 5:12; moontlik ook Gal 1:8-9): sy teenstanders.[34] Met die vraag na hul eie identiteit onbeantwoord, het diegene wat Paulus geïdentifiseer het as sy teenstanders 'n ander opinie gehuldig ten opsigte van die kriteria en die aard van die identiteit van Jesus-volgelinge. Dit was waarskynlik die nabyheid van Paulus en sy teenstanders, en die vele ooreenkoms tussen hulle (vgl Smith 1985:46-47) wat bygedra het tot Paulus se opgewonde oorreaksie in Galasiërs,[35] omdat sy eie grense só ook op die proef gestel is.

---

32 "…history relates to factuality and to actual situations, processes and events sequences in the past, whereas memory implies set of mind, value judgment, and, more than that, one's attitude to the past thus evoked" (Pollak 2009:296).

33 "On the one hand, then, narrative, whether in prose or in poetry, is the main channel for the performance of memory. On the other hand, the image of the past is profoundly affected by narrative. If history is a formless interplay and endless succession of occurrences, narrative imposes order and plot, and turns incidents into motifs that serve to build and to concretize the plot" (Pollak 2009:298).

34 Die ander word dikwels in situasies van konflik, wat deur 'n aantal kriteria ("wette") beskryf kan word, gekonstrueer: konflik met eksterne teenstanders dien die versterking van grense; dit versterk groep struktuur; konflik word aangewakker deur die nabyheid van die opponente; konflik bind teenstanders saam; en konflik dra by tot 'n unitêre beskouing van teenstanders (Wills 2004:9-10).

35 Opinies verskil oor die oorsprong en identiteit van diegene wat Paulus geïdentifiseer het as sy teenstanders in Galasië, en selfs die terminologie waarmee na hulle moet verwys word na: "Judaïseerders", "teenstanders", "aanstigters" of "moeilikheidmakers", ens. Baie terme word vir semantiese, ideologiese en historiese redes afgewys en bv Nanos verkies "beïnvloeders" (Nanos 2000:151). Daar is selfs voorgestel dat hulle gesante van Antiogië of Jerusalem was wat Paulus dopgehou

3.3 Konstruering / dekonstruering van identiteit in Galasiërs: Paulus as Ander?

Paulus het die gebruik van die Geskrifte van Israel aangewend in sy strategie om binne- en buitestaanders te definieer. Sy aanwending van die Abraham-verhaal vir nie-Joodse gelowiges het voldoen aan die heersende strategie van die herwinning van tradisies van die verlede, ook van ander mense, vir die eie groep. Die funksionering van Andering in eerste-eeuse identiteit politiek vra egter om versigtigheid. In hierdie era het individualisme nie hoogty gevier nie, maar eerste-eeuse Mediterreense mense het hul identiteit, wat hul bewussyn van wees en behoort ingesluit het, afgelei van die groepe waarvan hulle hulself as deel beskou het. Die meervoud ("groepe") is insiggewend. Te midde van 'n verwarrende – vanuit ons perspektief – verskeidenheid van opsies, van beskikbare affiliasies, het mense in die antieke (ook) behoort aan meer as een groep, wat bestaan het vir soortgelyke en ander doeleindes. Mense se idee van identiteit meer genuanseerd as 'n eenvoudige of eensydige politieke identiteit wat in opposisie tot werklike of denkbeeldige Andere opgestel is (Wills 2008:1-5). Andersheid is nie ontken nie en is trouens by tye selfs beklemtoon, maar tog het antieke samelewings dikwels hul historiese herinneringe in terme van 'n verlede wat ontleen is aan ander groepe saamgestel. As gevolg hiervan is tradisies van die verlede herwin deur gemeenskappe en groepe wat hulself met die legendes en tradisies van ander vereenselwig het (Gruen 2011:3-4). Die verhouding met die Ander was dus nie geformuleer net deur (nuwe of bestaande) kontraste tussen self en Ander nie. Andere en hul tradisies is nie net bevraagteken, verguis, of ontken nie, maar ook opgeneem en nuut "oorgedoen".[36] Hierdie ambivalensie word miskien die beste gesien in self-opgenome Andersheid.

Daar is reeds in Paulus se briewe spore van die neiging tot die toeëiening van Andersheid te bespeur, 'n tendens wat nie veel later nie in 'n ontluikende Christendom prominent en selfs dominant sou word (iets wat dikwels voortgaan in ons tyd). In Galasiërs word Paulus se eie identiteit gekenmerk deur Andersheid op verskillende vlakke, of ten minste 'n bewuswording van die skuif na die grens van die Andersheid. Aan die een kant het sy status as self-aangestelde apostel aan die heidene (bv. Gal 2:2,7) nie beteken dat hy afstand gedoen het van sy Joodse identiteit (Gal 2:15) nie, terwyl Paulus se missie aan die ander kant sy teenwoordigheid in vreemde gebiede geïmpliseer het. Sy nabyheid aan Andersheid het in Galasiërs sy tol van Paulus wat nou ook lyk soos 'n Ander geëis (Eisenbaum 2000:145).[37] Ongeag Paulus se implisiete (bv Gal 3:6-9) en eksplisiete (Gal 4:28) aansprake op deelname aan Abraham se nalatenskap, dui die brief aan die Galasiërs op sy kommer dat hy van daardie erfenis en die gepaardgaande tradisies en identiteit uitgesluit sou kon word, en sy gepaardgaande besorgdheid om te bly binne die "Israel van God" (Gal 6:12-16).

Doug Pagitt argues that there are essentially three types of responses to the cultural shifts in the West today. The first option is that the church can seek to return to the Reformation and seek to hold onto tradition; the second option is that the church can seek to make deep systemic changes, but in the end still see itself as the centre of God's mission and thus avoid significant theological changes as it relates to the role and identity of the church; and the third option is to embrace the reality that the church is not necessarily the centre of God's intentions, but rather to see that God is working in the world, and the church has the option to join God or not in his mission in the world (Gibbs and Bolger 2005, 42). Pagitt argues that the church has no privileged place in God's mission, and must continually orient itself toward the world so that it might participate in what God is doing, wherever it might find God at work in the world (2007, 131). The focus must be on engaging in the work of the kingdom of God wherever that work might be. The church may be an instrument in God's kingdom purposes, but the church is not essential nor necessarily the main instrument God will use.[8]

4.4 Epistemological assumptions

A fourth key emphasis found within the Emergent church movement concerns its shared epistemological assumptions, reacting to the foundationalism and rationalism of modernity that has affected the church in the West. Emergents are particularly keen to expose the ways in which the modernity of the West has shaped the way the church has approached its theology and practices.

Emergents argue that language is "non-representational" (McLaren 2000, 66). That is, our minds are not a mirror of reality and our language and thoughts do not therefore represent a neutral, unbiased representation of objective reality that is external to our minds. Rather, we are profoundly limited and shaped by our perspective and social location. Theologizing, as a result, should be seen as an art, not as a rigid science that seeks to provide dogmatic certainty. We need to develop a different rhetoric when we speak and do theology; a rhetoric where our words are simpler, softer, and fewer (McLaren 2000, 89).

Connected to this is a growing emphasis placed on *mystery* as an important epistemological category. Our words should be seen as servants of the mysteries of faith, not as a tool to articulate all the answers. Certainty must give way to mystery and answers must be trumped by more

---

8 Scot McKnight disagrees, arguing that the lack of clarity about the relationship between the kingdom of God and the church in the Emergent movement presents a major weakness: "According to the New Testament, the kingdom vision of Jesus is, it seems, only implemented through the church. Only in the community of Jesus does one hear about the problem of Adam and Eve's rebellion and the need for resolution through the life, death, and resurrection of Jesus Christ and the gift of the Holy Spirit … We need more reflection by Emergents on the relationship of kingdom and church" (2008a, 5).

questions. Combined with this is the growing deconstructionist perspective on tradition, which leads many Emergents to be especially sensitive to the ways that modernity has domesticated the church and the gospel in the West. These "modern viruses," to use McLaren's language, must be deconstructed so that the church can be freed from the epistemological assumptions of the past. Thus, we must learn to embrace the postmodern aversion to certainty, the sensitivity to context, and the importance of our own subjectivity (McLaren 2000, 162-164).

Jones adds further nuance with some additional assumptions that are shaping this movement. First, Jones argues that an envelope of friendship and reconciliation must surround all debates about doctrine and dogma, instead of the modernist concern for right doctrine that sought to emphasize correct thinking in a way that divides (2008, 78-9). Second, we must place emphasis on the local, conversational, and temporary nature of all of our theologizing. Complexity is highlighted, averting our tendency to simplify and "nail-down" mysterious theological concepts (2008, 112-114). Third, we must become increasingly aware of our relative position to God, to one another, and to history in such a way that this awareness breeds a humility open to dialogue and ongoing discovery (2008, 115, 140-42). Fourth, Emergents believe that truth, like God, cannot be definitively articulated by finite human beings. We must be willing to embrace paradox and a wider rationality that allows space for the imagination, creativity, intuition, emotions, and dialogue (2008, 153-159).

4.5 Biblical-theological starting point
A fifth emphasis that must be briefly mentioned is the biblical-theological starting point for mission. It is striking that the majority of Emergent leaders take as their starting point for biblical and theological reflection on mission one of the following:

- *The mystery of the incarnation of Jesus Christ.* The so-called "incarnational model" of Jesus' life becomes a starting point for the church to follow Jesus in its desire to "incarnate" the gospel in our culture.
- *The life and practices of Jesus Christ during his earthly ministry.* Great emphasis is put on how Jesus' life and ministry was centred around the kingdom of God and his engagement with the world in his life and ministry. The church is then called to continue the kingdom practices of Jesus in its own context today.
- *Missio Dei.* As noted above, this tends to move in a direction that emphasizes God's relationship with the world and his work outside the church, presenting the church with the option of joining God's mission in the world or being passed by in that mission

What is lacking in all of these starting points is a robust biblical-theological understanding of the mission of the church that at the same time does full justice to the biblical understanding of the *missio Dei,* the kingdom of God, and the OT mission of Israel as it relates to the mission of God's people in the NT.

4.6 Praxis oriented
As Scot McKnight argues, the Emergent church movement has a praxis oriented emphasis (2007, 3), especially in three key spheres. First, worship: Emergents like creative, experiential worship that seeks to challenge many of the assumptions and practices that have shaped the modern expressions of public worship gatherings – especially preferring participatory dialogue in place of monological preaching, as well as inclusive seating arrangements and other intentional steps to encourage experiential participation in the worship event.

Second is orthopraxis. Emergents focus more on faith practices beliefs. In fact, there is in

many cases an aversion toward tying down a strict orthodoxy filled with doctrinal content. Peter Rollins puts it this way: ". . . orthodoxy is no longer (mis)understood as the opposite of heresy but rather is understood as a term that signals a way of being in the world rather than a means of believing things about the world" (2006, 3). How a person lives will be more important than what a person believes. Emphasis is placed squarely on the need to live the right way, embodying the ways of Jesus rather than the teachings of Jesus (McKnight 2007, 4).

And third is missional living. The Emergent church movement overlaps with the Missional Church movement in this regard, and shares a concern for the church's concrete participation in the life of local communities. This is participation where God's redemptive work is already occurring, in the holistic redemptive work of God to bring (McKnight 2007, 4).

5. GROWING DIVERSITY

The Emergent movement is marked by a growing diversity, and is increasingly difficult to define. McKnight suggests measuring the diversity within the movement in large part by distinguishing how "soft" or "hard" the postmodern tendencies are among those in the movement. "Softness" would characterize those who are more critical of the postmodern story, while "hardness" would characterize those who are perceived to uncritically embrace much of the postmodern story (McKnight 2006, 10-14).

The growing diversity within the movement presents a challenge to those who would seek to define it. However, for those within the movement, the diversity is noted and celebrated, including in a recent collection of essays, *Emergent Manifesto,* which draws together over 25 different voices from the growing "Emergent Village," an online forum for the Emergent church movement. Jones summarizes well the contribution this book brings:

I hope that you can see the beauty in the mess that is this book. It's not one, univocal message. But, seriously, who would want a garden of all green beans? No, you've got to have variety, and that's what you'll find in the pages that follow. What is Emergent Village? A mess. A beautiful, *good* mess (Pagitt and Jones 2007, 15).

While fully aware of this growing diversity, the key practices and emphases described above clarify what might be termed a centre of the movement. Likewise, Phyllis Tickle, in her recent *The Great Emergence,* seek to define what she terms an "Emergent Centre:" a networked authority marked by its egalitarianism and its practices of open source discernment, "wait[ing] upon the Spirit and rest[ing] in the interlacing lives of Bible-listening, Bible-honouring believers;" a distrust for metanarratives and logic; a belief in paradox and mystery; a relational concept of reality and the human self; and a desire to "re-write" Christian theology into something Jewish, paradoxical, narrative, and mystical. Tickle acknowledges the necessary deconstruction phase through which this movement has passed, but calls on the leaders of this movement to move boldly into the future by bringing greater definition and clarity to the new faith that is emerging from within the Emergent movement (Tickle 2008, 162-163).

6. CONCLUSION

The Emergent Church Movement surfaced in the first decade of the 21st century. It is an important movement that needs to be engaged deeply since its goal is to move beyond the perceived dichotomies of liberalism and fundamentalism. Surface treatments and knee-jerk reactions will not help equip the church in the West to engage in discernment of its missional identity and vocation. Important theological and philosophical questions are being asked by those within this movement. It emphasizes following the ways of Jesus in the world, deconstructs the sacred/

secular dichotomy of the Enlightenment and accentuates community as well as hospitality and inclusion. Thus it is forcing the church in the West to revisit core practices, theological starting points, epistemological assumptions, and ways in which modern and postmodern culture are shaping the church today. It is rethinking worship, the role of creative arts, leadership and the renewal of the ancient spiritualities. Issues for discernment facing the church in the West today are being raised and need to be engaged in order for the church in the West to renew its missional identity and vocation. As such major shifts are taking place in ecclesiology. Emergents have an instrumental view of the church. It should be focused on the *missio Dei.* Epistemologically the movement is decidedly post-foundational, realizing that we need to embrace paradox, live with mystery and that we cannot rationally fully comprehend God as finite human beings. For Emergents, doing theology starts with the Bible is praxis oriented and missionally focused. As the movement is in a liminal phase it marked by a growing diversity.

REFERENCES

Anderson, Ray S. 2006. *An Emergent Theology for Emerging Churches.* Downers Grove: IVP.

Bolger, Ryan. 2007. What is Missional Church? Interview with Alan Roxburgh published online at http://vimeo.com/channels/allelon#7787593.

Carson, D.A. 2005. *Becoming Conversant with The Emerging Church: Understanding a Movement and Its Implications.* Grand Rapids: Zondervan.

Cunningham, Sarah. 2006. *Dear Church: Letters from a Disillusioned Generation.* Grand Rapids: Zondervan.

Duin, Julia. 2008. *Quitting Church.* Grand Rapids: Baker.

Gibbs, Eddie and Bolger, Ryan. 2005. *Emerging Churches: Creating Christian Community in Postmodern Cultures.* Grand Rapids: Baker Academic.

Jones, Tony. 2008. *The New Christians: Dispatches from the Emergent Frontier.* San Francisco: Jossey-Bass.

Kimball, Dan, et al. 2003. *The Emerging Church.* Grand Rapids: Zondervan.

Kimball, Dan. 2007. *They Like Jesus but not the Church: Insights from Emerging Generations.* Grand Rapids: Zondervan.

Kinnaman, David and Gabe Lyons. 2007. *UnChristian.* Grand Rapids: Baker.

McKnight, Scot. 2006. "What is the Emerging Church?" Fall Contemporary Issues Conference at Westminster Theological Seminary, October 26-27, 2006.

McKnight, Scot. 2007. "Five Streams of the Emerging Church." *Christianity Today.* Accessed at: www.ctlibrary.com/print.html?id=40534

McKnight, Scot. 2008a. "McLaren Emerging." *Christianity Today.* September 2008. Accessed September 29, 2008 at www.christianitytoday.com/ct/article_print.html?id=59862

McKnight, Scot. 2008b. "The Ironic Faith of Emergents." *Christianity Today.* September 2008. Accessed September 29, 2008 at www.christianitytoday.com/ct/article_print/html?id=59863

McLaren, Brian. 2000. *The Church on the Other Side: Doing Ministry in the Postmodern Matrix.* Grand Rapids: Zondervan.

McLaughlin, Brian. 2008. The Ecclesiology of the Emerging Church Movement. *Western Theological Seminary,* vol. 61, no. 3, Fall 2008, 101-118.

Pagitt, Doug. 2007. The Emerging Church and Embodied Theology, in *Listening to the Beliefs of the Emerging Churches: Five Perspectives.* Edited by Robert Webber. Grand Rapids: Zondervan.

Pagitt, Doug and Jones, Toney, editors. 2007. *An Emergent Manifesto of Hope.* Grand Rapids: Baker.

Rollins, Peter. 2006. *How (Not) to Speak of God.* Brewster, Mass: Paraclete Press.

Sanders, Brian. 2007. *Life After Church.* Downers Grove: IVP.

Sheridan, TM. 2012. Being a hermeneutic of the gospel: Hermeneutical and epistemological foundations for a missional ecclesiology. Doctoral dissertation Stellenbosch University. http://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/19913

Tickle, Phyllis. 2008. *The Great Emergence: How Christianity is Changing and Why.* Grand Rapids: Baker.

Viola, Frank and George Barna. 2008. *Pagan Christianity?* Carol Stream, Ill: Tyndale.

Ward, Peter. 2002. *Liquid Church.* Peabody, Mass: Hendrickson.

Tim M Sheridan,
Senior Pastor, Maple Ridge CRC
20245 Dewdney Trunk Rd.
Maple Ridge BC V2X3C9
Canada.
pastortim@mapleridgecrc.com
Cell +1 (778) 874-7542; Home +1 (604) 460-0337

H Jurgens Hendriks
Emeritus Professor: Practical Theology en Missiology
Executive Director: Network for African Congregational Theology (NetACT)
Faculty of Theology, 171 Dorp Street, Stellenbosch 7600. South Africa.
+27-21-808-3260 (w); +27-21-808-3251 (fax); +27-73-772-6706 (cell); hjh@sun.ac.za

Smit, DJ
Universiteit Stellenbosch

Oor die teologiese inhoud van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* vandag[1]

ABSTRACT

On the theological content of the Confessio Belgica in the light of today

The paper is an edited version of a public address during the 450 year celebration of the Confessio Belgica in the Faculty of Theology of Stellenbosch University. It reflects on the theological content of the Confessio Belgica in the light of today and with a deliberate focus on South African Reformed circles. In a first section the background claim is made that the theological content of Reformed confessional documents is always deeply related to their genesis and therefore to the historical circumstances under which they were originally adopted and in some cases also afterwards gradually accepted more broadly. A second section builds on the conviction that the theological content of such documents is therefore to be found in central convictions or claims (that were at stake, most probably disputed at the time), rather than in all and every detail. A few brief references serve as reminders of some historical South African Reformed debates about these central convictions of the Confessio Belgica. A third section considers some issues involved in so-called hermeneutics of tradition, in the Wirkungsgeschichte of confessional documents and in the ongoing reception of their relevance under new and radically different circumstances, in this case the totally different South African context and centuries later. In a final section, this process is illustrated by showing how the theological content of the Confessio Belgica became "liberating truth" again for some in South African Reformed circles, during the birth of the Confession of Belhar.

Dis onmoontlik om in dié kort tyd in te gaan op die teologiese inhoud van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (*NGB*) – daaroor word immers talle en omvangryke boeke geskryf. In Suid-Afrika hoef 'n mens net te dink aan J.A. (Johan) Heyns se *Inleiding in die Dogmatiek* (1992).[2]

---

1 Hierdie bydrae is gebaseer op 'n openbare voordrag tydens die amptelike herdenking in die Fakulteit Teologie, Stellenbosch, van die 450 jarige bestaan van die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* op 22 November 2011. Die viering was in die vorm van 'n openbare simposium, waartydens prof. Hendrik Bosman en prof. Robert Vosloo ook voordragte gelewer het. Die oorspronklike vorm van die voordrag is hier onveranderd behou, maar voetnote met verwysings is bygevoeg ter wille van akademiese gebruik deur lesers.

2 Sien byvoorbeeld die werk van die gesaghebbende dogmatikus van Pretoria, J.A. Heyns. Hy het reeds in 1978 'n *Dogmatiek* geskryf, Pretoria: NGKB, wat hy in die voorwoord beskryf as 'n "inleiding tot die dogmatiek." By die onderskeie loci verwys hy daarin direk na die betrokke gedeeltes in die Drie Formuliere van Eenheid, wyd bekend en aanvaar in die tradisie van Gereformeerde kerke van Nederlandse oorsprong. In 1992 skryf hy dan nóg 'n werk, nou met die titel *Inleiding tot die dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis,* Pretoria, NGKB, waarin hy voluit dié belydenisskrif as uitgangspunt neem – "as uitgangspunt en oriënteringsbron." Hy beskryf dit as "hierdie belangrike en nog steeds rigtinggewende belydenisgeskrif van ons kerk," met verwysing na die Ned. Geref. Kerk. In

Boonop is dit ook nie nodig nie – aangesien die inhoud waarskynlik goed bekend is aan enige gehoor wat soos vanaand byeen kom om die ontstaan van dié Protestantse belydenisskrif 450 jaar gelede te herdenk. Laat ons daarom eerder dié geleentheid benut om na te dink oor vrae rondom die moontlike relevansie – of nié – van dié teologiese inhoud. Met die oog daarop maak ek *drie inleidende stellings*.

1.TEOLOGIESE INHOUD INGEBED IN DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS

In die eerste plek word Protestantse belydenisskrifte altyd gebore in spesifieke sosiale en historiese omstandighede, as konkrete aanleiding tot hulle ontstaan. Hulle teologiese inhoud kan nie verstaan word los van dié politieke en kerklike oomblikke nie. Hulle is almal pogings om in konkrete situasies die evangelie opnuut te bely – gegee die uitdagings van die tyd, die veronderstellings en die voorstellings, die standpunte en strydgesprekke, die taalgebruik en konsepte van die tyd.[3]

Tegelyk hang hul waarheid nie af van die historiese oomblik, moontlike nut binne die sosiale en kerklike konteks, potensiële gediensstigheid aan ander strewes en motiewe nie, maar uitsluitlik van die vraag of die evangelie in dié oomblik van omstredenheid reg gehoor is, of nie. Hul waarheid is nie die waarheid *van* die oomblik nie, maar die waarheid van die evangelie *vir* die oomblik.[4]

Suid-Afrika is dikwels gebruik gemaak van standaard Nederlandse werke. Vir die oorspronklike tekste met annotasies, sien byvoorbeeld J.N. Bakhuizen van den Brink, *De Nederlandse Belijdenisgeschriften,* Amsterdam: Ton Bolland, 1976; vir uiteensettings en besprekings van die inhoud, sien byvoorbeeld die vier-delige werk van A.D.R. Polman, *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Verklaard uit het Verleden geconfronteerd met het Heden,* Franeker: Wever, z.j., asook sy latere, meer populêr geskrewe twee-delige *Woord en Belijdenis. Eenvoudige Verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis,* Franeker: Wever, z.j. Volgens sy eie beskrywing is laasgenoemde nie net eenvoudiger geskryf nie, maar ook vanuit die Heilige Skrif belig eerder as vanuit die verlede (soos die vorige vier bande), wat beteken het dat "feitelijk een geheel nieuw werk ontstaan is."

3 Oor die tipies Gereformeerde siening van belydenis en belydenisskrifte, sien D.J. Smit, "'Bevrydende waarheid?' – Nagedink oor die aard van die Gereformeerde belydenis," *Acta Theologica* jrg 26, 2006/1, 134-158 (met literatuur). Meer uitvoerig, sien ook E. Busch, *Credo,* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 2003; P. Jacobs, *Theologie Reformierter Bekenntnisschriften in Grundzügen,* Neukirchen: Neukirchener Verlag, 1959; W. Niesel, (Hrsg.) *Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche.* Zürich: Evangelischer Verlag, 1938; W. Niesel, *Das Evangelium und die Kirchen. Ein Lehrbuch der Symbolik,* Neukirchen: Neukirchener Verlag, 1960; G. Plasger & M. Freudenberg, *Reformierte Bekenntnisschriften,* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, 2005; J. Rohls, J *Theologie reformierter Bekenntnisschriften,* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht, UTB, 1987; L. Vischer (ed), *Reformed Witness today,* Bern: Evangelische Arbeitsstelle, 1982.

4 Histories invloedryk, maar ook besonder leersaam vir vele Suid-Afrikaanse denkers was in hierdie verband die sieninge van Karl Barth rakende belydenis, die trou aan en die relevansie en "relatiewe gesag" van die ekumeniese credo's, die historiese en kontekstuele aard van Gereformeerde belydenisskrifte en die noodsaak wat kan ontstaan aan nuwe belydenisvorming, in oomblikke van waarheid. Sien hiervoor D.J. Smit, "Social transformation and confessing the faith? Karl Barth's views on confession revisited," *Scriptura* 72, 2000:1, 76-86 (met literatuur). Meer uitvoerig, sien G. Plasger, *Die relative Autorität des Bekenntnisses bei Karl Barth,* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 2000; M. Freudenberg, *Karl Barth und die reformierte Theologie,* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 1997; B. Klappert, *Versöhnung und Befreiung,* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 1994; G. Plasger, "'Du sollst Vater und Mutter ehren!'. Karl Barth und die reformierte Tradition," in M. Beintker, C. Link & M. Trowitzsch (Hrsg.), *Karl Barth in Deutschland (1921-1935). Aufbruch □ Klärung □ Widerstand,* Zürich: TVZ, 2005, 393-405. Van Barth self, sien byvoorbeeld *Das Bekenntnis der Reformation und unser Bekennen.* München: Chr. Kaiser Verlag, 1935; Wünschbarkeit und Möglichkeit eines allgemeinen

Dis daarom nodig om tydens dié herdenking die dramatiese ontstaan van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* in herinnering te roep, ten einde die diepe erns van wat op die spel was, die aard van die destydse konflikte en die reaksie van die belydenis op dié situasie met beroep op die evangelie te onthou en te respekteer.

In die nag van 1 Nov 1561 word 'n pakkie met die belydenis en 'n begeleidende brief by die poort van die kasteel te Doornik gelaat. Dis geskryf deur Guido de Bres – toe die plaaslike predikant, 'n kundige en belese teoloog, vroeër 'n vlugteling en later 'n martelaar wat sterf vir sy geloof. Die brief is 'n passievolle pleidooi gerig aan die owerhede om nie voort te gaan om die Gereformeerde gelowiges te vervolg nie (omdat hul belydenis, soos uiteengesit in dié klein boekie, nie in stryd is met die klassieke geloof van die kerk nie en hul lewe en gedrag ook nie ongehoorsaam is aan die owerheid nie), maar met die duidelike bereidheid om te ly vir hul belydenis, indien die onregverdige vervolging sou voortduur. Wie die inhoud wil verstaan moet dié geskiedenis onthou.[5]

2. TEOLOGIESE INHOUD TE VINDE IN DIE SENTRALE MOTIEWE

In die tweede plek bestaan die blywende aansprake van belydenisskrifte gevolglik in dit wat hulle wil bely, in hul beslissings en getuienis in die konflik van die oomblik. In die uitleg van belydenisskrifte was dié saak dikwels hoogs omstrede en diep verdelend – óók in Suid-Afrika. Die spektrum van standpunte oor hul rol en gesag wissel nie slegs van dié wat min of geen gesag daaraan toeken tot by dié wat wel bely dat dit gesaghebbend en oriënterend is nie, maar ook laasgenoemde groep sélf is diep verdeeld, oor die vraag waarin die betroubaarheid en gesag setel. Ook hier is 'n hele spektrum van sieninge en formulerings wat deur die geskiedenis telkens weer sou lei tot ernstige meningsverskille.

Dié spektrum val ook nie saam met die sogenaamde verskil tussen *quia* (omdat) en *quatenus* (in soverre as) standpunte oor die verhouding tussen belydenisskrif en Skrif nie. Selfs binne die geledere van dié wat eerder die *quia*-standpunt onderskryf (omdat hulle besef dat *quatenus* 'n niksseggende openheid tot willekeur en subjektiwistiese relatiwisme kan open), is daar naamlik 'n spektrum van standpunte moontlik, afhangende van die vraag *waarin* die ooreenstemming met die Skrifte gesoek word – vanaf letterlik elke moontlike formulering aan die een kant tot by "in gees en hoofsaak" aan die ander kant, 'n formulering wat in die geskiedenis eweneens arbitrêr benut is.[6]

---

reformierten Glaubensbekenntnisses, *Vorträge und kleinere Arbeiten 1922-1925. Gesamtausgabe III.* Zürich: Theologischer Verlag, 1990, 604-643; *Die Theologie der reformierten Bekenntnisschriften 1923. Gesamtausgabe II.* Zürich: Theologischer Verlag, 1998 (*The theology of the reformed confessions,* Louisville: Westminster John Knox, 2002, tr. D L & J J Guder); *Texte zur Barmer Theologischen Erklärung,* Zürich: TVZ, 2004.

5 Sien byvoorbeeld die uiters indrukwekkende, nuwe werk wat onlangs in Nederland verskyn het, van die hand van E. Braekman & E. de Boer (reds.), *Guido de Bres. Zijn leven, zijn belijden,* Utrecht, Uitgeverij Kok, 2011. Dié pragtige werk bevat nie alleen gesaghebbende opstelle oor 'n wye verskeidenheid van historiese temas rondom De Bres self asook rondom die *Nederlandse Geloofsbelydenis* se ontstaan nie, maar oor lesenswaardige opstelle oor die verbreiding en nawerking van dié belydenisskrif, in vele dele van die wêreld.

6 Vir 'n inleiding in die destydse debatte oor die aard van die gesag, sien byvoorbeeld D. Nauta, *De verbindende kracht van de belijdenisschriften,* 1969, Kampen: J H Kok. Vir 'n deeglike en 'n meer omvattende perspektief op die gesag van geloofsbelydenisse en belydenisskrifte as net die streng Gereformeerde uit Nederlandse kringe, sien J. Pelikan, *Credo,* New Haven: Yale, 2003, veral 245-364. Pelikan formuleer wat hy bestempel as onaanvaarbare alternatiewe skerp maar helder: "A *quia* would seem to imply that loyalty to the teaching of these confessions is tantamount to loyalty to the teaching of Scripture. Critics found this implication concerning the confessions to represent an inherent

Debatte hieroor sou hewig woed in Gereformeerde kringe wêreldwyd.[7] Dit sou ook die resepsie van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* stempel en uiteraard ook in Suid-Arikaanse geledere telkens weer opvlam en diepe verdelinge vestig en versterk, tot vandag.[8] So sou Berkouwer byvoorbeeld op dié vrae ingaan in sy "Vragen rondom die belijdenis" (1963)[9] en A.J. (Andries) Venter sou sy argumente plaaslik benut in *Kerk en Belydenis* (1965) in die reeks "Die Stryd om die Kerk."[10] Dit gaan om "die totale struktuur," "die sentrale bedoeling," "sentrale motiewe," "beslissende grondmotiewe," "die diepste intensie," "die skopus," "die Bybelse lig wat deur die belydenis heen straal" – met al dié uitdrukkings soek Berkouwer om te sê waarin ware trou aan belydenisskrifte eintlik bestaan, in onderskeid van wat hy beskryf as "notariële" of "tekstualistiese" opvattinge.

Waarskynlik sal vele vandag ten minste in beginsel saamstem (al bied dit nog geen maklike rigsnoer in konkrete debatte nie) dat sulke belydenisse nie a-historiese, tyd- en kontekslose dokumente met ewige en finale formulerings is nie. Hulle inhoud – en daarmee hul blywende getuienis en krag – lê eerder in hulle strekking, religieuse motiewe, geestelike beslissings, in die insigte in die evangelie wat hulle verwoord, die diepe oortuigings wat hulle bely téénoor misleidende oortuigings in die lug. W.D. (Willie) Jonker praat in *Bevrydende Waarheid* (1994) van "swaartepunte" – óók in die *Nederlandse Geloofsbelydenis*.[11]

---

contradiction with the principle of *sola Scriptura* ... Did the Lutheran *quia*-subscription ... (and the Reformed equivalents of such subscription ...) smuggle the authority of the tradition back in – even when the tradition was the doctrine that only Scripture, and not tradition, was to be the authority? The reply to this objection was that a confessional subscription *quatenus* was meaningless and unenforceable. It provided only an illusory protection ... Subscribing to the creed only 'to the extent that' it agreed with Scripture carried with it no specification of just what that extent was. After all, as the rhetorical argument put it, a Christian could subscribe even to the Qur'ān to the extent that it harmonized with the Bible ... The other theological question ... is generically related to it: Does subscription to a creed or confession extend only to the doctrines stated in it, or also to other matters, to its historical, political, scientific, and moral judgments, and above all to its interpretations of specific passages of the Bible? Once again, the alternatives could be put in ways that were equally unpalatable," 271-272. Presies hierdie tipe alternatiewe en hierdie soort debatte sou ook in Suid-Afrikaanse kringe gevoer word rondom die *Nederlandse Geloofsbelydenis.*

7 Besonder interessant met die oog op die Suid-Afrikaanse debatte, sien byvoorbeeld H. Berkhof, "Die toekoms van die Gerformeerde konfessie," *Pro Veritate* 1964/6, 1-2; asook W.D. Jonker, "Die moderne belydenisbeweging in Suid-Afrika – en Calvyn," *In die Skriflig,* 1993, 27 (4), 443-461 en veral die oorwoë W.D. Jonker, *Bevrydende waarheid.* Wellington: Hugenote-Uitgewers, 1994.

8 Sien byvoorbeeld die bydraes wat versamel is in H.L. Bosman et al (reds.), *Die Nederlandse Geloofsbelydenis – Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik,* Pretoria, UNISA, 1987. Dit was die produk van 'n navorsingsprojek wat gefokus het op die Skrifgebruik in die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* maar in die praktyk oor breër gewerk het en ook historiese bydraes en selfs empiriese resultate ingesluit het. Verder ook J. Buitendach, "Die belydenis van die kerk," *Acta Theologica.Supplementum 3. Essentialia et Hodierna,* 2002, 17-34 ; asook die werk van S.A. Strauss, byvoorbeeld in sy "Die aktualiteit van die NGB na vierhonderd vyf en twintig jaar," *Fax Theologica* 1986/2, 53-68; "Riglyne vir die etiek in die Drie Formuliere van Eenheid," in *Waar die paaie saamwoon,* opgedra aan P W Buys, Potchefstroom: Teologiese Publikasies, 131-145; en "John Calvin and the Belgic Confession," *In die Skriflig* 1983/4, 501-517.

9 In sy epogmakende bydrae getitel "Vragen rondom die belijdenis" behandel Berkouwer byvoorbeeld temas soos die waarheid, die geldigheid en die betekenis van die belydenis, en in verband daarmee dan hulle Skriftuurlike karakter, hulle menslike aard, die sogenaamde onderskeid tussen inhoud en vorm, en die vraag wat trou aan die belydenis werklik beteken G.C. Berkouwer, 1963. Vragen rondom die belijdenis, *GTT* 63, 1-41.

10 Venter, A. J. *Kerk en belydenis,* Potchefstroom: Die Evangelis, s.j. Venter sluit ook direk aan by die artikel en die formuleringe van Berkouwer.

11 W.D. Jonker, *Bevrydende Waarheid. Die Karakter van die Gereformeerde Belydenis,* Wellington,

3. TEOLOGIESE INHOUD, WIRKUNGSGESCHICHTE EN BLYWENDE RELEVANSIE

In die derde plek beteken dit dat belydenisskrifte roep om *Wirkungsgeschichte*, lewende tradisie, 'n dinamiese geskiedenis van resepsie, uitleg, toeëiening en uitlewing. Trou aan die tradisie bestaan nie daarin dat formulerings bloot herhaal word nie. Erken van gesag bestaan nie in blinde weiering om verder te worstel oor hedendaagse uitdagings nie. Lojaliteit vra juis voortgaande Skrifondersoek, teologiese arbeid, soeke saam met die heiliges om die waarheid steeds beter te ken.

Wat die *Nederlandse Geloofsbelydenis* betref word dié noodsaak aan voortdurende kritiese omgang met die destydse voorveronderstellings, heersende lewensbeskouinge, stand van eksegetiese en teologiese kennis en beskikbare konseptuele raamwerke byvoorbeeld goed geïllustreer aan die hand van artikel 36 se opvattinge oor staat en kerk. Die relevansie vandag kan nie bloot daarin bestaan dat ons blindelings herhaal en aanvaar alles wat daarin staan nie. Egte trou vra ook om kritiese omgang met die tradisie self en met herkenning van toevallighede wat nie wesenlik tot die tradisie self behoort nie.[12]

Hugenote-Uitgewers, 1994. Hy bespreek die drie sogenaamde Formuliere van Eenheid, te wete die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* die *Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtse Leerreëls,* en in 'n laaste hoofstuk oor Gereformeerde belydenis vandag situeer hy *Barmen* en *Belhar* binne wat hy beskryf as 'n hedendaagse belydenisbeweging. As hy die *Nederlandse Geloofsbelydenis* se swaartepunte bespreek, behandel hy agtereenvolgens die leer van die Heilige Skrif, die oud-kerklike dogma wat gehandhaaf word, die radikale verdorwenheid wat geleer word, die weg van verlossing wat beskryf word, die kerklike en geloofspraktyke wat daaruit afgelei word, die ekklesiologie en sakramentologie wat daaruit volg (en hy bestee veel aandag aan die siening van die kerk), asook die sieninge van kerk en staat en die laaste oordeel wat gehuldig word, 55-91.

12 Oor Artikel 36 se aktuele belang is byvoorbeeld so onlangs as 2010 'n doktorale proefskrif by Potchefstroom geskryf, sien D.F. Muller, *Die roeping van Suid-Afrikaanse owerhede binne 'n grondwetlike demokrasie in die lig van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis,* Potchefstroom, November 2010, volledig beskikbaaar op die internet, by http://dspace.nwu.ac.za/handle/10394/4395. Oor dieselfde tema, byvoorbeeld ook D.C.S. van der Merwe, 'Die verandering van artikel 36 van die NGB in Nederland in 1905: progressie of regressie?,' *In die Skriflig* 3 (11), 1969, 1-64; J.M. Vorster, 'Godsdiensvryheid in 'n toekomstige Suid-Afrika in die lig van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis', *In die Skriflig* 27 (3), 1993, 307-321; C.F.C. Coetzee, 'Godsdiensvryheid in die lig van artikel 36 NGB', *NGTT* 47 (1&2), 2006, 143-157; P. Fourie, 'Godsdiensvryheid in die ban van NGB Art 36 – seën of vloek?', *NGTT* 47 (1&2), 2006, 158-172. Geleerdes het al meermale aangetoon hoe filosofiese en politieke gedagtes geskoei op Artikel 36 bygedra het tot die fundering van apartheid, deur religieuse begronding te bied vir die selfverstaan van 'n sogenaamde Christelik-nasionale regering en die eksklusiewe en onderdrukkende ideologie en beleid wat daaruit gevloei het. Só was daar later ook, in die vroeë 1980s, 'n dramatiese oomblik toe 193 predikante van die drie wit Afrikaans-sprekende Gereformeerde kerke 'n publieke getuienis gepubliseer het waarin hulle die destydse nuwe konsep grondwet verwerp het, met die argument, gebaseer op Artikel 36, dat hulle as Christene nie politieke mag kan deel met bevolkingsgroepe (volkere of rasse) wat potensieel mense kon insluit wat nie gelowiges is nie. Die destydse insluiting, al was dit in twee afsonderlike, eie huise van die parlement, van mense wat onderskeidelik as Kleurling en Indiër geklassifiseer was in terme van die apartheidswetgewing, was gevolglik vir hulle in stryd met hulle geloof en belydenis: 'Ons bely saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 36 dat die staat 'n verantwoordelikheid het om sorg te dra dat die grondslae van die Christelike samelewing nie ondermyn word nie. Dit maak magsdeling met groepe wat die Bybelse grondwaardes verwerp, prinsipieel onmoontlik.' In die kritiek op dié soort argument is egter eweneens van Artikel 36 gebruik gemaak. Vir kritiese reaksies teen dié soort gebruik van Artikel 36, sien byvoorbeeld W.D. Jonker, "Die koningskap van Christus en die staat in 'n godsdienstig-pluralistiese land," *Scriptura* 12, 1984, 1-16; asook W.P. Esterhuyse, "Respons op "Die koningskap van Christus en die staat in 'n godsdienstig-pluralistiese land'," *Scriptura* 12, 1984, 16-19. Die konflik oor apartheid was dus reeds ook in dié baie spesifieke sin 'n konflik tussen twee uitleg-geskiedenisse van die *Nederlandse*

Die saak van die blywende relevansie van 'n tradisie is egter ingewikkelder. Volgens 'n bekende opvatting is daar ten diepste net enkele dwaalleringe wat deur die eeue telkens weer in verskillende gedaantes herhaal – byvoorbeeld gnostiese motiewe. In die mate dat dit waar sou wees, is 'n eerste vraag rondom die blywende relevansie van belydenisskrifte dus een van onderskeidingsvermoë, primêr een van herkenning. Herken ons nog in ons tyd en in nuwe gedaantes dieselfde versoekinge waarteen die belydenisse destyds verwoord is? Herken ons nuwe woordvoerders en gemeenskappe waarin dieselfde verleidinge teenswoordig beliggaam word – en is ons steeds bereid om hulle teen te staan, dalk op nuwe maniere, miskien helderder uitgespel as destyds (soos wat die *Dordtse Leerreëls* nodig geag is om standpunte reeds in die *Nederlandse Geloofsbelydenis* ingeneem nóg duideliker te bely?). In Suid-Afrika was daar telkens oomblikke waarin posisies en praktyke op dié manier in die naam van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* krities gekonfronteer is.[13]

In beginsel is dit boonop moontlik dat daar wél nuwe uitdagings kan ontstaan, nuwe dwaalleringe, wat die evangelie verkondig op wyses wat deur ander as in stryd met die Woord geag word. Die tradisie ken so 'n oomblik as *status confessionis*, waarin nie die inhoud van bestaande belydenisse op die spel is nie, maar die evangelie self – en die geloofwaardige verkondiging of uitlewing daarvan. As Gereformeerdes in sulke oomblikke oordeel dat hulle op die mond geslaan is en nuut moet bely, is dit geen mosie van wantroue in bestaande belydenisskrifte, asof dié nie meer geldend en relevant sou wees nie, maar bloot die erkenning dat in 'n lewende tradisie alles nooit finaal uitgespreek kan word nie.[14]

Die saak is egter nóg ingewikkelder, omdat daar nóg moontlikhede bestaan. Dis immers ook denkbaar dat gelowiges tot die oortuiging kan kom dat hulle juis wat die grondmotiewe van die belydenis betref dit nie langer meer eens is met hul eie tradisie nie. Dis moontlik dat hulle op grond van nuwe insigte en oortuigings verplig voel om innerlik afskeid te neem van die diepste grondslae van die tradisie self.

Daarmee word 'n laaste moontlikheid egter duidelik – en die saak selfs nóg meer dramaties. Dis immers ook moontlik dat ons met ons hedendaagse insigte en oortuigings kan dwaal – en ten ónregte kan oordeel dat die tradisie verkeerd is. Dis immers voorstelbaar dat ons onsself – ten

---

Geloofsbelydenis. Die merkwaardige aan die verhaal was immers dat swart Gereformeerde gelowiges nie hulle rug op die tradisie en die belydenisse gekeer het omdat dié benut was om hulle uit te sluit en te onderdruk nie, maar omgekeerd hulle juis óp die tradisie beroep het teen (hierdie uitleg van) die tradisie. Hulle het die Gereformeerde tradisie, insluitende die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* toegeëien as hulle eie.

13 Verskeie bekende Suid-Afrikaanse Gereformeerde teoloë het meermale oor belydenisskrifte en die Gereformeerde belydenistradisie nagedink en geskryf, ook in werke wat dikwels op kritiese tye 'n verskil sou maak, sien byvoorbeeld J.J.F. Durand, "'n Belydenis – was dit werklik nodig?," en "Belhar – Krisispunt vir die NG Kerke," albei in G.D. Cloete & D.J. Smit (reds.), *'n Oomblik van waarheid,* Kaapstad, Tafelberg, 1984, 39-48, 123-134; A.A. Boesak, *Black and Reformed. Apartheid, liberation and the Calvinist tradition,* Maryknoll, Orbis, 1984; G.D. Cloete, "Galatians 2:15-21 and the Belhar Confession (1986) in dialogue," in *Living Theology,* eds. L.D. Hansen, N.N. Koopman & R. Vosloo, Wellington, Bible Media, 2011, 277-291; H.R. Botman, "Gereformeerdheid en die Belydenis van Belhar?'," *Vraagtekens oor Gereformeerdheid?,* red. W.A. Boesak & P.J.A Fourie, Belhar, LUS, 1998, 94-11; R.S. Tshaka, "Confessional theology as belligerently public theology – How confessional theology relates to notions of Africanness and Reformedness," in *Living Theology,* eds. L.D. Hansen, N.N. Koopman & R. Vosloo, Wellington, Bible Media, 2011, 292-304.

14 Sien hieroor byvoorbeeld D.J. Smit, "A *status confessionis* in South Africa?", *JTSA* 1984/47, 21-46, asook die gesaghebbende studies van U. Möller, "Status confessionis? Confessing our faith in the context of economic injustice," *Reformed World,* 1996, 46/3, 138-144; asook in sy vroeëre omvangryke studie *Im Prozeß des Bekennens.* Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, 1999, wat almal goed bekend is in Suid-Afrikaanse kringe.

onregte – skaar aan die kant van dié teen wie die belydenis destyds uitgespreek is. Om dié rede pas 'n self-kritiese gesindheid ons – presies op dié punte waar ons meen om van die belydenis se teologiese inhoud te verskil en afstand te neem. In sulke situasies is die ingewikkelde vereiste dat ons teen ons eie sekerhede in sal bly huiwer om tóg eers te vra of daar nie dalk wysheid van oordeel in die tradisie verskuil lê wat ons tans nog nie insien, maar wat ons dalk moet waak om nie te maklik prys te gee nie.

Kortom, die vrae van trou aan belydenisskrifte en hul blywende relevansie is kompleks. Om saam te vat, wat leer Skrif en teologie ons vandag, wat weet óns, dalk béter? Wat is daar in die *Nederlandse Geloofsbelydenis* aan historiese toevallighede, aan destydse veronderstellings wat ons nie meer só deel nie? Watter gedaantes neem die dwaalleer wat daar afgewys word in ons dag aan, teen welke hedendaagse misleiding wil die *Nederlandse Geloofsbelydenis* se grondmotiewe ons dalk waarsku? Herken ons hulle, kan ons hulle ontmasker? Is dit dalk nodig dat ons oor sommige van hulle méér sal sê, duideliker sal praat? Of is daar vandag nuwe versoekinge, gestaltes waarin die evangelie ten onregte verkondig word, wat vra om nuut te bely? Is ons dalk op punte oortuig dat die *Nederlandse Geloofsbelydenis* eintlik dwaal en dat ánder religieuse sieninge en strominge gelyk het, sodat ons ter wille van eerlikheid dit liewer openlik moet erken? Of behoort ons self-krities te vra of die *Nederlandse Geloofsbelydenis* nie tóg dalk iets sien wat ons tans nog nie begryp nie, aangesien dit óns insigte mag wees wat te kort skiet?

Dis alles te illustreer aan die hand van die *Nederlandse Geloofsbelydenis*. Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* volg volgens Jonker die sogenaamde teologiese struktuur, die volgorde van God (artikels 1-11), Vader (12-17), Seun (18-21) en Heilige Gees (22-37). Veralgemenend (en met risiko van oor-vereenvoudiging) verwoord die eerste twee dele oor God die Vader asook die derde deel oor God die Seun redelik tradisionele leringe (alhoewel op talle punte destyds ook omstrede, was dit meesal nie die werklik kerk-verdelende faktore nie), en is die vierde deel oor die Gees die deel met die mees omstrede teologiese en die destyds verdelende beslissings. Anders gestel, die retoriese strategie was breedweg om die owerstes te oortuig van hulle trou aan die algemene Christelike leer (grootliks dele een tot drie) en hulle te onderskei van die Anabaptiste (grotendeels deel vier).[15]

Met die struktuur van die *Belydenis* van agter beskou, roep dit reeds vele vrae op oor die implikasies van die teologiese inhoud van die *Belydenis* in Suid-Afrikaanse kerklike en spesifiek Gereformeerde kringe vandag. Hoe staan ons (byvoorbeeld) vandag wat betref die *Nederlandse Geloofsbelydenis* se sieninge van die werklike teenwoordigheid van Christus in die sakramente en van die kerk; van die heil in Christus; van ons totale verdorwenheid, Gods voorsienigheid en dubbele Godskennis; van die Triniteit? Elk van dié temas is vandag hoogs omstrede en die kritiese vraag is in welke mate die *Nederlandse Geloofsbelydenis* bydra om ons denke en geloof hier plaaslik te help oriënteer, of nie.

---

15 Hierdie retoriese bedoelinge en strategie word byvoorbeeld duidelik uitgespel in die aangrypende begeleidende brief, gerig aan Koning Philips II van Spanje; vir die oorspronklike tekste daarvan, sien Bakhuizen van den Brink, *De Nederlandse Belijdenisschriften*, 62-69. Dit begin by voorbaat al direk met woorde wat duidelik dié soort strekking dra: "Door middel van deze brief willen wij U op de hoogte stellen van het lijden van Uw volk. Graag hadden wij ons persoonlijk bij U verdedigd tegen de beschuldigingen die men tegen ons inbrengt. Onze vijanden hebben echter zoveel valse aanklachten bij U ingediend, dat wij de kans niet krijgen voor U te verschijnen om onze zaak te bepleiten. Wij worden zelfs verbannen, vermoord en verbrand. Nergens zijn we veilig. Daarom vragen wij U of U naar onze klachten wilt luisteren."

4. TEN SLOTTE: TEOLOGIESE INHOUD AS BEVRYDENDE WAARHEID

In dié lig is dit tog merkwaardig dat en hoe die teologiese inhoud van belydenisskrifte op 'n dag êrens vir gelowiges in dié tradisies opnuut soveel betekenis kan kry dat hulle dit inderdaad as "bevrydende waarheid" belewe. Dit het met die *Nederlandse Geloofsbelydenis* gebeur tydens die ontstaan van die *Belydenis van Belhar* (1982/1986).[16] Op vele maniere kan die sleutel rol van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* in dié geskiedenis aangetoon word.[17]

Dit word *eerstens* duidelik uit die wyse waarop die *Nederlandse Geloofsbelydenis* die *daad* van belydenis direk geïnspireer het – byvoorbeeld in die self-verstaan van die 1982-Sinode oor wat hulle aan die doen was,[18] in die beslissende rol van 1 Petrus 3:15-16 sowel in die *Nederlandse Geloofsbelydenis* as in die Sinode se besluite,[19] asook in die feit, die styl en die strekking van die

---

16 Vir die geskiedenis en die inhoud van die *Belydenis van Belhar,* sien byvoorbeeld ook, benewens Cloete & Smit, J.G. Botha & P.J. Naudé, *Goeie nuus om te bely,* Wellington, Bybel-Media, 2010 (English translation, *Good news to confess,* Wellington, Bible Media, 2010); Botha & Naudé, *Op weg met Belhar. Goeie nuus vir gister, vandag en môre,* Pretoria, Van Schaik, 1998; and P.J. Naudé, *Neither Calendar nor Clock. Perspectives on the Belhar Confession,* Grand Rapids, Wm. B. Eerdmans, 2010.

17 Sien byvoorbeeld die Belgiese publikasie *De Belijdenis van Belhar en haar betekenis voor ons,* Informatie- en bezinningsmateriaal voor de kerken van de Verenigde Protestantse Kerk in België (ook in Frans), 2000. Uiteraard was dit nie die enigste invloed agter die *Belydenis van Belhar* nie. Verskeie ander trajekte en tradisies kan natuurlik ook onderskei en meer uitvoerig aangedui word. So is daar onder andere byvoorbeeld ook die invloed van die gebeure rondom die *Teologiese Verklaring van Barmen;* sien daarvoor onder andere N.J. Horn, 'From Barmen to Belhar and Kairos', *On reading Karl Barth in South Africa,* ed. C. Villa-Vicencio, Grand Rapids, Wm. B. Eerdmans, 1988, 105-120; asook D.J. Smit, 'Barmen and Belhar in conversation – A South African perspective', *NGTT* 47, 1&2, 291-302. Vir die invloed van Karl Barth, sien byvoorbeeld P.J. Naudé, *Neither Calendar nor Clock,* 77-103. Vir die belangrike invloed van ontwikkelinge binne die geledere van die destydse beweging binne die Gereformeerde kerke bekend as die Belydende Kring, sien byvoorbeeld J.N.J. (Klippies) Kritzinger, 'Celebrating communal authorship: the Theological Declaration of the Belydende Kring (1979) and the Belhar Confession', *Studia Historiae Ecclesiasticae* Vol 36, Supplement, July 2010, internet http://uir.unisa.ac.za/handle/10500/4600. Ook verskeie ander invloede kan egter onderskei en aangetoon word.

18 In die periode direk ná die aanvaarding van die konsep belydenis van Belhar in 1982 is dié konsep in uitvoering van die besluit oraloor in die destydse NGSK bespreek, in gemeentes en ringe. Tydens dié geleenthede het prof. Gustav Bam, die dosent in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland wat as amptelike adviseur die oorspronklike suggestie in die Sinode gelaat het dat méér dalk nodig was as slegs die verklaring van 'n *status confessionis,* dikwels in gemeentes gepreek aan die hand van 1 Pet 3:15-17. Een weergawe van dié preke, met die tema "Gereed om 'n antwoord te gee" is gepubliseer in die amptelike versameling van preke oor *Belhar* wat deur die Sinode gepubliseer en versprei is, bekend as *Eenheid, Versoening, Geregtigheid. Preke rondom die Belydenis van Belhar,* Belhar, LUS, Sinodale Kommissie vir Publikasie en Kommunikasie van die NGSK, 1988, 15-19.

The root problem in Kuyper's ecclesiology lies in his use of the terms common and particular grace. Calvin did not employ the notions of common grace and particular grace in a mutually exclusive way. He rather viewed common grace as an important introduction to God's particular grace. Kuyper, however, utilizes the notion of common grace to develop a comprehensive doctrine on culture. He gives an independent content to the realm of common grace and casts it off from the realm of particular grace. But can common grace function independently and separately from particular grace? Kuyper's exclusion of the institutional church from the sphere of God's common grace is, in my view, an impediment to a truly Christian view on society. He addresses the vacuum that the Church's absence leaves in society by proposing that Christian organizations represent the Christian community in public life. However, this notion could result in precisely the opposite effect of what Kuyper desires. Kuyper wants to preserve the spiritual nature of the church, but experience teaches us that Christian parties often tend to use churches for their political efforts to attain power, while clerics inevitably become involved in or are associated with such parties. Stated differently: the danger in relying on Christian political parties to represent Christianity in the public realm lies in the fact that a church can become an extension of a political party or a political party an extension of a church. In my view, it is far more desirable that the Church speaks in a churchly manner as Church in the name of the Church. The question is of course: How should we then define the terms 'ecclesiastical affairs in an ecclesiastical manner'?

Theologically and biblically speaking the church ought to be regarded as a visible sign and instrument of God's kingdom on earth. The Gospels not only describe the coming of the kingdom as the central message in Jesus' preaching, but also relates the purpose of the *ecclesia* directly to the kingdom of God (cf Mark 1:15,Mat 16:18-19). The term kingdom (βασιλεία) is a dynamic expression that refers to God's reign, kingship and absolute dominion over all things and denotes the fact, terrain and manner of God's reign (cf Van der Walt, 1969:99, Louw & Nida 1989:16, 478). Its significance for social ethics and ecclesiology lies therein that it relates God's reign to the whole of creation, all spheres of human life, to the world and history.

The Kingdom of God penetrates the world through the coming of Christ. Christ establishes God's βασιλεία on earth through his victory over sin. The Kingdom of God is therefore a present

reality. The gospels talk about the Kingdom as being 'at hand' (Mk 1:15) and 'among you (Lk 17:21). However, the βασιλεία is also a future reality in the sense that God's kingdom will only be fully established at the end of times (Lk 13:29, Mt 8:11). The church is not the kingdom of God, but anticipates the kingdom of God by reminding the political order of its provisional nature in contrast to the ultimacy of God's eschatological future (Pannenberg, 1977:101). Barth (1935:21) rightly states that the existence of the state is not separate from the kingdom of Jesus Christ. Its foundations and its influence are not autonomous. It is outside the church, but not outside the range of Christ's dominion. Christians therefore have the continuous calling to critically assess human structures and to renew them. This does not mean that Christians can expect the state or civil society to gradually become the kingdom of God. The task of the church is rather to anticipate the kingdom of God (cf Pannenberg, 1977:37, Barth 1935:31). Colossians 2:15 relates Christ's reign directly to the disarming (ἀπεκδσάμεος) of the powers and authorities (τάς ἄρχας καί τάς ἔξουσίας) of this world and to make a public spectacle of them (Col 2:15). The τάς ἄρχας καί τάς ἔξουσίας refer to the powers that reign the world and bind the souls of men, such as the powers of unbelief, injustice, suppression of the poor, materialism, selfishness, discrimination etc (Ridderbos, 1979:5). The sanctifying role of the Church in the world therefore includes obeying the will of God and disarming the oppressive powers of this world by using the keys of the Kingdom, namely preaching the Word of God.

Applied to art 30 CO we can state that 'ecclesiastical affairs' ought to refer to all religious-ethical, social-ethical and spiritual issues that are relevant to the principles of the kingdom of God namely justice, freedom, reconciliation, love, peace and joy (Cf Mt 22:37-39, Rom 14:17, 2 Cor 5:18-20, Rom 13, Col 1:20). The church's task is not limited to the community of the faithful, but it has a prophetic task towards all spheres and institutions of life, because all spheres of life fall under the reign of God. This, however, does not mean that the church has the right to rule or control other spheres of life. This is where the term 'ecclesiastical manner' is applicable.

The term 'ecclesiastical manner' ought to refer, in my view, to the fact that the power of the church is spiritual in nature and not coercive. The central task of the Church is to proclaim the Word of God and to apply the principles of God's Word within a certain context. It uses the typical biblical and Christian discourses of preaching (κήρυγμα), proclamation (κηρυσσω), confession (ὁμολογεω) and witness (μαρτυρια); and refrains from violence, activism, lobbying, the mustering of power and civil disobedience. Though civil society might be entitled to use activism, lobbying or strikes to resist power abuse, the church in its institutional organized form cannot engage in such activities because these methods do not pass the test of handling issues in an 'ecclesiastical manner'. Of course the ecclesiastical discourses of proclamation, witness and confession do not always need to be dogmatic or theological in nature. At times, the church will have to translate Christian values into practical or secular language to make an effective contribution to a public debate.

The terms 'ecclesiastical matters' and 'ecclesiastical manner', should inform each other. A matter that cannot be dealt with in an 'ecclesiastical manner' is probably from the outset not an 'ecclesiastical matter'. For instance, the fact that the typical ecclesiastical discourses of preaching, witness, proclamation and confession are not at stake in public debates about issues such as the development of sport infrastructure, practical methods of crime prevention, town planning, naming streets or in scientific debates about the interpretation of empirical data, is an indication that these issues fall outside the church's domain of influence. A further caveat needs to be considered. An issue could be ethical in nature, but the church could lack the competence and knowledge to comment on the issue. In such cases, the church's inability to employ ecclesiastical forms of discourse effectively and authoritatively, is an indication that the issue should, for the time being, not be dealt with as an 'ecclesiastical matter'.

5. CONCLUSION

The GKSA did not support the Apartheid policy officially and publicly. It rather evaded sensitive political issues by utilizing Kuyper and Neo-Calvinist philosophy's distinction between the church as institute and organism to provide the term 'ecclesiastical matters' in article 30 CO with a narrow content. To rectify this misuse of article 30 CO, this article proposes that the terms 'ecclesiastical matters in an ecclesiastical manner' should be understood from the perspective of the kingdom of God, because the church is an instrument of God's kingdom that anticipates the kingdom of God. All religious-ethical, social-ethical and spiritual issues that pertain to the principles of God's kingdom should be considered as 'ecclesiastical matters'. The term 'ecclesiastical manner' ought to refer to the spiritual power of the church and entails the discourses of proclamation, witness and confession.

BIBLIOGRAPHY

BARTH, K. 1935. *The word of God and the word of man.* Translated by Douglas Norton. London : Hockler & Stoughton.

BOUWMAN, H. 1970. *Gereformeerd Kerkrecht: het recht der kerken in de praktijk. Deel 1 & 2.* Kampen : Kok.

BUYS, P.W. 1970. Die ekklesiologiese onderskeiding Organisme en Instituut as antwoord op die problematiek van die Volkskerk: 'n historiese, prinsipiële en praktiese studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif-Th. D.)

CALVYN, J. 1992. *Institusie van die Christelike godsdiens* 1559. Boek 4. Vertaling deur H.W. Simpson. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

GEREFORMEERDE KERK IN ZUID-AFRIKA. 1916. De handelingen van de achttiende algemene synodale vergadering van de Gereformeerde Gemeenten in Zuid-Afrika. Pretoria : N. D. van der Reyden.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1942. Handelinge van die sewe en twintigste sinodale vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. Aliwal-Noord : Westelike Stem.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1984. Handeling van die vierde algemene sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike-Afrika. Potchefstroom : Administratiewe Buro.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Handelinge van die twee en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch : Herald

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1988. Handelinge van die drie en veertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Potch Herald.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1991. Handelinge van die vier en veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom. Potchefstroom : Potch Herald.

JANSEN, J. 1952. *Korte verklaring van de kerkorde der Gereformeerde Kerken.* Kampen : Kok.

KUYPER, A. 1870. Geworteld en gegrond: de kerk als organisme en instituut: intreerede uitgesproken in de Nieuwe Kerk te Amsterdam. Amsterdam : De Hoogh.

KUYPER, A. 1885. Ijzer en leem: rede ter inleiding op het gebed voor te enige Hoogeschool hier te lande, die op Gods Woord gegrond staat. Amsterdam : Kruyt.

KUYPER, A. 1909. *Encyclopedia der heilige Godgeleerdheid.* Deel III. Kampen : Kok.

KUYPER, A. 1932. *De Gemeene Gratie.* Deel II. Kampen : Kok.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A., *eds.* 1989. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains.* Vol. 1, 2. New-York : United Bible Societies.

MONSMA, M. 1967. *The new revised church order commentary: a brief explanation of the church order of the Christian Reformed Church.* Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

PANNENBERG, W. 1977. *Human nature, election and history.* Philadelphia : Westminster Press.

RIDDERBOS, H. N 1979. *Church, world, kingdom.* Potchefstroom : Instituut vir bevordering van Calvinisme.

SPOELSTRA, B. 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering. 'n Handboek by die kerkorde.* Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool.

STRAUSS, P.J. 1993. Op die tweesprong? Die Nederduitse Gereformeerde Kerk oor die tema "kerk en samelewing" in die *Kerkorde* en *Kerk en Samelewing* - 1990. Bloemfontein : UOVS.

STRAUSS, P. J. 1994. Kerklike sake, die kerk en die koninkryk van God. *In die Skriflig,* 28(4):581-592.

SYNODE VAN EMDEN. 1905 (1571). De acta der Emdensche Synode van 1571. (*In* Biesterveld, P. & Kuyper, H. H. *reds*. Kerkelijk handboekje bevattende de bepalingen der Nederlandsche synoden en andere stukken van beteekenis voor de regeering der kerken. Kampen : J. H. Bos. p. 35-60).

SYNODE VAN DORDT. 1905 (1578). De acta der Nationale Synode van Dordrecht 1578 met de Particuliere vragen. (*In* Biesterveld, P. & Kuyper, H. H. *reds*. Kerkelijk handboekje bevattende de bepalingen der Nederlandsche synoden en andere stukken van beteekenis voor de regeering der kerken. Kampen : J. H. Bos. p. 95-141).

SYNODE VAN MIDDELBURG. 1905 (1581). De kerkenordening van de Nationale Middelburgsche Synode 1581 met de Particuliere vragen, Visitasiereglement en Schoolordening. (*In* Biesterveld, P. & Kuyper, H. H. *reds*. Kerkelijk handboekje bevattende de bepalingen der Nederlandsche synoden en andere stukken van beteekenis voor de regeering der kerken. Kampen : J. H. Bos. p. 141-190).

SYNODE VAN DORDT. 1618/1619 (1905). De Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrect 1618, 1619. (*In* Biesterveld, P. & Kuyper, H. H. *reds*. Kerkelijk handboekje bevattende de bepalingen der Nederlandsche synoden en andere stukken van beteekenis voor de regeering der kerken. Kampen : J. H. Bos. p. 225-250).

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. *Die kerkorde. 'n Verklaring van die gereformeerde kerkorde.* Potchefstroom: PTP.

VAN DER WALT, T. 1969. Die voleinding van die koninkryk. (*In*: Du Toit, S., e.a. *Die koninkryk van God.* Potchefstroom : Potch Herald. p. 96-112.)

VAN WYK, J.H. 1991. Kerklike getuienis in 'n polities gepolariseerde samelewing. (*In:* Helberg, J.L. red. *Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika vandag.* Potchefstroom : PU vir CHO. p. 172-193).

VORSTER, J. M. 1988. Die roeping van die Gereformeerde kerke in die Suid-Afrikaanse politiek. *In die Skriflig,* 22(85):2-12.

VORSTER, J.M. 1993. Kuyper se ekklesiologie en die interpretasie van "kerklike sake" in artikel 30 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. *In die Skriflig,* 27(2):215-229, Junie.

VORSTER, J. M. 1997. *Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde kerkvernuwing in 'n post-moderne konteks.* Potchefstroom : PU vir CHO.

KEY WORDS
Article 30
Church Order
GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika)
Kuyper

Kontakbesonderhede:
Prof. Nico Vorster
Fakulteit Teologie
Posbus 20004
Molenstraat
Noordbrug
2522 POTCHEFSTROOM
Tel: 018 2991023
e-pos: nico.vorster@nwu.ac.za

Vosloo, RR
Universiteit Stellenbosch

Die resepsie van die Nederlandse Geloofsbelydenis in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die konfessionele neo-Calvinisme van die 1930's

ABSTRACT

The reception of the Belgic Confession in South Africa, with special reference to the confessional neo-Calvinism of the 1930's.

This article was first read at a symposium marking the 450 year celebration of the *Confessio Belgica* held at the Faculty of Theology of Stellenbosch University in November 2011. It reflects on a specific aspect of the reception of the *Confessio Belgica* (or *Nederlandse Geloofsbelydenis*) in South Africa, namely the way in which the *Confessio Belgica* was read and interpreted by Professor E.E. van Rooyen in the 1930s. Van Rooyen, who was professor of Old Testament and Apologetics at the Theological Seminary at Stellenbosch, can be viewed as a proponent of the so-called confessional neo-Calvinism that became stronger in certain circles in the 1930s. By attending to Van Rooyen's commentary on the *Confessio Belgica* (as published in the journal *Die Gereformeerde Vaandel* between 1933 and 1937), the article identifies and underlines the way in which "Modernism" functions as a type of "enemy construction" (*vyandsbeeld*) in Van Rooyen's writings, over against which Reformed or Calvinist identity is posited. In light of this exploration, the final part of the article briefly reflects on the question whether the discourse in South Africa today on Reformed Confessions in general, and on the *Confessio Belgica* in particular, can find a way between, on the one hand, the neglect of confessional particularity and, on the other hand, insular exclusivism.

1. INLEIDING

Toe die personeel van die kasteel in Doornik (Tournai) vroegoggend op die 2de November 1561 'n geheimsinnige pakkie met briewe en 'n geloofsbelydenis in die voorpoort gevind het, sou hulle kwalik kon raai watter verdere resepsie hierdie geloofsbelydenis in die jare en eeue daarna sou vind. Daar word algemeen aanvaar dat hierdie belydenis – wat as die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) of die *Confessio Belgica* bekendheid verwerf het – as 'n gemeenskaplike belydenis van gereformeerde gelowiges in die Nederlande ontwikkel het, met die Franse predikant Guido de Bres as outeur. De Bres wou met hierdie belydenis, soos blyk uit die begeleidende brief aan Koning Filips II, asook uit die die inhoud van die belydenis, duidelik maak dat die gereformeerdes nie rewolusionêre wederdopers is nie en dat hulle verlang om volgens die suiwer evangelie van Jesus Christus te lewe.

In hierdie kort artikel wil ek nie ingaan op die lewe van De Bres of die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die *Confessio Belgica* nie. Vir die wat meer hieroor wil lees, kan ek verwys na die mooi koffietafelboek oor Guido De Bres se lewe en belydenis wat onlangs in

Nederland gepubliseer is[1], asook na Nicolaas Gootjes se boek *The Belgic Confession: Its History and Sources* (wat in 2007 verskyn het). [2] Hierdie sake kry ook aandag in 'n interdissiplinêre werk van H. L. Bosman *et al* wat onder die titel *Die Nederlandse Geloofsbelydenis – Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik* in 1987 verskyn[3]. Ek gaan ook nie 'n breë oorsig gee oor die resepsie van die NGB sedert die eerste Franse publikasies daarvan in 1561 nie. In 'n hoofstuk in die genoemde koffietafelboek oor De Bres, met as opskrif "Helder geluid klinkt ver: De Nederlandse Geloofsbelydenis van lokaal tot globaal", word eweneens 'n nuttige oorsig oor ('n deel van) die resepsiegeskiedenis gegee, met verwysing na die neerslag van die dokument in verskillende tale en lande. Die hoofstuk meld dat daar in die 19de eeu in Suid-Afrika Nederlandse en Engelse uitgawes van die NGB verskyn het. Daar word verder verwys na die vertaling van die belydenisskrifte in Afrikaans wat in samehang met die Bybelvertaling en psalmberyming onderneem is, en in 1937 met die Psalmboek verskyn het.[4] Latere kerkboeke en handboeke vir erediensgebruik sou verdere vertalingsveranderings aanbring.

Hoewel hierdie artikel nie in detail op die resepsie geskiedenis van die NGB in Suid-Afrika wil ingaan nie ('n saak wat beslis om verdere navorsing vra), wil dit wel graag aandag vra vir een vorm wat die resepsiegeskiedenis van die NGB in die 1930s in Suid-Afrika aangeneem het, met spesifieke verwysing na die skrywes van Prof E. E. van Rooyen (wat Ou Testament en Apologetiek aan die Kweekskool op Stellenbosch doseer het) in die blad *Die Gereformeerde Vaandel*.[5]

2. KONFESSIONELE NEO-CALVINISME, *DIE GEREFORMEERDE VAANDEL*, EN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

Kort na die afsluiting van die bekende Du Plessis-saak deur die Kaapse Sinode in November 1932 verskyn daar 'n nuwe teologiese blad onder die titel *Die Gereformeerde Vaandel,* met drie van die vier professore van die Kweekskool op Stellenbosch op die redaksie, te wete professore E.E. Van Rooyen, D.G. Malan en D. Lategan. Dié blad groei uit *Die Ou Paaie,* 'n blad wat weer in

---

1 Braekman, Émile, De Boer, Erik (reds) 2011, *Guido de Bres, Zijn Leven, zijn belijden* (Utrecht: Kok).
2 Gootjes, N H 2007. *The Belgic Confession: Its History and Sources* (Grand Rapids: Baker Academic).
3 Bosman, H L *et al* 1987. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis – Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik* (Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika).
4 In die verband kan daar ook verwys word na 'n 'n artikel oor "Ons Belydenisskrifte" in die bundel *Koers in die Krisis,* uitgegee in 1935, waarin Ds. Daniël Erasmus melding maak van 'n ontwaking in die belangstelling ten opsigte van die kerklike belydenisskrifte, en dan noem hy dat daar verwag kan word "dat wannneer die Afrikaanse vertaling daarvan eenmaal uitgegee is, dit die ontwaakte belangstelling tot dieper ondersoek sal prikkel". Sien Stoker, H G en Potgieter, F J M (reds), *Koers in die Krisis I* (Stellenbosch: Pro Ecclesia Drukkery, 1935), 103.
5 'n Mens sou natuurlik ook na ander aspekte van die resepsie van die NGB in teologiese diskoers in Suid-Afrika kan verwys, soos byvoorbeeld ten opsigte van die belofte van die NGB vir kategetiese leerstof, of die manier waarop die NGB neerslag gevind in die teologiese werke van Johan Heyns en Willie Jonker. Sien in die verband: Botha, W 1972, *Die Nederlandse Geloofsbelydenis as Kategetiese Leerstof* (MTh tesis, Universiteit van Stellenbosch); Heyns, J A 1992, *Inleiding tot die Dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis* (Johannesburg: NG Kerkboekhandel); Jonker, W D 1994, *Bevrydende waarheid: Die karakter van die gereformeerde belydenis* (Wellington: Hugenote Uitgewers). Daar kan ook daarop gelet word dat Allan Boesak sy belangrike artikel "Black and Reformed: Contradiction or Challenge?" afsluit met 'n verwysing na die Nederlandse geloofsbelydenis, artikel 37: "The faithful and elect shall be crowned with glory and honour, and the Son of God will confess their names before God his Father and his elect angels; all tears shall be wiped from their eyes; *and their cause, which is now condemned by many judges and magistrates as heretical and impious, will then be known to be the cause of the Son of God".* Boesak, A A 1984, *Black and Reformed: Apartheid, Liberation and the Calvinist Tradition* (New York: Orbis), 99.

1926 as reaksie op Du Plessis se blad *Het Zoeklicht* begin is. Die ontstaan van *Die Gereformeerde Vaandel* is moontlik gemaak deur 'n groot skenking van Pieter de Waal Neethling, 'n lidmaat van die gemeente Stellenbosch, wat 10 000 pond ter beskikking van die trustees (Van Rooyen, Malan en Lategan) gestel het, met die doel "om 'n tydskrif uit te gee ter handhawing van die suiwere leer van ons Kerk, en ter voorligting van ons volk op teologiese en godsdienstige gebied".[6] Die blad het dan ook ten doel "(1) om die konfessionele standpunt van ons Kerk te handhaaf … (2) om op hierdie hegte fondament bestendig voort te bou … (3) om alle dwalinge te bestry".[7]

Dié blad kan binne die kader van die neo-Calvinistiese konfessionalisme geplaas word wat na die afloop van die Du Plessis-saak al hoe sterker na vore getree het.[8] Reeds in die eerste uitgawe blyk hierdie verbintenis tot 'n konfessionele (of dalk eerder konfessionalistiese) standpunt in 'n artikel van Van Rooyen oor "Die Belydenis en die Handhawing daarvan deur die suiwer Gereformeerde Kerke".[9] Van Rooyen verwys hierin na wat hy beskryf as die huidige ontwrigte en sorgwekkende tye en hoe dit saamhang met die naweë van die groot wêreldoorlog en die ekonomiese depressie, soveel so dat vele Westerse lande van die goudstandaard moes afstap. Maar, vervolg Van Rooyen, "wat nog veel erger en baie onheilspellender as die heersende depressie en die toenemende afstapping van die goudstandaard is, is die depressie en afstapping van die goudstandaard op die gebied van die waaragtige geloof en geestelike lewe by ons westerse volke". En die groot oorlog is vir Van Rooyen nie al rede hiervoor nie:

> Die groot oorlog het dit seker ook verskerp maar reeds lank tevore het die moderne ongeloof, toenemende godsdiensverslapping en wêreldsin die Protestantse kerke van die wêreld van ons tyd binnegedring in 'n verlammende depressie van die innerlike geloofslewe en afstapping van die goudstandaard van die Protestantse Belydenisse teweeg gebring. Selfs meer as een Geref. Kerk het daartoe gekom om groot offers aan die Molog van belydenisversaking te bring.[10]

Van Rooyen gee 'n spesifieke historiese interpretasie van die redes vir belydenisversaking en verwys in die proses na die "kille, koue Rasionalisme wat sy bevriesingsveroorsakende asem hoe langer hoe meer oor die kerklike en godsdienstige lewe van heel Europa geblaas het."[11] Vir Van

---

6 *Die Gereformeerde Vaandel,* Januarie 1933: 6.

7 *Die Gereformeerde Vaandel,* Januarie 1933: 6.

8 Sien hieroor Vosloo, R R, "Konfessionele neo-Calvinisme na die Du Plessis-saak". *NGTT* 51 (Supplementum), 2010: 275-288.

9 Kritiek teen die stigting van *Die Gereformeerde Vaandel* sou nie uitbly nie. In *Het Zoeklicht* van 15 November 1932, nog voor die eerste uitgawe van *Die Gereformeerde Vaandel,* reageer Du Plessis krities op die skenking van Neethling en meen hy oor die blad "dat dit die reinste fundamentalisme sal verkondig" (1932:323). Hy haal verder die verklaring aan wat die trustees van die blad jaarliks moet onderteken – 'n geloofsverklaring dat die drie Formuliere van Enigheid ooreenstem met God se Woord, sowel as die verdere verwerping van, onder meer, die Ewolusie-teorie en die beskouing dat Moses nie die outeur en skrywer van die Pentateug is nie (1932:324). Na die verskyning van die eerste uitgawe van *Die Gereformeerde Vaandel* lewer Du Plessis weer skerp kritiek in *Die Soeklig* (soos *Het Zoeklicht* sedert 1933 heet) op die swak wetenskaplike kwaliteit van die bydraes, met spesifieke verwysing na Van Rooyen se artikel (15 Februarie 1933:35-36). Hierdie aanval van Du Plessis op *Die Gereformeerde Vaandel* (of soos hy dit noem, "die nuwe Neethling-blad") roep in die daaropvolgende uitgawe, soos te verwagte, weer reaksie uit. Lategan reageer namens die redaksie en meen dat Du Plessis "onsimpatiek is teenoor alles wat Gereformeerd en Kalvinisties is. Vir hom beteken dit alles Dopperisme, en elke poging om liefde in te boesem vir die Gereformeerde waarhede in ons kosbare Belydenisskrifte vervat, is slegs 'n verdoppering van ons Kerk" (*Die Gereformeerde Vaandel,* Maart 1933:94).

10 *Die Gereformeerde Vaandel,* Januarie 1933:12.

11 In sy analise beskou Van Rooyen veral 1816 as 'n onheilspellende jaar – die jaar toe die Nederlandse

Rooyen is die Rasionalisme en die Franse Rewolusie hoofoorsake vir die feit dat die "kinderlike en heelhartige aanvaarding van die Heilige Skrif en die daarop gegronde Geref. Belydenis het al meer verdonker geraak" het. Die term "Modernisme" funksioneer in die konteks as 'n soort sambreelterm wat die bedreiginge vir die gesonde leer saamtrek. Hy skryf:

> Ons lewe in 'n tyd van hoogspanne en oormoedige modernisme in die hele beskaafte wêreld; 'n modernisme wat daarop uit is om die regsinnige leer te verwater en te bestry … Maar die Geref. Kerke moet die soet gefluit van daardie vroom getinte modernisme met moed en durf weerstaan.[12]

Ons sou kon sê dat die modernisme in die verband as 'n tipe gereformeerde vyandsbeeld funksioneer (teenoor "regsinnigheid" of "die Calvinisme").[13] Hoe dit ook al sy, Van Rooyen stel homself ten doel om die verbintenis tot die belydenisskrifte in *Die Gereformeerde Vaandel* te laat neerslag vind, en tussen Maart 1933 en November 1937 verskyn daar maandeliks – op enkele uitsonderings na – artikels oor die NGB onder die opskrif "Ons Belydenisskrifte". Dié artikels word later (in 1948) in boekvorm uitgegee.[14]

In Maart 1933 begin Van Rooyen se artikels oor die NGB bied myns insiens 'n belangrike venster op die neo-Calvinistiese konfessionalisme van die 1930s. In 'n gesprek oor die resepsie van die NGB in Suid-Afrika verdien dit dus die nodige aandag. Die deeglikheid waarmee van Rooyen sy bespreking van die NGB aanpak verdien vermelding. 'n Sekere taalgebruik val op (waarmee Du Plessis in die 1930s reeds 'n mate van geïrriteerdheid mee gehad het), asook 'n antitetiese houding teenoor die tydsgees. Deurgaans funksioneer die "modernisme" dus as vyandsbeeld en belydenishandhawing word as uiters noodsaaklik gesien om die nodige weerstand hierteen te bied. Ek lig hierdie gedagtes toe met enkele voorbeelde uit Van Rooyen se artikels oor die NGB.

In Maart 1933 begin Van Rooyen sy reeks oor die NGB – wat ten doel het "om in die kolomme van hierdie blad 'n beskeie poging te waag om meer lig te versprei oor ons Belydenisskrifte en indien moontlik, meer liefde tot hulle weer aan te kweek".[15] Die eerste afdeling handel oor die lewe van De Bres. Veral De Bres se beginselvastheid word beklemtoon, met verwysing byvoorbeeld na sy tyd in die tronk kort voor hy gehang is: "De Bres het die lyding daaraan verbonde met groot geduld en berusting verdra. Nooit het sy karakteradel met helderder glans

---

Hervormde Kerk die ondertekeningsformulier gewysig het. Hy wys voorts op die wysiging wat ook in Suid-Afrika aan die ondertekeningsformulier aangebring is (by die sinode van 1824), maar dat daar in 1837 weer "na die goudstandaard van Suiwer-Gereformeerde Belydenis en Belydenisondertekening teruggekeer is … Deur so die skip van die Nederd. Geref. Kerk van die rotse van leervryheid en ongeloof weg te stuur en in die diep waters van suiwer Gereformeerde leer en belydenisondertekening sy koers weer te gee, het ons vaders die Nederd. Geref. kerk 'n onteenseglike groot diens bewys" (*Die Gereformeerde Vaandel,* Januarie 1933:17).

12 *Die Gereformeerde Vaandel,* Januarie 1933:17.

13 Vir 'n interessante bespreking van vyandsbeelde in die gereformeerde geheue, sien die afdeling "Vijandsbeelden" in Harinck, G, Paul, H en Wallet, B (reds.), *Het Gereformeerde Geheugen* (Amsterdam: Uitgeverig Bert Bekker, 2009), 181-248. Naas die inleiding oor vyandsbeelde (deur George Harinck) is daar informatiewe lemmata oor "Rome" (John van Zuthem), "Franse Revolutie" (Beatrice de Graaf), "Schoolstrijd" (Roelof Bisschop), "Modernisme" (C.M. Van Driel) en "Communisme" (Wim Berkelaar).

14 Van Rooyen, E E 1948, *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* (Stellenbosch: Pro Ecclesia). In Mei 1938 begin Van Rooyen met 'n reeks oor die Tien Gebooie aan die hand van die Heidelbergse Kategismus. Dit word later ook in boekvorm gepubliseer. Sien Van Rooyen, E E, *Die Tien Gebooie: Populêre en prakties stigtelike verklaring vaan die hand van die Heidelbergse Kategismus* (Bloemfontein: Sondagskool Depot).

15 *Die Gereformeerde Vaandel,* Maart 1933:95.

geskitter as in daardie aaklige gevangenis nie".[16] Van Rooyen verwys na die bekende briewe wat hy uit die gevangenis geskryf het, "briewe waaruit daar onwrikbare beginselvastheid maar ook groot teerheid van hart deurstraal".[17] In sy slotopmerking maak Van Rooyen 'n toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks:

> Ons lewe in 'n tyd van toenemende beginselloosheid en papheid op godsdienstige en sedelike gebied ... ook in Suid-Afrika … By baie mense is die yster uit die bloed en die staal uit hulle wil weg … Mag dit God die Heer behaag om ooit in Suid-Afrika in hierdie ontwrigte tye, weer manne van die stempel van de Bres te vorm en in sy diens te gebruik.[18]

In April 1933 vervolg Van Rooyen sy reeks en gee hy 'n bondige oorsig oor die NGB, asook 'n nadere uiteensetting van Artikel 1. In die daaropvolgende maande bespreek Van Rooyen die NGB artikel vir artikel. 'n Sekere teologiese stellingname blyk duidelik en dit word veral weerspieël in Van Rooyen se slotopmerkings by elke artikel. Deurgaans word die gevaar van dwaling beklemtoon. Sy slotopmerking by die bespreking van artikel 12 (oor die skepping van alle dinge) is tekenend van hierdie aksent.

> Dwalinge was daar altyd en sal daar steeds in 'n wêreld van sonde wees. Sulke dwalinge moet deur die kerk steeds by die lig van die Heilige Skrif ondersoek en blootgelê word. En dan moet hulle, hoe skoonskynend hulle ook al mag wees, "vewerp en verfoei" en nie vertroetel word nie. So alleen kan die Kerk en die enkele Christenmens geestelike sterk en veerkragtig word en bly. Anders bly die dwaling op die kerklike lewe soos 'n bloedsuier sit, en verteer die kragte van die Kerk en Christendom gaandeweg.[19]

Deurgaans vorm, soos genoem, die Modernisme 'n tipe vyandsbeeld. As slotopmerking by die bespreking van Artikel 9 oor die Drie-eenheid skryf Van Rooyen byvoorbeeld: "Die Modernisme in sy konsekwente vorm loën hierdie waarheid op 'n plompe wyse; en waar dit die oorhand in die kerk kry word dit die dood in die pot vir so 'n kerk. Omdat die modernistiese loëning van die Drie-eenheid so 'n kerkgemeenskap in sy hartaar aantas. Wees op u hoede, geagte leser, vir die soet maar verraderlike gefluit van die Drie-eenheidsloëning van die modernisme."[20] En in die bespreking van artikel 29 oor die ware kerk, het hy dit soos volg oor die kerkvervalsing in Protestantse geledere:

> Dit is die kerke waarin die holle, heillose modernisme vaste voet en die oorhand gekry het. In daardie Kerke is die vervalsing nog erger as in die Roomse Kerk. Immers die Woord van God word eenvoudig weggekritiseer; aan die hoogheilige Persoon van Christus sy godheid ontsê, sy soendood weggedoesel, en die twee sakramente van alle ware betekenis ontdoen.

---

16 *Die Gereformeerde Vaandel,* Maart 1933:94.

17 *Die Gereformeerde Vaandel*, Maart 1933:94.

18 *Die Gereformeerde Vaandel,* Maart 1933,:97

19 *Die Gereformeerde Vaandel,* Junie 1934:173. Hierdie aksent kom telkens voor. In die bespreking van artikel 3 skryf Van Rooyen byvoorbeeld: "Nie die kortsigtige en dwaalsieke mens moet die Heilige Skrif kritiseer nie – maar die Skrif moet die mens kritiseer". En as slotopmerking by artikel 7, oor die volkomenheid van die Skrif, lees ons: "Die skuldige en blywende plig van elke ernstige Belyer is om die oppervlakkige en verderflike leringe van daardie geeste, of dwaalsieke mense steeds op die proef te stel: die leringe aan die hand van die Heilige Skrif te ondersoek en te toets, en as dit daarmee stry, dit dan van gansche harte te verwerp … So alleen sal hy bestand wees en bly teen die suigkrag van die tydsgees met al sy ongeloof, bygeloof, wêreldsin en akelige ongeregtigheid" (Desember 1933: 415).

20 *Die Gereformeerde Vaandel,* Februarie 1934:50.

Verskillende Kerke is reeds diep deur hierdie kwaad aangetas. Mag ons Ned. Geref. Kerk daarvoor bewaar bly.[21]

Deurgaans pleit Van Rooyen in sy bespreking dat die gelowiges nie moet slap wees te midde van die bedreiginge van die tyd nie. Die slotopmerking in die bespreking van die artikel oor die uitverkiesing is verteenwoordigend van hierdie aksent:

Dit is 'n tyd van groot oppervlakkigheid, waarin selfs baie christene as slappe riete deur allerlei winde van vreemde leer heen en weer gebuig word. Die gelowige en kinderlike aanvaarding van die uitverkiesingsleer, soos hierbo omskrywe, sal hulle lewensbootjie die regte koers deur die deindende bare en golwe laat hou."[22]

Die gereformeerde gelowige moet daarom "vashou" aan die belydenis om die onstuimige tydsgewrig te kan weerstaan.[23]

Om saam te vat: Van Rooyen gee 'n deeglike bespreking van die NGB, maar duidelik sien hy die tydsgewrig as onheilspellend, onstuimig, benard, oppervlakkig en sorgwekkend. Deurentyd is daar sprake van die gevaar van verslapping in die lig van die bedreiging van die modernisme en ander "ismes" (soos Rasionalisme en Kommunisme). Gereformeerdes moet hulle identiteit

---

21 *Die Gereformeerde Vaandel,* Junie 1936:173. Soortgelyke gedagtes kom dikwels voor. In die slotopmerking by die bespreking van Artikel 10 oor die godheid van Christus skryf Van Rooyen: "ons leef in 'n tyd van toenemende afval en ongeloof … Veral ook die leerstuk van die waaragtige Godheid van Christus word in die kringe van die ongelowige wysbegeerte en van die leë en luidrugtige modernisme op kerklike gebied aangeval, soms deur plompe loëning en dan weer deur listige verwatering daarvan" (April 1934:105). En in die artikel oor die nagmaal (artikel 35): "Dog die houding van besliste afwysing moet nie alleen teenoor Roomse misbruike ingeneem word nie. Dit moet stellig ook aan die dag gelê word met betrekking tot die slappe Nagmaalsopvatting van rasionaliste en moderniste in die geledere van die Protestantse kerk" (Augustus 1937, 239). In die bespreking van Artikel 36 word die bedreiging van die Kommunisme by die van die Rasionalisme en die Modernisme gevoeg: "Ons lewe tans in 'n tydsgewrig waarin die Kommunisme op nog baie erger en onheilspellender wyse die kop uitsteek. Die voorstanders van die Kommunisme van die sestiende eeuse Wederdopers het nog by hulle oproerigheid die geloof aan God vasgehou. Die hedendaagse Kommunisme wortel egter in 'n stryd-lustige ateïsme of godloënary" (September 1937:269).
22 *Die Gereformeerde Vaandel,* Oktober 1934:309. Op dieselfde bladsy as hierdie artikel verskyn daar ook 'n insetsel oor "Die Modernisme" wat onder meer na die "verderwende, afbrekende werk" van die Modernisme verwys. Dieselfde uitgawe bevat 'n artikel wat skerp afwysend is op Du Plessis se kritiek op die Vrystaatse kerk se verandering van die formulier vir die indiensneming van predikante (310-312).
23 Van Rooyen skryf byvoorbeeld na aanleiding van artikel 26 oor die middelaarskap van Christus: "Die Roomse kerk misken Christus se middelaarskap van voorbidding. Maar ons lewe in 'n tydgewrig waarin ook die Protestantse wêreld vele mense met die middelaarswerk van Christus in alle opsigte eenvoudig skoonskip maak. Unitariërs en allerlei slag van ander moderniste doen dit onomwonde. Sowel teenoor hulle loëning as teenoor die Roomse miskenning moet ons as Gereformeerdes 'vashou' aan die volle middelaarskap van Christus. Daarin lê die krag tot lewe en tot weerstand" (Januarie 1936:18). Na aanleiding van artikel 28 oor die ware kerk klink 'n soortgelyke gedagte: "Teenoor daardie ongelowige en eiegeregtige tydsgees moet die ware gereformeerde steeds stel 'n hartgrondige aanvaarding en kloeke belydenis van *al* die waarhede van die Christelike godsdiens. Só alleen sal hy instaat wees om die tydsgees die hoof te bied" (Maart 1936:90). En in die bespreking van artikel 32 oor die tug, skryf Van Rooyen in dieselfde trant: "Ons lewe in 'n by uitstek losbandige en tugtelose tydsgewrig … Mag die Here God aan alle ampsdraers in ons Kerk en ook ander Kerke veel krag en moed gee om steeds onbevreesd die snoeimes van gesonde tugoefening te hanteer en alle skadelike en krag-opswelgende waterlote uit die wingerd van ons kerklike lewe uit te knip" (Januarie 1937:20).

beskerm en selfs versigtig wees vir samewerking met ander kerke en liggame.[24] Van Rooyen se slotopmerking in die laaste artikel van die reeks oor die NGB trek 'n hele aantal grondmotiewe saam:

> Wat ons benarde tyd broodnodig het, is 'n ruim aantal mannen en vroue, 'standvastig, onbeweeglik, sterk' in die geloof en wel 'n geloof met 'n positief-Christelike inhoud, soos die Geloofsbelydenis tot ons spreek. Dan sal ons gewisselik nie soos slappe riete deur 'allerlei winde van onsuiwere leer' heen en weer gebuig word nie, of deur die soetgefluit en oppervlakkige gekeuwel van die hedendaagse sektewese van koers gebring word nie. Met so 'n geloof sal ons dan "rustig te midde van die golwe' kan bly.[25]

3. DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS VANDAG: ANDERKANT INTROVERTE GESLOTENHEID EN STRYDVAARDIGE EKSKLUSIWITEIT?

Van Rooyen se skrywes oor die NGB moet in die konteks van sy tyd beoordeel word. Nogtans kan genoem word dat dit duidelike trekke van die konfessionele neo-Calvinisme van die 1930s en daarna vertoon. Dit is verder moeilik om nie die nawerking van die Du Plessis-saak in talle van Van Rooyen se opmerkings oor die toepassing van die belydenis te lees nie (Van Rooyen was, soos genoem, 'n sterk teenstanders van Du Plessis). Ek dink Hennie Rossouw vat dit goed saam in 'n insiggewende praatjie oor "Die Du Plessis-saak" (gelewer by 'n byeenkoms van die Degenaar-besprekingsgroep op 2 Desember 2000 te Stellenbosch), wanneer hy die opmerking maak dat na die Du Plessis-saak "die gees ... van gekontroleerde intellektuele openheid teenoor buite-kerklike denke, en van akkommodering van verskillende binne-kerklike vertolkings, dit met verloop van tyd verloor het teen 'n meer doktrinêre, verabsoluterende en antitetiese gees van introverte geslotenheid en strydvaardige eksklusiwiteit".[26] In so 'n konteks funksioneer die verstaan van die belydenisskrifte dan maklik in diens van 'n "introverte geslotenheid" en 'n "strydvaardige

---

24 Van Rooyen is ook skepties teenoor samewerking met ander organisasies (elders in *Die Gereformeerde Vaandel* skryf hy skerp krities teen die CSV, en in die laatdertiger jare sou *Die Gereformeerde Vaandel* 'n kritiese houding inneem teenoor B. B. Keet se verstaan van die ekumene en die eenheid van die kerk). In die bespreking van die artikel oor die doop skryf Van Rooyen: "Ons lewe in 'n tydsgewrig waarin daar op kerklike gebied die groot en klinkende woord van *saamwerk, saamstaan* almeer verneem word. Daar word vroeg en laat aangedring op samewerking met met allerlei s.g. christelike liggame en stromine, maar waarvan die eg Protesantse karakter byna geheel en al verbleek het, ook op die punt van die instelling van die doop en sy betekenis ... Daarom moet ons die gehoor gee aan die geroep om samewerking met genoemde liggame en stromine baie versigtig wees, en steeds skerp toesien dat ons gereformeerde, gesond-skriftuurlike geloofs-standpunt nie verwater word of geweld aangedoen word nie" (139).

25 *Die Gereformeerde Vaandel,* November 1937:337.

26 Rossouw, H W, "Die Du Plessis-saak", 14. In hierdie (na my wete ongepubliseerde) praatjie wys Rossouw daarop dat daar ook in die politieke lewe in dieselfde dertigerjare met die opkomende Afrikaner volksbewussyn 'n nuwe oriëntering en klem gekom het. In die lig van hierdie hierdie verskuiwings op kerklike, teologiese en politieke gebied merk Rossouw teen die einde van sy praatjie op: "Die ontdekkende gees van grensoorskryding en inklusiwiteit, van uitreikende kommunikasie en kontak met die vreemde, van die uitskuif van horisonne en die ontgin van nuwe perspektiewe het, so lyk dit my, in die dertigerjare dus op meer as een terrein van die Afrikanerkultuur in die slag gebly" (15). Sien ook Kinghorn se opmerking dat die hantering van die Du Plessis-saak in die Ned. Geref. Kerk tot die ontstaan van 'n hermeneutiese vakuum aanleiding gegee het: "Ná die Du Plessis-saak was daar geen klimaat meer vir 'n sinvolle en kritiese ondersoek en debat oor sake van disputeerbare aard nie. Vir jare daarna sou agterdog heers oor enige poging om die hermeneutiese vraag voluit ernstig te behandel". Sien ook Kinghorn, J (red), *Die NG Kerk en Apartheid* (Johannesburg: MacMillan, 1986), 55-56.

eksklusiwiteit". In die gereformeerde kerke wat met wit Afrikaanssprekendes geassosieer word, het hierdie grondhouding dikwels met 'n onkritiese omhelsing van die opkomende Afrikaner nasionalisme en patriotisme saamgehang. In die nadenke oor die betekenis van die belydenskrifte vir vandag, moet hierdie spesifieke resepsiegeskiedenis – en die impak daarvan op die teologiegeskiedenis – myns insiens deeglik verreken word.

Ek sluit af met drie kort opmerkings na aanleiding van bogenoemde bespreking:

• Met die onlangse besluite van die Ned. Geref. Kerk oor die aanvaarding van die Belhar belydenis is die gesprek oor die belydenis van die kerk opnuut in die brandpunt. Dikwels word die pleidooi gehoor dat die gesprek oor Belhar saam met 'n gesprek oor die aard van gereformeerde belydenisskrifte, asook met 'n bestudering van die drie formuliere van eenheid, moet geskied. Dit is inderdaad 'n belangrike aksent. In die proses is dit wel belangrik dat daar gewaak moet word teen 'n oorspanne konfessionaliteit, soos wat ek meen dit in sekere gereformeerde kringe in die 1930s en daarna neerslag gevind het. Vandag lê ons uitdagings sekerlik anders, maar dit bly steeds noodsaaklik om 'n verantwoordelike weg te vind tussen – aan die een kant – konfessionalistiese engheid waarin die belydenisskrifte as 'n tipe sjibbolet vir teologiese (en politieke) konserwatisme funksioneer, én – aan die ander kant – 'n houding van konfessionele ongeërgdheid waarin die belydenisskrifte bloot antikwariese waarde het en geen wesenlike rol in die lewe van die kerk en die teologie speel nie.

• 'n Tweede opmerking: Met die lees van Van Rooyen se kommentaar op die NGB val die fokus op die gevaar van dwaling op, asook dat die belydenisskrifte help om dit te bestry. Hierdie fokus is uiteraard belangrik in die gesprek oor die belydenisskrifte. Maar dit is beslis 'n verskraling as die belydenisskrifte meestal gebruik word as "'n stok om mee te slaan" en nie as 'n "staf of mee te gaan nie" of as 'n "lied" nie. Die belydenisskrifte moet as spreekreël vir die prediking dien en ook die gemeente tot lofsang aanspoor.[27] Hiervoor is nie net herhaling van die tradisie nodig nie, maar ook wat mens 'n "tradisie-geïnformeerde kreatiwiteit" kan noem. Dit gaan oor die verbintenis aan die tradisie as 'n *lewende* tradisie.[28]

• Ten slotte: Eweneens moet daar 'n weg tussen geslote identiteitsdenke en identiteitsontkenning gesoek word. Hierdie weg dui in die rigting van identiteitsverruiming. Daar is die verleiding om die belydenisskrifte so te gebruik dat dit in diens van 'n eng identiteitsdenke staan. Die belydenisskrifte word dan gebruik om skerp grense tussen regsinniges en liberales (of watter etikette ook al gebruik word) te trek. In 'n tydsgees wat as bedreigend beleef word, word oorlewing op kerklike en teologiese gebied dan met 'n streng handhawing van die belydenisskrifte gelykgestel en word in die proses geen plek vir 'n kritiese hermeneutiek, 'n historiese bewussyn of 'n ekumeniese openheid gelaat nie. Die taal van oorlewing kan juis 'n weerspieëling van geslote identiteitsdenke wees en as motivering daarvoor dien. Hierteenoor moet onthou word dat Christelike kerke nie in die eerste plek geroep is om te oorleef nie, maar om in die lig van die bevrydende waarheid van die evangelie as versoende gemeenskappe te oorleef *in geregtigheid*. Dit beklemtoon, myns insiens, waarom die gesprek oor die teologiese

---

27 Vgl. Jonker, *Bevrydende waarheid*, 9, in aansluiting by Van Ruler en Noordmans.

28 Vir 'n bespreking wat die begrip "lewende tradisie" in gesprek bring met die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika, sien my artikel "Reforming Tradition? Remarks on Reformed Theology in South Africa, in Conversation with Alasdair MacIntyre". *Journal of Theology for Southern Africa* 139:18-31.

betekenis van die NGB in Suid-Afrika vandag nie van die gesprek oor die toe-eiening van die Belhar belydenis losgemaak kan word nie.

Kontakbesonderhede:
Prof RR Vosloo
Fakulteit Teologie
Privaatsak X1
7602 MATIELAND
Kant; 021 808 3256
Huis:021 880 0604
Sel: 072 341 3806
E-pos: rrvosloo@sun.ac.za